

UIT DIE GESKIEDENIS VAN DIE
NAAMGEWING AAN PLANTE EN
DIERE IN AFRIKAANS

deur

J. DU P. SCHOLTZ

A
439.362
SCH

**UIT DIE GESKIEDENIS VAN DIE
NAAMGEWING AAN PLANTE EN
DIERE IN AFRIKAANS**

deur

Dr. J. DU P. SCHOLTZ



NASIONALE PERS, BEPERK
Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth
1941

WOORD VOORAF

Die belangstelling in die geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat is tot hier toe hoofsaaklik op die vreemde elemente daarin gerig. In verband met die ondersoek na die ontstaan van Afrikaans is in die bekende werke van Proff. D. C. Hesseling, P. J. du Toit en D. B. Bosman 'n aansienlike aantal woorde van Franse, Duitse, Portugese, Maleise en Hottentotse of ander herkoms bespreek. Ná die verskyning van hierdie studies het veral Prof. J. L. M. Franken hom daarop toegelê om nog meer Portugese en Maleise relikte aan die Kaap aan die lig te bring. Prof. S. P. E. Boshoff was die eerste wat enigsins stelselmatig studie begin maak het van die „erfgoed” en „eiegoed” in die Afrikaanse woordeskat, hoewel die vraagstuk van ontlening uit 'n vreemde taal tog nog by hom ook op die voorgrond gestaan het.

Woorde van vreemde of onsekere oorsprong val altyd die eerste op en prikkel die nuuskierigheid, sodat dit — nog afgesien van die belang wat dié woorde vir die ontstaansprobleem van Afrikaans het — te verwagte was dat hulle eerste bestudeer sou word. Buitendien voer die Franse, Duitse, Portugese en Maleise woorde ons dadelik terug na die 17de en 18de eeu, hulle dateer as 't ware hulself, sodat dit dikwels nie nodig geag is om ou bewysplase te vind om hul plek in die ontwikkeling van die Afrikaanse woordeskat te bepaal nie. By die historiese studie van Afrikaans was dit 'n groot gerief, want die saak is juis dat ons so moeilik uit die bronne van voor die 19de eeu iets omtrent die geskiedenis van ons taal kan te wete kom.

By die behandeling van die „eiegoed” het Prof. Boshoff dus om begryplike redes nie histories te werk gegaan nie. Slegs by uitsondering gee hy 'n ou bewysplaaas aan vir die een of

ander van die talryke oorspronklik Afrikaanse woorde wat hy opnoem. By gebrek aan gegewens sal die ouderdom van die meeste van dié woorde ook wel nooit kan vasgestel word nie. Slegs wat een groep woorde betref, die name van Afrikaanse plante en diere, sou dit in 'n groot mate kon gedoen gewees het. Dit is dan die bedoeling van hierdie studie om die ontwikkeling te skets van die naamgewing aan Afrikaanse plante en diere en daardeur 'n bydrae te lewer tot die geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat.

Oorspronklik was dit nie my plan om naas die volksname ook die wetenskaplike name te gee nie, maar later het geblyk dat dit in baie gevalle onontbeerlik was, en toe is besluit om dit sover moontlik konsekwent te doen. Onmiddellik ná elke volksnaam volg tussen hakies eers die moderne wetenskaplike naam en daarna die bron waarin die volksnaam gevind is. Waar die moderne wetenskaplike naam nie kon vasgestel word nie en in die bron 'n ou wetenskaplike naam aangegee is, word tussen hakies ná die volksnaam eers die vindplaas gegee en dan die ou wetenskaplike naam van die bron.

Die moderne biologiese werke wat ek geraadpleeg het, is veral Stark en Sclater, *The Fauna of South Africa: Birds I—IV; Mammals I—II*; Shortridge, *The Mammals of South-West Africa I—II*; Gilchrist, *South African Zoology*; FitzSimons, *The Snakes of South Africa*; Gill, *A First Guide to South African Birds*; Marloth, *The Flora of South Africa I—IV*. Van baie nut was ook die talryke artikels oor plante en diere in Winkler Prins, *Algemeene Encyclopaedie* (5de druk).

Studies oor Afrikaanse plant- en diername wat ek met groot voordeel gebruik het, was veral die woordeboek van Marloth, *The Common Names of Plants*, en die artikel van Gilchrist, „History of the Local Names of Cape Fish,” in *Transactions of the South African Philosophical Society*, dl. XI., afl. 4. Ander werke wat ek met vrug geraadpleeg het, was o.m. 'n artikel van Muir, „Gewone Plantname in

die Distrik Riversdal," in *Die Huisgenoot* van 30 Aug. 1929, en in die algemeen die *Vakwoordeboek* van D. F. du Toit Malherbe.

'n Lys van Geraadpleegde Bronne word aan die end van die boek gegee.

J. DU P. SCHOLTZ.

Nuweland,

Julie 1940.

NASKRIF.—Toe die manuskrip van hierdie studie reeds persklaar was, het kort ná mekaar verskyn *The Birds of South Africa* deur Austin Roberts, 'n tweede druk van *A First Guide to South African Birds* deur Leonard Gill, en 'n artikel van Muir, „Afrikaans Bird-Names in Riversdale, C.P.," in *The Ostrich* van Okt. 1940. 'n Vroeër verskyning veral van Roberts se boek sou my werk baie vereenvoudig het. Hy gee betreklik min outentieke volksname, maar deur sy uitvoerige „Index of the Latin Names" sou die identifisering van die voëls my heelwat minder moeite gegee het.

INHOUD

HOOFSTUK I	I—28
<i>Inleiding</i> 1.— <i>Naamgewing deur Portugese Seevaarders</i> 3.— <i>Naamgewing deur Nederlandse Seevaarders</i> 7.— <i>Toepassing van Nederlandse Name aan die Kaap</i> 9.— <i>Oorgeërf, of hier Ontstaan?</i> 16.— <i>Koloniaal-Nederlandse Name</i> 23. — <i>Chronologiese Indeling van Name</i> 27.	
HOOFSTUK II	29—38
<i>Hottentotse Name</i> 29.— <i>Afrikaanse Plantname</i> 29.— <i>Afrikaanse Diername</i> 34.	
HOOFSTUK III	39—75
<i>Inleiding</i> 39.— <i>Name wat moontlik oorgeërf is</i> 40.— <i>Hottentotse en Ander Inboorlingname</i> 43.— <i>Afrikaanse Diername</i> 49.— <i>Afrikaanse Plantname</i> 64.	
HOOFSTUK IV	76—94
<i>Inleiding</i> 76.— <i>Hottentotse en Ander Inboorlingname</i> 78.— <i>Afrikaanse Diername</i> 79.— <i>Afrikaanse Plantname</i> 86.	
BESLUIT	95—105
LYS VAN GÉRAADPLEEGDE BRONNE ..	106—110
REGISTER VAN PLANT- EN DIERNAME	111—119

HOOFSTUK I

INLEIDING

Uit ou dagverhale, reis- en landbeskrywings en vroeë werke oor die natuurlike historie van ons land is heelwat gegewens te haal vir 'n geskiedenis van die naamgewing aan diere en plante in Afrikaans. Volledig sal so 'n geskiedenis uit die aard van die saak nooit kan wees nie. Die Kaap was wel reeds in die 17de eeu beroemd vir sy buitengewoon ryk plante- en dierelewe, en natuurliefhebbers het ywerig versamelings aangelê; tog is die Kaapse natuurlike historie eers in die tweede helfte van die 18de eeu enigszins omvattend bestudeer. Bowendien het natuurondersoekers nie altyd in die volksname van plante en diere belang gestel nie. Dit geld veral weer vir die 17de en die eerste gedeelte van die 18de eeu, sodat 'n mens bv. in die werke van botanici soos Breynius, die Commelins, Burmannus en Bergius heel weinig van belang aantref. In die laaste helfte van die 18de eeu het natuurondersoekers soos Thunberg, Sparman, Paterson en Le Vaillant gelukkig 'n groot aantal Afrikaanse plant- en diername opgeteken, en hulle voorbeeld is in die 19de eeu deur Lichtenstein, Burchell, Harvey, Smith e.a. nagevolg. Die volksname van die groter landdiere is meestal vroeg te boek gestel, soos trouens kan verwag word, maar die name van die kleiner diersoorte het blykbaar veel minder die aandag getrek en is slegs sporadies opgeteken. Om 'n voorbeeld te noem: in 'n groot verskeidenheid van geraadpleegde bronne is voor 1815 nie 'n enkele volksnaam van 'n Afrikaanse skilpad, en voor 1830 nie 'n enkele naam van 'n Afrikaanse padda aangetref nie. Ook die studie van die visse om ons kus is tot diep in die 19de eeu baie verwaarloos, en die oes van aangetekende volksname voor 1845 is betreklik skaars.

Die reis- en landbeskrywings van persone wat nie natuur-ondersoekers was nie, lewer selde veel interessants op. Die paar paragrawe of bladsye wat aan die flora en fauna gewy word, bevat meestal nie meer as lyste van heel bekende Nederlandse plant- en diername nie, veral versamelname soos KRAAI, SPREEU, JAKKALS, WOLF, met slegs hier en daar 'n uitvoeriger beskrywing van 'n besondere soort. Selfs Kolbe, wat aparte hoofstukke aan die onderwerp wy, en 'n andersins noukeurige waarnemer soos Mentzel, vermeld betreklik weinig belangwekkends. Ongepubliseerde argiefstukke sal wel nog onbekende gegewens bevat, maar die geringe resultaat wat die deurlees van bv. die vier dele *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd* van Godée Molsbergen, die *Dagverhaal* van Van Riebeeck en die joernale van latere Kaapse kommandeurs en goewerneurs (in Engelse vertaling gepubliseer deur Leibbrandt in sy *Précis of the Cape Archives*) opgelewer het, moedig nie juis tot 'n verdere ondersoek van dergelike bronne aan nie. Hoe dit sy, die gegewens wat uit al die bronne saam gehaal is, is tog van so 'n aard en omvang dat dit ons in staat stel om 'n taamlik duidelike beeld van die geskiedenis van die Afrikaanse naamgewing te ontwerp.

Vir iemand wat oor geen plant- en dierkundige vakkennis beskik nie, lewer die studie van die naamgewing heelwat moeilikheid op. Die beskrywing van plante en diere in die ou bronne — vir sover dit al gegee word — is dikwels so onvolledig dat dit selfs vir 'n vakman nie maklik sal wees om die betrokke dier of plant te herken nie. As die naam nie meer bestaan nie, of as — soos meermale voorkom — dieselfde naam aan verskillende plante of diere gegee is, is dit soms onmoontlik om vas te stel watter dier of plant 'n naam gekry het. Dikwels word wel wetenskaplike name gegee, maar vandag is dié byna altyd deur ander vervang; dit kos 'n nie-vakman dan baie tyd om noukeurig na te gaan hoe die betrokke dier of plant vandag in die wetenskap genoem word. Ook is dit vir 'n leek moeilik om te oordeel in hoeverre plante en diere uit 'n wetenskaplike oogpunt

misleidende volksname gekry het. Hy kan dit slegs deur moeitevolle raadpleging van die vakliteratuur agterkom, en dan selfs nie in alle gevalle nie. Uit 'n taalkundige oogpunt beskou is dit gelukkig nie so belangrik nie. Die dierkundige kan wel kla dat die berghaas of springhaas geen haas is nie, die erdvark geen vark, die landmol geen mol en die witkraai geen kraai nie; vir die taalkundige is dié sy van die vraagstuk nie van oorheersende betekenis nie. Tog sal later op die vernaamste en interessantste gevalle van misleidende naamgewing gewys word.

As dit uit die ou bronne kon vasgestel word wanneer en presies waar oral sekere volksname gebruik is — dink bv. aan die name BOOMSINGERTJIE, DORINGBESIE en SONBESIE vir 'n Afrikaanse sikade, en soveel meer —, sou 'n bydrae kon gelewer word tot die Afrikaanse dialekgeografie, met die studie waarvan nog nouliks 'n aanvang gemaak is. Ook hiervoor is die gegewens ongelukkig meestal te skraal en onseker, hoewel soveel moontlik op die geografiese verspreiding sal gelet word. Sommige plante en diere kom alleen in bepaalde streke voor; en as hulle nie om die een of ander rede algemeen bekend geword het nie, is ook hul name natuurlik slegs bekend in die gebiede waar hul tuishoort. Plante en diere wat alleen diep in die binneland of ver na die noorde of ooste aangetref word, kon vanselfsprekend eers betreklik laat Afrikaanse name gekry het. Ons moet egter onthou dat die verspreidingsgebied van baie plante en veral diere vandag glad anders is as sê 'n tweehonderd jaar gelede.

NAAMGEWING DEUR PORTUGESE SEEVAARDERS

'n Honderd jaar voor die eerste skipvaart van die Nederlanders na Oos-Indië het die Portugese gereeld om die Kaap na die Ooste en terug gevaar. Op die lang en gevaarlike reis was die verskyning van sekere voëls om hul skepe vir die Portugese dikwels die eerste welkom teken dat

hul die Kaap die Goeie Hoop nader. Die name wat hulle aan dié voëls gegee het, en aan ander om die kus, is later deur die Hollandse seevaarders oorgeneem, en ons tref hul dikwels in ou Nederlandse reis- en landbeskrywings aan. In die kompilasie van Hondius, *Klare Besgryving van Cabo de Bona Esperanca* (Ao. 1652), lees ons o.a. van *alcatracas, antenayas, faysons, garagians, gavoitoyns* en *mangas de velludo* as name van Kaapse seevoëls. Van hierdie name het alleen die laaste twee met sekerheid in Afrikaans bewaar gebly. R. van der Meulen het in die *Ts. voor Ndl. T. en L. XXXIX* (Ao. 1920), pp. 274-279, aangetoon dat die eerste gedeelte van *mangas de velludo* (lett. „moue van fluweel”) voortlewe in die bekende MALGAS, volksnaam van die *Morus capensis*, terwyl Prof. Franken in *Die Huisgenoot* van 7 Nov. 1930, p. 63, die naam GHAAIBOUT, wat nog onder Kaapse vissers vir 'n soort seevoël gehoor word, tot die Port. *gavota*, die *gavoitoyn* van hierbo, teruggevoer het. Prof. Franken meen ook dat die naam BASJAN vir die *Priocel-laria aequinoctialis* van die bogenoemde *fayson* (elders *faision, feyson*) moet afgelei word, hoewel daar verskeie besware, foneties sowel as semanties, teen die afleiding bestaan. Volgens die beskrywing in die ou reisverhale is die „fayson” onmiskenbaar die *Daption capensis* (nou SEEDUIF genoem), 'n voël wat in kleur baie opvallend van die basjan verskil.

Vermoedelik het ook die alombekende name FLAMINK en PIKKEWYN via die Nederlandse uit die Portugese seemanstaal tot ons gekom. Die vorm *flamink* (Port. *flamingo*) is oud;¹⁾ en ook die vorm *pikkewyn* gaan waarskynlik al tot op die 17de eeu terug. Schreyer, wat in 1673 aan die Kaap was, vermeld die naam in sy *Neue Ost-Indianische Reisz-*

¹⁾ Vgl. o.a. Ten Rhyne, *Schediasma de Promontorio Bonae Spei* (Ao. 1673): „a certain kind of pelican called by our countrymen, who learned the name from the Portuguese, *Flaminken*” (V.R.V. XIV, p. 103, vert. van Prof. Farrington).

Beschreibung, pp. 51-52 (uitg. Nijhoff), in die vorm *bigiwinen* (met die tipiese *b* en *g* van die Duitser vir *p* en *k*), terwyl die Kaapse vryburger Bütner omstreeks 1715 in sy onuitgegewe *Waare Relation und Beschryving van Cabo de Goede Hoop*, fol. 87 en 128, die byna suiwer Afr. vorm *pickoweijnen*, resp. *pikowynen*, gee.²⁾

Tot die „seeckere teijckenen” van die nabyheid van die Kaap vermeld Van Linschoten in sy *Itinerario* II 154 ook „tromben ofte struycken van dick riet, die altoos daer seer veel dryven 15. 20. mylen van landt.” Die „tromben” van Van Linschoten is ’n verbastering van die Port. *tromba* („slurp; trompet”), wat ons nog in talle van joernale, reis- en landbeskrywings ná Van Linschoten teëkom.³⁾ Blykbaar eers ná die stigting van die kolonie aan die Kaap het dié tipiese seeriete onder die Nederlanders die naam TROMPETTE gekry.⁴⁾ Die woord *trompet* sou as ’n vertaling van die Port. *tromba* kan beskou word, of as ’n volksetimologiese verhollandsing van die vreemde woord, soos Prof. Franken blykbaar meen (*Huisg.*, 7 Nov. 1930), maar dit sou ook onafhanklik van die Portugese naam kon gegee gewees het weens die opvallende gelykenis van die riete met ’n groot trompet of weens die gebruik as trompet wat daar dikwels van gemaak

²⁾ Dit is opmerklik dat Van Riebeeck in sy *Dagverhaal* I 52, II 460 en elders die vorm sonder nasaal in die eerste sillabe gebruik, nl. *peguin*, in teenstelling met die algemeen Ndl. *pinguin*. Die uiteindelijke oorsprong van die internasionale naam is onbekend. Dat Nederlandse seevaarders die naam *pinguin* van die Portugese geleer het, blyk o.a. uit *Eerste Schipvaart* III 143: „. . . . het velck is ghenaeempt het pinquins aeijlandt, ende daer zijn mennichte van dije woghels op, die men inder portoguijske spracke aldus noempt.”

³⁾ O.a. *Eerste Schipvaart* I 4, 205; *Dagverh.* III 375; Dapper 641.

⁴⁾ Kolbe I 356: „droge rieten welke de Portugeezen *Sargasso*, de zeevaarders *Trompas*, en de inwoners alhier *Zee-Trompetten* noemen”; Valentijn 2: „van de Portugeezen Trombas, en van ons Trompetten genaamd.”

is.⁵⁾ Vandag is die seegewas ook bekend as SEEBAMBOES, 'n naam wat ook reeds vroeg daaraan gegee is, blykens die getuienis van Kolbe I 46 en Burchell I 28.

Visse wat spesiaal in die Kaapse waters tuishoort, het die ou Portugese seevaarders blykbaar nie aangetref nie, of altans nie benoem nie. Daarenteen het die name van verskeie „vis“-soorte wat in die Atlantiese en Indiese Oseaan gevang is, reeds vroeg in die 17de eeu uit die Portugese in die Nederlandse seemanstaal oorgegaan, en van dié name is ook op Afrikaanse visse toegepas. Die bekendste is die naam *albacora*, wat voor die einde van die 16de eeu reeds in die Nederlandse seemanstaal tot *alvercoor* vervorm is en daarna nog verskeie ander vorms aanneem, waaronder ook die vandag nog in Afrikaans gebruiklike HALFKOORD.⁶⁾ In die artikel waarna hierbo reeds meermale verwys is, het Prof. Franken aangetoon dat die veelbesproke visnaam DAERAAD vir die *Pagrus laticeps* nie van Ndl. *dageraad* kom nie, maar beskou moet word as 'n volksetimologiese vervorming van Port. *dorado*, lett. „vergulde, goudkleurig,“ 'n naam wat in die 17de eeu by feitlik alle seevaarders na die Ooste bekend was.⁷⁾ Onder die Kaapse vissers is ook nog BONITA as visnaam bekend, waarskynlik egter as moderne ontlening. Altans, die vorm *benyt* wat die Port. *bonito* by die 17de-eeuse Nederlandse seevaarders aangeneem het en

⁵⁾ Vgl. *Eerste Schipvaart* II 121: „*Trombas* . . . zijn dicke rieden . . . van fatsoen bynaest als een Trompet“; Dapper 641: „een slagh van riet, by de Portugesen genaemt *Trombas*, . . . van fatsoen gelijk een bazuin.“ Oor die gebruik van die riete as trompette sien Kolbe I 356, Thunberg (Eng. uitg.) I 218, Burchell I 28.

⁶⁾ Sien *Eerste Schipvaart* II 70, *De Reis van Joris van Spilbergen naar Ceylon, Atjeh en Bantam*, 1601-1604, plaat 9: *hallevokora*, Ndl. Wdb. II 106 en Bütner 90. Ander vervorminge wat in Afrikaans gehoor word, is *albakoor* en *albertkoord*. Die naam is by ons toegepas op die *Seruola lalandii*.

⁷⁾ Die vroegste bewysplaas van die volksetimologiese vorm aan my bekend is Teenstra I 243: *dageraad*.

wat ook as Kaapse visnaam by Kolbe I 229 vermeld staan, word nie meer gehoor nie.

NAAMGEWING DEUR NEDERLANDSE SEEVAARDERS

Toe die Nederlanders in die loop van die 17de eeu 'n al hoe belangriker aandeel in die Oos-Indiese handelsvaart gekry het, het hul ook onafhankliker in hul naamgewing geword. Die klassieke voorbeeld van oorspronklike naamgewing in die Nederlandse seemanstaal vroeg in die 17de eeu wat ook by ons bekend gebly het, is dié van die vis jacob-evertsen, in Afrikaans vervorm tot JAKOPEWER.⁸⁾ Verskeie van die seevoëls wat Portugese name gehad het, het nou onder die Nederlandse seevaarders ook bekend geword as *kaapvogels*, blykbaar 'n versamelnaam wat nie in Afrikaans bly leef het nie.⁹⁾ Meermale is ook Nederlandse name wat oorspronklik deur Noordvaarders aan sekere diersoorte van die Noordelike Yssee gegee is, taamlik kritiekloos hier in die suide toegepas. Die naam JAN-VAN-GENT, wat ons o.a. by Hondius as naam van 'n Kaapse seevoël teëkom, het in Afrikaans nie bekend gebly nie, maar die voëlnaam MALMOK vir *Thalassarche spp.* is aan die Kaap nog heel gewoon. 'n Baie opvallende voorbeeld van 'n naam waarvan die etimologie heeltemal verbleik was toe dit deur die seeliede hier by ons toegepas is, is NOORDKAPER. Deur die Nederlandse walvisvaarders is dit in die eerste helfte van die

⁸⁾ Nagenoeg die hedendaagse Afr. vorm lees ons die eerste keer by Teenstra I 243: *jacobpeber*. Die Indiese vis is die *Serranus variolosus*, van die familie *Percidae*, die Kaapse die *Sebastes capensis*, van die familie *Scorpaenidae*, albei van die orde *Acanthopterygii*.

⁹⁾ Vgl. o.a. Eduward Melton, *Zeldsaame en Gedenkwaardige Zee- en Land-Reizen* (Ao. 1681), p. 482: „seker slag van Meeuwen (door Jacob van Nek op zijn tweede reis) *Caap-vogels* genaamt, en nu noch alsoo, en ook niet anders bekend . . .”

17de eeu aan die *Balaena biscayensis* gegee omdat dié walvis veral in die omgewing van die Noordkaap aangetref is. Nog in dieselfde eeu is die *Orca orcina* van die Kaapse kus om 'n oppervlakkige gelykenis ook so genoem. By ons word die naam nou algemeen *noorkapper* uitgespreek.

In die ou bronne kom 'n mens af en toe name teë wat die 17de-eeuse Nederlandse seevaarders aan Kaapse seediere gegee het, maar wat nie in Afrikaans bekend gebly het nie en ook nie in die *Ndl. Wdb.* vermeld word nie. Melton 486 beskryf 'n vis (reeds deur Joris van Spilbergen 12 met name genoem) as volg: „Van Plat-visch is hier seker slag, *Huigen* genaamt, zijnde met den bek lang over 't lijf, 't hoofd neergedrukt, met scherpe tanden in de muil, onder de selve hebben ze een baard, die als hair-lokken afhangt; omtrent de kop zijn twee vinnen, die aan wederzijden scherp uitstekten; het geheele opperhoofd is tot op de rug als blinkend goud, en gelijk als met bruine plekken gemengt; de staart met alle sijn vinnen zijn graauw, daar van ses aan weder zijden als quabben afhangen.” Op dieselfde bladsy beskryf hy ook 'n soort bruinvis: „plat, gelijk de Pots-hoofd; en om de kappe, die ze schijnen aan te hebben, *Zee-monniken* genaamt; haar langte strekte sig uit tot vijf, of ses voeten; de staart, die verkeert staat, is seer breed gespleten, ten aansien van andere visschen.” Melton beskryf blykbaar nie wat hy self waargeneem het nie, want hierdie beskrywing kom byna woordelik in die *Eerste Schipvaart* I 54 voor. Watter „visse” met die name HUIG en SEEMONNIK aangedui is, was ek nie in staat om vas te stel nie. Nieuhof, *Gedenkwaardige Zee- en Lant-Reize* (Ao. 1682), p. 10, vermeld weer 'n ander vissoort wat „by d'onzen aen de Kaep Kraekvisch, en anders Traeghvisch genoemt wort.” Die beskrywing is dié van 'n torpedovis, blykbaar dus die *Astrape capensis*, wat nou in Afrikaans DRILVIS, in Engels *electric-fish* genoem word.

TOEPASSING VAN NEDERLANDSE NAME AAN DIE KAAP

In die vyftig jaar voor die stigting van die verversingspos aan die Kaap het die Nederlandse seevaarders so dikwels in Tafelbaai, Saldanhaabaai en Mosselbaai aan land gegaan dat hul taamlik kennis kon opdoen van die plante- en dierelewe van die kusstrook. Baie van die diere en plante wat hul hier aangetref het, was hul reeds van elders bekend of het sterk ooreenkoms met bekende plant- en diersoorte vertoon. Dit spreek vanself dat hulle die gewone Nederlandse name hier toegepas het, sy dit met voorvoeging af en toe van die bepaling *Kaaps*. Hoe onseker die kennis van die Afrikaanse flora en fauna nog was, en hoe onvas die naamgewing, blyk daaruit dat ons in die ou bronne talryke heel gewone Nederlandse name teëkom wat vandag in Afrikaans geheel en al onbekend is. By Hondius lees ons o.a. van *lepelaars*, *meerkoeten*, *rotganzen*, *scholwers*, *slobben* en *talingen* as soorte van watervoëls wat hier gevind word. Dieselfde verskynsel tref ons ook ná die stigting van die volksplanting aan die Kaap aan. Van Riebeeck vertel bv. in sy *Dagverhaal* III 426 van *bot*, *schelvis* en *schol* wat in Tafelbaai gevang word. Ná die 17de eeu kom so iets selde voor — 'n bewys dat die kennis van die Afrikaanse plant- en diersoorte noukeuriger geword het en die naamgewing vaster.

Dikwels is met die gebruik van Nederlandse name taamlik onverskillig omgesprong. Algemeen bekende name is hier toegepas op plante en diere wat met die oorspronklike draers van dié name al heel weinig gelykenis vertoon — tot ergernis van latere natuurondersoekers soos Le Vaillant, Lichtenstein, Burchell en andere. Dit is daarom gewens om hier 'n bietjie nader daarop in te gaan hoe Nederlandse name heel aan die begin van ons geskiedenis aan Afrikaanse diere en plante gegee is. Agtereenvolgens word groepe van die belangwekkendste vis-, voël-, soogdier- en plantname bespreek.

B

In sy lesing „History of the Local Names of Cape Fish,” afgedruk in die *Transactions of the South African Philosophical Society*, dl. XI, afl. 4, het Dr. Gilchrist reeds opgemerk dat „if a Dutch name could be got for a fish having some resemblance, however remote, to those already known, they [the early Dutch settlers] promptly applied the European name.” Die Afrikaanse visse HARDER (*Mugil capensis*), MAKRIEL (*Scomber grex*), MARSBANKER (*Caranx trachirus*) en KNORHAAN (*Trigla peronii*) behoort almal tot dieselfde geslag as die Nederlandse visse wat so heet, sodat die toepassing van die Nederlandse naam in dié gevalle vanselfsprekend was; maar die Afrikaanse ELF (*Temnodon saltator*) en SPIERINKIE (*Atherina breviceps*) behoort glad tot verskillende ordes as die Nederlandse visse, en die naamgewing berus hier dan ook slegs op 'n heel oppervlakkige gelykenis. Die gebrekkige kennis ook van die Nederlandse vissoorte het soms tot eenaardige vergissinge gelei. So is bv. die naam KABELJOU (in Europa die *Gadus morrhua*) hier gegee aan die vis wat in Nederland *ombervis* (*Sciaena aquila*) genoem word, terwyl die naam *ombervis* by ons onbekend is. Soms is 'n naam egter nie so vreemd as wat dit op die eerste gesig lyk nie. Die SNOEK is in Nederland 'n varswatervis (*Esox lucius*), in Suid-Afrika 'n seevis (*Thyrsites atun*), maar is hier dan ook oorspronklik SEESNOEK genoem, soos uit die *Dagverhaal* van Van Riebeeck blyk.

Afrikaanse voëls wat min of meer ná verwant met die gelyknamige Nederlandse is en heelwat na hulle lyk, sodat die naamgewing voor die hand gelê het, is o.a. die BERGEEND (*Casarca cana*), SNIP (*Capella nigrispennis*),¹⁰ WATERHOENDER

¹⁰) Hoe die poelsnip en watersnip in Afrikaans onderskei word, was ek nie in staat om vas te stel nie. De Jong skryf aan die einde van die 18de eeu in sy *Reizen* I 34 dat die „watersnip” aan die Kaap POELSNIP genoem word.

(*Gallinula chloropus*), KROPGANS (*Pelicanus spp.*), REIER (*Ardea spp.*), KWARTEL (*Coturnix coturnix africana*), KRAAI (*Corvidae*), SPREEU (*Sturnidae*) en MOSSIE (*Passer melanurus*). Dergelike name gee geen aanleiding tot verdere opmerkings nie. Interessanter verskynsels het ons by die toepassing van die Nederlandse name *duiker*, *korhaan*, *fazant*, *patrijs* en *vink* hier aan die Kaap. Ons DUIKERS is *Phalacrocorax spp.*, die Nederlandse *Colymbus spp.* Die geslag *Phalacrocorax* word in Nederland *aalscholwers* genoem, terwyl die familie *Colymbidae* aan die Kaap glad nie voorkom nie. In die oudste Kaapse bronne word die name *aalscholwer* en *duiker* dikwels naas mekaar genoem, maar die eerste naam moes reeds vroeg die veld vir die tweede ruim. By ons word verskillende geslagte uit die familie *Otididae* onder die naam KORHAAN saamgevat. Wat in Nederlands *korhaan* heet, is 'n geslag uit die familie *Tetraonidae*. Die Afrikaanse korhane lyk maar min op die Europese korhaan, veel meer op die Europese trapgans, wat dan ook tot die familie *Otididae* behoort. Dit is seker vreemd dat die naam *trapgans* glad nie in Afrikaans bekend is nie. Die Afrikaanse PATRYSE (*Francolinus spp.*) is so ná verwant met en lyk so veel op die Europese (*Perdix spp.*) dat dit heeltemal natuurlik is dat die Afrikaanse voëls die Nederlandse naam gekry het. Nou word egter die groter patryse (*Francolinus capensis*) by ons FISANT genoem, terwyl wat in Nederland onder *fazant* verstaan word, glad ander voëls is.¹¹⁾ Ook word deur die naam VINK in Nederland en aan die Kaap heel verskillende voëls aangedui. In Nederland is die vinke lede van die onderfamilie *Fringillinae*, waartoe ook die mossie behoort,

¹¹⁾ Vgl. Le Vaillant I 138: „Patrijzen, voornamelijk de groote soort, die de inwooners van de Kaap den naam van *Faisant* gegeven hebben,” en Burchell I 270: „a sort of Partridge . . . It was called by the colonists *Faisant*, a name, in this instance, quite misapplied.”

terwyl by ons die vinke oor die algemeen veel groter voëls is wat in die familie *Ploceidae* ondergebring word.¹²⁾

Onder die soogdiere kry ons verskeie opvallende voorbeelde van misleidende naamgewing. Wat by ons 'n TIER heet, die *Panthera pardus*, heet in Nederland 'n *panter* of *luipaard*, terwyl die *Felis tigris*, in Nederlands *tijger* genoem, by ons glad nie voorkom nie. Die naam LUIPERD word by ons ook wel as sinoniem met TIER gebruik, dus in juiste toepassing op die *Panthera pardus*, maar meestal word *luiperd* by ons tog gebruik vir die *Acynonyx (Cynailurus) jubatus*, wat in Nederlands *jachtluipaard* heet.¹³⁾ In Afrikaans word die diere wat in Nederlands *hyena* heet, nl. die *Hyaenidae*, WOLF genoem, terwyl ook ons WILDEHOND eintlik 'n *Hyaena*-soort is.¹⁴⁾ In sover HIËNA vandag in Afrikaans gebruik word, is dit waarskynlik 'n moderne ontleding uit Engels. Wat in Nederlands *jakkals* genoem word, is 'n diersoort uit die familie *Canidae* wat iets van die wolf en die vos het. Ons JAKKALSE behoort ook tot die familie *Canidae*, maar lyk meer op die Europese vos as op die jakkals, veral ook wat hul geesteseienskappe betref. Dit is opmerklik dat *vos* glad nie as volksnaam in Afrikaans bekend is nie.¹⁵⁾ By ons is die DAS of DASSIE die *Procapra*

¹²⁾ Vgl. reeds Mentzel II 18: „Insbesondere hat man auf dem Vorgebirge eine Art Vögel welche man daselbst zwar Finken nennt, die aber mit denen europäischen gar nicht zu vergleichen sind, und sich beständig in groszen Zügen beisammen halten.“

¹³⁾ Le Va. I 76: „Ik herkende alle de kenmerken van den Panther . . . , maar in de geheele volkplanting wordt hij nooit anders dan tijger genoemd.“

¹⁴⁾ Vgl. Lichtenstein II 24: „Die gefleckte Hyäne (*Hyäna Crocuta*) wird hier schlechtweg *der Wolf* genannt, wie man denn überhaupt für die mehrsten Benennungen der eigenthümlichen africanischen Gegenstände, nur die am nächsten liegenden europäischen Ausdrücke genommen hat.“ Sien ook Bur. II 277: „Hyenas, or wolves as they are commonly called by the Boers and Hottentots.“

¹⁵⁾ Lich. II 444: „der südafrikanische schwarzübrückige Fuchs (der fälschlich sogenannte Jakal, *Canis mesomelas*).“

capensis (fam. *Hyracidae*, orde *Perissodactyla*), terwyl *das* in Nederland die naam is van die *Meles taxus* (fam. *Mustelidae*, orde *Carnivora*)— dus glad 'n ander dier. In Nederland word die *Hyracidae* genoem KLIPDAS, 'n naam wat ook nog in Afrikaans naas gewoon DASSIE bestaan. Reeds in die vroegste Kaapse bronne word *das* en *steendas* deurmekaar gebruik (bv. *Dagverh.* I 92, 103), en Kolbe het al daarop gewys (I 173 a) dat die naam DAS hier op 'n heel ander dier as in Europa toegepas is.¹⁶⁾

Die naam *ijzervarken* is in Nederlands nou verouderd, maar vroeër is dit in dieselfde betekenis as *egel* gebruik, dus in toepassing op 'n geslag van soogdiere (*Erinaceus*) uit die orde van die Insekteëters. In Afrikaans is YSTERVARK die naam van 'n *Hystrix*-soort, uit die orde van die Knaagdiere. Die *Hystriidae* heet in Nederlands *stekelvarken*. Die *stekelvarken* en *egel* lyk uiterlik enigszins op mekaar, en in Nederland word die *egel* soms verkeerdelik *stekelvarken* genoem. Dit is daarom nie so verwonderlik dat die naamsverwyseling tussen *stekelvarken* en *ijzervarken* hier plaasgevind het nie. Van Riebeeck gebruik *ijzervarken* reeds heel gewoon in die Afrikaanse sin van die woord (vgl. *Dagverh.* I 67, II 80).

Tot die misleidendste diername hoort dié wat aan verskeie Afrikaanse antilope gegee is. Die Afrikaanse GEMSBOK (*Oryx gazella*), 'n vlaktebewoner met lang reguit skerppuntige horings, lyk niks op die Europese *gems* (*Rupicapra rupicapra*) nie, wat 'n bewoner van die hooggebergtes is en kort horings het met die punte na agter en ondertoe omgebuig. Byna ewe sterk verskil die Afrikaanse STEENBOK (*Raphiceros campestris*) van die Europese (*Capra ibex*); tog behoort dié Afrikaanse antilope nog tot dieselfde familie (*Bovidae*) as die gelyknamige Europese. Die Afrikaanse ELAND (*Taurotragus oryx*), REEBOK (*Cervicapra fulvorufula*) en HARTEBEES (*Alcelaphus caama*) hoort daarenteen selfs tot

¹⁶⁾ Sien later ook Bur. I 265 n.

verskillende families as die Europese eland (*Alces alces*), reebok (*Capreolus capreolus*) en herte (naam van die hele familie waartoe ook die Europese eland en reebok behoort). Die Afrikaanse diere is naamlik *Bovidae*, d.w.s. holhoorniges, terwyl die Europese diere *Cervidae*, d.w.s. draers van vertakte geweie, is! Hierdie verwarrende naamgewing kan alleen verklaar word uit die onbekendheid van die oorspronklike naamgewers met die betrokke diersoorte in Europa.¹⁷⁾

'n Besonder interessante voorbeeld van verskuiwing in die toepassing van 'n naam het ons in die geval van SEEKOEI. Die woord kom reeds in Middelnederlands voor en dui dan 'n soort rob aan (*Mnl. Wdb.* VII 864). Ongeveer dieselfde betekenis het ook Eng. *sea-cow* en Frans *vache marine* gehad. Later tref ons die Ndl. *zeekoe*, Eng. *sea-cow* en ook Duits *Seekuh* aan as benaming vir die *Sirenia*, 'n orde van plantetende soogdiere wat uitwendig baie na walvisse lyk en in vlak baaie en in die monde van riviere hou. Dit is die enigste toepassing waarin die naam *zeekoe* vandag nog in Nederlands bekend is. Die *Sirenia* is seediere wat nie om die Suid-Afrikaanse kus bekend is nie. Van die begin af is die naam SEEKOEI aan die Kaap toegepas op die dier (*Hippopotamus amphibius*) wat nou nog in Afrikaans so genoem word (vgl. Van Riebeeck, *Dagverhaal* I 21, II 12, III 598, ens.). Van Riebeeck gebruik die naam al enkele dae ná sy landing sonder enige kommentaar, sodat ons moet aanneem dat die merkwaardige naamsoordrag nie hier plaasgevind het nie, maar dat in die koloniale Nederlands *zeekoe* toe al geruime tyd as naam vir die hippopotamus moes bekend gewees het. Ongelukkig was ek nie bewus van die interessante verskuiwing in die toepassing wat die naam ondergaan het toe ek die ouer Nederlandse joernale en landbeskrywings gelees het nie, en die *Ndl. Wdb.* het die woord *zeekoe* nog

¹⁷⁾ Opmerkinge oor misleidende naamgewing aan Afrikaanse antilope by Kolbe I 173, Forster (Ao. 1772) I 83 vlg. en Bur. II 23 n.

nie behandel nie. Dit is daarom vir my onmoontlik om te sê waar en wanneer die naam die eerste maal in sy nuwe toepassing gebruik is.

Kort ná die sorgsame Van Riebeeck hier aan die Kaap aan wal gestap het, het hy begin rondkyk na eetbare gewasse wat hy uit sy vaderland ken, om dié hier vir gebruik aan te kweek. Onder datum 9 Okt. 1652 skryf hy in sy *Dagverhaal* van „prei of jonge ajuin en look, die wij hier ook in het wild wassende redelijk abundant gevonden hebben, en het zaad meenen op te garen, om bij ons fort aan te kweken, gelijk wij met de esperges, zuring en mosterd al begonnen hebben.” WILDE-ASPERSIE (*Asparagus capensis*), WILDELOOK (*Allium dregeanum*) en WILDEKNOFLOK (*Tulbaghia alliacea*, ens.), wat plek-plek so volop was dat dit sy naam aan 'n uitspanning — die ou Knoflookskraal — gegee het, WILDEMOSTERD (*Brassica nigra*), SURING, KLAWER-SURING en WILDESURING (*Rumex spp.* en *Oxalis spp.*) en UINTJIES (*Moreae spp.*, ens.) is almal nog Afrikaanse name van plante wat min of meer ná verwant met die gelyknamige Nederlandse is.¹⁸⁾ Die optimistiese kommandeur kon wel o.a. „de prei ofte cleynen ajuin” bestempel as „van alsoo goeden smaeck ende deucht wesende als in Hollant” (*Dagverh.* I 77), die WILDESPINASIE waar hy elders van praat, kon blykbaar die toets van die tyd nie deurstaan nie, en die naam selfs het uit die taal van die koloniste verdwyn.

Onder die boomsoorte wat vroeg Nederlandse name gekry het omdat hul ná verwant aan Europese soorte is, is die WILGENHOUT (*Salix capensis*) en OLIEWENHOUT of WILDE-

¹⁸⁾ Die naam *uintjie* vereis 'n nader verklaring. Naas *ajuin* het daar in die 17de eeu 'n vorm *uien* bestaan (sien Stoett: *G. A. Brederoo's Moortje*, p. 221, aant. op r. 2780). Dit is dié vorm wat in Afr. *uintjie* bly voortleef het. In Afrikaanse bronne tref ons dit ook reeds vroeg aan, o.a. Go. Mols. I 108, 111 (Ao. 1662): *uygentches*; Go. Mols. II 147 (Ao. 1791): *uyntjens*; Ment. II 182: *auntjes*; Sparman (Ndl. vert.) I 178: *oenkjes*; ens.

OLYF (*Olea verrucosa*). Bome wat nie verwant is nie, maar na Europese soorte genoem is vanweë 'n gelykenis van die vrug of blom, is die WILDE-AMANDEL (*Brabeum stellatifolium*), WILDEKASTAING (*Calodendron capense*) en WILDEVLIER (*Chilianthus oleaceus*). Dit spreek vanself dat die ou volkspanters aan die Kaap baie vroeg die bosse begin deursoek het na geskikte timmer- en skrynhout. Meermale het hulle boomsoorte wat glad geen gelykenis met Europese bome vertoon nie, behalwe dat die grein van die hout met dié van sekere soorte ooreenkom, na die bewuste Europese bome genoem. So kom ons aan die name BOEKENHOUT (*Myrsine melanophleos*), ESSEBOOM (*Ekebergia capensis*), ROOI-ELS (*Cunonia capensis*), WIT-ELS (*Platilophus trifoliatius*) en WILDEPEER (*Olinea cymosa*, e.a.)¹⁹⁾

Met dié manier van naamgewing is voortgegaan tot in die 18de eeu. Dit sou onbegonne en nuttelose werk wees om alle Nederlandse name wat ook in Afrikaans bekend is, hier op te som soos hul in ou bronne opgeteken staan. As ons op die getuïenis van die bronne kan afgaan, dan kan een algemene gevolgtrekking veilig gemaak word, nl. dat verreweg die meeste name wat in die eerste vyftig, sestig jaar van die Kolonie gegee is, van Nederlandse herkoms is. In die bronne van die tweede helfte van die 18de eeu is die name wat ons teëkom, daarenteen vir die oorgroot gedeelte oorspronklik Afrikaans.

OORGEËRF, OF HIER ONTSTAAN?

Dit is nie altyd moontlik om uit te maak of ons met die oordrag van 'n Nederlandse naam of met oorspronklike naamgewing in Afrikaans te doen het nie. Waar die

¹⁹⁾ In verband met die misleidende naamgewing aan plante vgl. o.a. Bur. I 142: „Its colonial name is *Rood Elze* (Red Alder), although the tree has not, in any point of view, the least resemblance to the Alder of Europe.”

etimologie van 'n naam nie meer deursigtig is nie, soos die geval is met die meeste name hierbo genoem, kan daar natuurlik nie aan getwyfel word dat die naam oorgedra is nie. As egter die aanleiding tot die gee van 'n bepaalde naam nog heeltemal duidelik uit die naam self blyk, ontstaan daar onsekerheid. Hoe kan ons weet of 'n voëlnaam soos LANGSTERTJIE of PYLSTERT (vermoedelik die *Pomerops cafer*)²⁰ of 'n boomnaam soos GEELHOUT, wat ook in Nederlands bekend is, op komparatiewe oordrag berus of voorbeelde van oorspronklike naamgewing in Afrikaans is? Dikwels sal dit onmoontlik wees om met betrekking tot dergelike name tot 'n beslissing te kom. Daar is egter 'n aantal oorwegings wat kan help om ons na die een of ander kant toe te laat beslis.

In die eerste plek is die manier waarop 'n naam in die oudste bronne vermeld staan, van belang. As bv. Van Riebeeck in sy *Dagverhaal* reeds heel gewoon van GEELHOUT en YSTERHOUT, van BOSKATTE, KLIPVISSE en SANDKRUIPERS as van bekende plante en diere skrywe, mag ons wel aanneem dat hier bekende Nederlandse name op Afrikaanse diere en plante toegepas is. Natuurlik is dit nie altyd met sekerheid vas te stel of die plant- en diersoorte wat in die ou bronne alleen maar met name genoem word, juis dié is wat nou die bewuste name dra nie, maar oor die algemeen mag ons wel aanneem dat dit die geval sal wees. Spesiale vermelding verdien egter 'n geval soos BOSKAT, wat deur Van Riebeeck vermoedelik nog maar in die algemeen as sinoniem met „wilde kat” gebruik is, terwyl dit later in

²⁰) Vgl. Bütner 122: „eine sort von vögels, welche sie Langsteertjes nennen,” Hofman 4 en Le Vaillant, *Histoire Naturelle des Oiseaux d'Afrique* VI 141: „un grand concours de ces sucriers que les colons du Cap nomment *pyl staert*. En effet, lorsque cet oiseau vole avec rapidité, sa longue queue tendue lui donne absolument l'apparence d'une flèche qui traverse dans les airs. D'autres le nomment tout simplement *lange staert voogel*; d'autres *suyker voogel met lange steert*, et enfin *koning der suyker voogel*.”

Afrikaans 'n soortnaam geword het, nl. dié van die *Felis serval*.²¹⁾

Ook as 'n naam buite die Kaap baie verbreid was of nog is, behalwe in Nederlands ook in Engels of Duits of in albei dié tale, is ons geneig om aan te neem dat ons nie met onafhanklike naamgewing in Afrikaans te doen het nie. Dit is die geval met 'n boomnaam soos STINKHOUT (by ons o.a. *Ocotea bullata*) en 'n voëlnaam soos STRANDLOPERTJIE (*Charadrius spp.*).²²⁾ Die *Ned. Wdb.* stel ons ongelukkig nie altyd in staat om te wete te kom hoe oud 'n bepaalde naam is en hoe verbreid dit in die 17de of begin 18de eeu was nie. In vroeë Kaapse bronne lees ons bv. dikwels van 'n giftige vissoort OPBLASER genoem.²³⁾ Die *Ndl. Wdb.* verwys i.v.m. *opblazer* alleen na die *Nat.*

²¹⁾ *Dagverh.* I 68, II 275, 525, III 199, 392. Sien ook Leibbrandt, *Précis: Journal 1662-1670*, p. 82; Ten Rhyne 106; Go. Mols. III 133. Vgl. die interessante plakkaat teen die roekelose omkap van geelhoutbome („'t bequaemste tot plancken ende 't minste alhier in de Caepse bossen wesende") wat Van Riebeeck reeds op 13 Okt. 1658 uitgevaardig het. Hy doel hier waarskynlik op die sogenaamde „opregte geelhout" (*Podocarpus latifolius*), wat vandag nog in die bergklowe by Kaapstad voorkom. Of kan daar sprake wees van die reusagtige *P. elongatus*, nou as „outeniekwas-geelhout" bekend? — Sou die „wackere, dicke gebrande stormpalen van durabel hard iserhout" waaroor Van Riebeeck dit in sy *Dagverhaal* III 392 het, van die *Olea capensis* kon gekom het wat nou digby Kaapstad net as struik bekend is? In 'n iets later bron (Go. Mols. III 133 en 141 — Ao. 1688) word op 'n tog langs die ooskus onderskei tussen „rooi" en „geel" ysterhout. Dié name word blykbaar nie meer gebruik nie, wel SWARTYSTERHOUT (*Olea laurifolia*) en WITYSTERHOUT (*Toddalia lanceolata*), wat ons die eerste by Barrow I 83 en 297 teëkom.

²²⁾ STRANDLOPERTJIE word reeds deur Schreyer genoem, STINKHOUT deur Kolbe I 308 en Bütner 2. Vir ouderdom en verbreiding van die laaste naam sien *Ndl. Wdb.* XV 1734.

²³⁾ Leibbrandt, *Précis: Journal 1699-1732*, p. 13 (Ao. 1699): „that he had eaten there some fish called 'opblasers,' and died in consequence"; Kolbe I 228; Go. Mols. III 271 (Ao. 1752); De Jong I 32. Sover my bekend word die naam OPBLASER nie meer in Afrikaans gehoor nie. Die vis (*Tetrodon honkenyi*) het by ons nou BLAASOP.

Hist. van Houttuyn en sê dat die naam in onbruik geraak het, wat ons nie veel verder bring nie. Die woorde SILWERBOOM (een van die Afrikaanse name vir die *Leucadendron argenteum*) en SILWERVIS (om Kaapstad die naam vir die *Dentex argyrozona*) is nog nie in die *Ndl. Wdb.* behandel nie. Die manier waarop Kolbe I 289 die boomsoort aan die Kaap vermeld, „Afrikaansche Zilver-boom,” skyn egter daarop te dui dat ons hier met 'n Afrikaanse toepassing van 'n bestaande naam te doen het. In Nederlands word *zilvervis* vandag gebruik as benaming van verskillende soorte silwerkleurige visse, en in Engels is *silverfish* in dieselfde betekenis reeds uit 1703 bekend, sodat die Afrikaanse visnaam waarskynlik ook nie geheel onafhanklik ontstaan het nie.²⁴⁾

Dat name wat in Nederland blykbaar alleen dialekties bekend was, tog ook in Afrikaans kon oorgedra word, word bewys deur 'n woord soos MUISHOND (vir verskeie geslagte uit die fam. *Herpestidae*), wat al deur Kolbe I 188 vermeld word.²⁵⁾ Ook die plantnaam PAPKUIL vir die *Typha capensis* stam uit die Nederlandse dialekte. Van oudsher is *pape(n)kul(len)* — d.w.s. „*penis* of *testes* van 'n geestelike” — veral in Vlaandere die ru-spottende naam vir verskeie soorte plante (*Ndl. Wdb.* VIII 535-6), en by ons het dit vroeg in gebruik gekom. KAFFERSKUIL is eweneens 'n baie ou plantnaam wat miskien nie aan die Kaap ontstaan het nie. Die aardrykskundige naam „Kafferkuls-rivier” kom ons reeds by Ten Rhyne (*V.R.V.* XIV 94) teë, en as Nederlandse naam vir 'n Indiese gewas staan dit al by Rumphius vermeld

²⁴⁾ As Afrikaanse benaming kom SILWERVIS die eerste by Bütner 90 voor.

²⁵⁾ Bütner 85 onderskei reeds *bont* en *grys muishonde*.—Op Nederlandse taalgebied is die benaming *muishond* volgens die beskikbare gegewens blykbaar tot die suidwestelike hoek beperk. Kilian het die woord reeds as Vlaams bestempel. Vandag kom dit nog in Wes- en Oosvlaams voor (De Bo en Joos), en ook in Seeland (*Dek, Het Kruiningensch Dialect*, p. 58: *muuzondje*).

(*Ndl. Wdb.* VII 862). Moontlik is die visnaam SPRINGER (aan die Kaap die *Mugil multilineatus*), wat ons die eerste by Bütner go aantref, ook nog van Nederlandse herkoms, al word in die *Ndl. Wdb.* vir dié naam slegs een moderne bewysplaas gegee.

As 'n naam baie voor die hand lê, soos in die geval van feitlik alle possessiewe samestellinge (LANGSTERTJIE, SUIKERBEKKIE e.d.), is dit verder nutteloos om selfs ná te gaan of dié naam ook in Nederlands bekend is. Tensy sterk argumente daarteen pleit, sal ons dié name moet beskou as hier ontstaan. Hoe minder 'n naam voor die hand lê, al is die ontstaan daarvan nog begrypplik, hoe waarskynliker word dit dat dit oorgeërf is as dit ook in Nederlands bekend is. So is oorerwing vrywel seker in die geval van die blomnaam SEWEJAARTJIE (*Ndl. zevenjaarsbloem*) vir die *Helichrysum vestitum*, ens., wat ons die eerste aantref in die dagverhaal van die reis van Willem van Putten na „t warme water, gelegen over de Berg van Hottentots Holland” in 1710.²⁶) 'n Ander naam wat moontlik ook nie onafhanklik hier ontstaan het nie, is KEURBOOM (vir die *Virgilia capensis*), hoewel die Kaapse toepassing aansienlik van die Nederlandse verskil.²⁷) By ons word die naam die eerste deur Kolbe I 307 en Valentijn 82 vermeld.

Hoewel daar reeds meermale op gewys is dat Nederlandse name dikwels aan die Kaap toegepas is op plante en diere wat maar geringe gelykenis met die draers van dié name in Europa of elders vertoon, is die waarskynlikheid van komparatiewe oordrag tog groter hoe opvallender die ooreenkoms tussen die verskillende plante en diere is. Dit is beweer dat die blomnaam AFRIKANERTJIE nie as 'n voor-

²⁶) *V.R.V.* V 73: „seer fraje en kragtige doordringende geouleurde roode, blaauwe, geele, paarse, en witte seven jaars bloemen, sommige noemen se ook stroo bloemen, om dat men 't even eens voelt te wesen, geven ook in 't geheel geen reuk, men vind mijns wetens diergelijke geene, aan dese zijde des bergs.”

²⁷) *Vgl. Ndl. Wdb.* VII 2652.

beeld van oorspronklike Afrikaanse naamgewing kan beskou word nie, omdat *afrikaantje* reeds voor die stigting van die Kolonie as blomnaam in Nederland bekend was.²⁸⁾ As ons egter in aanmerking neem dat die Nederlandse *afrikaantje* 'n komposiet en ons AFRIKANER 'n irisagtige is, is ons geneig om te glo dat die twee name geen verband met mekaar hou nie. 'n Mate van onsekerheid bly in sulke gevalle egter altyd bestaan.

'n Enkele keer is die oorerwing van 'n naam onseker omdat die afleiding daarvan nie vasstaan nie. In die Kaapse waters word 'n soort walvis of dolfyn aangetref wat POESKOP genoem word. Die eerste deel van hierdie samestelling word in die *Ndl. Wdb.* XII 2988 vir die gewone Ndl. *poes* (d.i. kat) gehou — waarskynlik ten onregte. In Nederlands bestaan daar 'n woord *potoskop*, *botskop*, *butskop*, die naam van 'n soort dolfyn. In Duits kom *Butskopf* in dieselfde sin voor. Die oorspronklike betekenis van die woord is „dik kop.” In Afrikaans POESKOP het ons heel moontlik met dieselfde woord te doen. Dapper vertel reeds dat daar in die Tafelbaai en omgewing gevind word „zeker slagh van visschen, die d'onzen potshoofden noemen, daer uit mee, gelyk van de walvisch, traen gekookt wort.” By Bütner 88 lees ons dan: „nechst diesen Nordcaper giebt es eine sort welche Boutzkoep genennet werden, haben einen dicken kop . . .”; en by die vryburger Hofman 5 kry ons ten slotte as naam van 'n soort walvis ook die „poetskop” vermeld. Die ontwikkeling van *poetskop* tot *poeskop* is slegs 'n baie geringe stappie verder. Die vorms *koeskop*, *poenskop*, *koenskop* e.d. wat vandag ook gehoor word, het later ontstaan om obsene assosiasies te vermy.

Moontlik het *botskop*, *butskop* ook nog in 'n ander vorm in Afrikaans bly voortlewe. In Nederlands is die naam nie alleen op dolfyne nie, maar ook op ander visse met 'n dik kop toegepas, soos trouens POESKOP in Afrikaans

²⁸⁾ S. P. E. Boshoff, *Volk en Taal van Suid-Afrika*, p. 280.

ook nog die naam van verskeie soorte van *Chrysophrys* is. Nou lees ons by Kolbe I 471 reeds van „een soort van Karper of Steen-brazems, door de Hollanders Bosch-koppen genaamt, door dien zy een kort en in een gedrongen dikken kop hebben.” Van die gebruik van 'n woord *bos* as eerste lid van 'n samestelling om iets diks en ineengedrongens aan te dui, is nóg in Nederlands nóg in Afrikaans iets bekend. Myns insiens is *boskop* dan ook 'n byvorm van *botskop*, net soos *poskop* in Nederlands inderdaad naas *potoskop* bestaan. So wil ek ook aanneem dat daar naas *butskop* 'n byvorm *buskop* moes voorgekom het en dat daaruit — deur die ontronding van yokale wat so dikwels veral onder die gekleurde bevolking van die Kaap voorkom — die vorm BISKOP ontstaan het wat vandag eweas POESKOP 'n naam van verskeie soorte *Chrysophrys* is. Eers ná die vis so sy naam gekry het, is deur etimologiseerders waargeneem „that air of ecclesiastical gravity and profundity characteristic of the features of this fish and supposed to be found in a bishop.”²⁹⁾

Die name van twyfelagtige herkoms wat hierbo bespreek is, kom — met die uitsondering van AFRIKANERTJIE — almal reeds voor in bronne van hoogstens sestig, sewentig jaar ná die stigting van die Kolonie. Oor die algemeen kan 'n mens miskien sê dat hoe ouer 'n naam in Afrikaans is, des te groter is die waarskynlikheid dat dit oorgedra is. Reeds heel aan die begin van die 18de eeu immers het die bevolkingstoename van die Kolonie deur geboorte-oorskot dié deur immigrasie oortref, sodat nuwe name al hoe meer deur gebore Afrikaners gegee is. Enkele interessante name van onsekere herkoms wat in latere bronne aangetref is, sal nog verderop behandel word.

²⁹⁾ Gilchrist, a.w. 219.—'n Beswaar teen die afleiding van *poeskop* uit *po(t)skop* is die vokaal *oe* in die eerste sillabe. Invloed van die Duitse *Butzkopf* lyk nie aanneemlik nie. Maar as *Boesman* inderdaad uit *Bos(jes)man* kom, wat nog altyd die waarskynlikste lyk, het ons daar 'n eenderse oorgang van *ø* tot *oe*.

KOLONIAAL-NEDERLANDSE NAME

Voor ons tot die bespreking van die oorspronklike Afrikaanse plant- en diername kan oorgaan, moet hier volledigheidshalwe nog 'n groep oorgeërfde name genoem word wat eintlik apart staan, nl. dié wat ná die stigting van die Kolonie uit die Nederlandse handels- en seemanstaal, of in die algemeen die Nederlandse koloniale taal van die 17de en 18de eeu, in die taal van die Kaapse koloniste gekom het. As gevolg van die nougesette ondersoek na Portugese en Maleise, of in die algemeen Oosterse, elemente in Afrikaans wat die Afrikaanse taalstudie van die begin af gekenmerk het, is die geskiedenis van baie van dié name vry goed bekend. Hier kan dus met 'n kort bespreking van enkele tipiese name volstaan word.

In deel I, p. 245, van sy bekende werk oor die Kaap beskrywe Kolbe 'n vissoort wat volgens hom sowel deur die Portugese as die Nederlanders *pagger* genoem word. In 'n bewysplaas van ongeveer dieselfde datum, deur Prof. Franken in die *Huisg.* van 7 Nov. 1930, p. 65, aangehaal, heet die vis *bagger*. Prof. Franken het reeds daarop gewys dat dié naam ook by Wikar voorkom in die samestelling *varswaterbager* en het dit van die Port. *bagre*, soort elf, afgelei. Dié afleiding is ongetwyfeld juis. Bar. II 38 praat trouens nog van „the Bagre, a . . . species of Silurus, commonly caught in the bay,” en Gilchrist het die name *barger*, *baager* (spreek uit *bagher?*), *baar* vir die *Galeichthys feliceps*, 'n vis uit die fam. *Siluridae*, aan die suidweskus opgeteken.

Kolbe beskrywe ook nog 'n ander vis, p. 471 van dieselfde deel, wat weer volgens hom sowel deur Portugese as Hollanders *Pisce bambus* genoem word. As ons Kolbe se beskrywing mag opsy skuif as dié van 'n „stilsittende reisiger,” het ons hier seker wel te doen met die vis wat nou o.a. BAMBOESVIS (die *Box salpa*) heet. BAMBOESVIS sal dan, soos Prof. Franken aangeneem het, 'n verhollandsing

van *pisce* (Port. *peixe*, baster-Port. *peesje*) *bambus* wees, eweas PERDEVIS vir die *Agriopus torvus* waarskynlik 'n vertaling is van baster-Port. *pisje cavallo*, wat ook voorkom in die hierbogenoemde bewysplaas deur Prof. Franken aangehaal.³⁰⁾

Prof. Franken het t.a.p. ook aangeneem dat die visnaam JANBRUIN, waarnaas 'n vorm TAMBRYN bestaan, van Port. *tamborino* moet afgelei word. As ons egter bedink dat die Afrikaanse janbruin 'n soort brasem is (die *Gymnocrotaphus curvidens*) en *tamborino* die Portugese naam vir 'n soort rog — twee vissoorte wat in uiterlik so ver van mekaar verskil as wat maar enigsins moontlik is —, dan het ons wel meer bewyse nodig voor ons dié etimologie kan aanvaar. Die naam *tamborino* is trouens nog nie in 'n Indies-Nederlandse bron aangewys nie, terwyl die naam JANBRUIN in dié vorm reeds vroeg in die 18de eeu by Hofman geboek staan, soos Prof. Franken ook reeds vermeld het.

Een van die bekendste Portugese name wat al vroeg via die Ooste na die Kaap gekom het, is *cobra de capello*. Reeds in die 16de eeu is dié naam op 'n giftige slang in Indië toegepas. Vandaar moes dit reeds in die 17de eeu aan die Kaap bekend geraak het. Kolbe I 255 noem dit al. Die naam het spoedig vormveranderinge ondergaan. Bütner 76 vermeld dit as *couvre-cabêllo* en Paterson 75 as *covra capel*. Die Afrikaanse vorm KOPERKAPTEL kom al voor by Ment. II 316: *coper-capel* en ook by Le Va. II 232: *koper-kapel*. By Wikar 117 kry ons nog *koopel kapelle* in die enkelvoud.³¹⁾

³⁰⁾ Sien die *Huisg.* van 7 Nov. 1930, p. 65. Die baster-Port. name hier genoem het ook, soos Prof. Franken aantoon, in die 17de- en 18de-eeuse Kompanjieshollands in die Ooste voorgekom.

³¹⁾ By Boshoff, *Volk en Taal*, p. 202 vlg., staan 'n onvoldoende gemotiveerde mening dat die volksetimologiese vervorming uit Nederlands oorgeërf is.

Interessant is die geskiedenis van die naam MUSKIET, volgens Veth, *Uit Oost en West*, p. 164, „bij de Nederlanders in Oost- en West-Indië de algemeene naam voor alle stekende en den mensch aanvallende muggen, en . . . ook in het moederland gebruikelijk, wanneer van Oost- en Westindische muggen sprake is.” Die woord self is deur die Nederlanders in die kolonies van die Portugese en Spanjaarde oorgeneem. Die Afrikaanse taalgebruik stem hier met die koloniaal-Nederlandse ooreen.³²⁾ Vir die Afrikaner is dit vreemd om, soos in die bostaande Nederlandse sitaat, te lees van „stekende en den mensch aanvallende *muggen*,” omdat muggies vir hom die insekte is wat in Nederland *vliegjes* (nie *vliegen* nie!) genoem word. Van oudsher word in Nederlands ’n *mug* genoem wat in Afrikaans MUSKIET heet. Toe die naam MUSKIET aan die Kaap in algemene gebruik gekom het, het die naam MUGGIE vrygekom om die insekte aan te dui wat in Nederland enigsins dubbelsinnig *vliegjes* genoem word.

Ook die naam PALMIET is opmerklik, veral om die verskil tussen die Afrikaanse en die Indies-Nederlandse toepassing van die woord. Dit kom van Spaans-Port. *palmito*, ’n verkleinvorm van *palma*, „palmboom,” en is sedert die 16de eeu in die Ooste gebruik as naam vir „de toppen of jonge bladerknoppen enz. van den palmboom, die als groente gegeten worden.”³³⁾ By ons is PALMIET die naam van die *Prionium serratum*, ’n soort boomagtige biesplant wat in riviere groei. In dié toepassing is dit reeds sedert die tyd van Van Riebeeck bekend, wat in sy *Dagverhaal* II 467 van „wilde palmit” in die Liesbeek praat. Die naam is hier vermoedelik gegee omdat die *Prionium serratum* inderdaad enigsins na ’n klein palmboomple lyk.

³²⁾ Vgl. Lich. I 31: „Die Unannehmlichkeiten des Weges werden noch in hohem Grade vermehrt durch eine unzählliche Menge kleiner Fliegen (hier unrechter Weise Muskitos genannt)”

³³⁾ *Ndl. Wdb.* XII 245.

Naas die name uit die handels- en seemanstaal staan die Oosterse name wat deur die slawe in Afrikaans bekend geword het. Dit is meestal seediernaam, soos OEROER, ONTONG, PANGA, PARRIE en TJOKKA, wat ook vandag byna alleen onder die gekleurde vissersbevolking gehoor word en wat in die ou bronne nie aangetref is nie, sodat hul hier nie bespreek word nie.³⁴⁾ Ook Oosterse name soos BAMBOES, JAMBOES, KATJIEPIERING en SOETEMALING kan in 'n studie oor die Afrikaanse naamgewing buite beskouing gelaat word omdat dié name saam met die plante wat hul benoem, aan die Kaap ingevoer is.

In die koloniale Nederlands van die 17de eeu was daar behalwe name van Maleise en Portugese of ander vreemde herkoms ook gewoon Nederlandse name wat nie in die Europese Nederlands gebruiklik was nie. Enkele van dié name is ook aan die Kaap toegepas en is vandag nog in Afrikaans bekend. Afgesien van een of twee, waaronder MUSKELJAATKAT, wat reeds vroeg in die 17de eeu in die Ooste bekend was en aan die Kaap al in die Hottentotse woordelys van Wreede (Ao. 1663) vermeld staan, is die name — vir sover hul Afrikaans raak — almal visname. Twee van die belangwekkendste is STOMPNEUS en GALJOEN, omdat hul soms beskou word as Afrikaanse skeppinge.³⁵⁾ STOMPNEUS word by ons die eerste genoem deur Schreyer 58 en GALJOEN deur Hofman 5. Dit is onseker waarom die galjoen juis so genoem is; maar waarskynlik het die vis vir die seevaarders een of ander ooreenkoms met die skip van

³⁴⁾ Die Maleise (in 'n enkele geval oorspronklik Portugese) herkoms van sommige van dié name het ek in 1920 in 'n skripsie oor die Afrikaanse visserstaal vir die graad M.A. van die Universiteit van Stellenbosch aangewys. Onafhanklik daarvan het Prof. Franken later ook weer die etimologie van verskeie Maleise visname in Afrikaans aan die lig gebring — sien die *Huisg.* van 10 Nov. 1930.

³⁵⁾ Vir die bekendheid van hierdie name in die 17de-eeuse Indies-Nederlands vgl. Valentijn V 54 en *Ndl. Wdb.* XV 1893.

dieselfde naam gehad.³⁶⁾ Onder die name van visse wat in die Indiese Oseaan voorkom en in ou bronne oor die Ooste vermeld staan, kan hier genoem word KLIPVIS, LEERVIS en STRONTVIS. Die name KLIPVIS en LEERVIS, wat albei ook in vroeë Kaapse bronne voorkom,³⁷⁾ is by ons nog goed bekend as name vir *Clinus spp.* en *Lichia amia* resp., maar die naam STRONTVIS, wat Bütner go noem, word nie meer gehoor nie.

CHRONOLOGIESE INDELING VAN NAME

Hoewel 'n naam veel ouer kan wees as die oudste bron waarin dit aangetref is, sodat daar onsekerheid omtrent die ouderdom van baie name bestaan, is dit tog wenslik om die Afrikaanse plant- en diername in groepe te behandel volgens die ouderdom van die bronne waarin hul die eerste voorkom. Die bronne wat ek geraadpleeg het, het ek in drie groepe ingedeel, A: van die stigting van die verversingspos aan die Kaap tot omstreeks 1715, B: van omstreeks 1715 tot omstreeks 1785, C: van omstreeks 1785 tot omstreeks 1845. Die ouderdom van 'n bron is gereken nie volgens die jaar van publikasie nie, maar volgens die tyd waarin die skrywer sy stof aan die Kaap versamel het. By die indeling in tydperke is sowel met die uitbreidingsgeskiedenis van die Kolonie as met die bronne self rekening gehou. Gedurende die eerste tydperk was die Kolonie nog tot die Boland beperk. Die tweede periode begin kort ná die aanvang van die groot uitbreiding na die ooste en eindig kort ná dié uitbreiding aan die Visrivier teen die Bantoe gestuit het. Die derde periode loop tot enkele jare ná die Groot Trek en die stigting van die Boererepublieke in die

³⁶⁾ Sien Gilchrist 221, waar ook 'n minder aanneemlike verklaring van Valentijn vermeld word.

³⁷⁾ *Dagverh.* III 199.

noorde. Wat die bronne betref: die eerste tydperk word afgesluit deur Kolbe, Valentijn en Bütner, die tweede deur die natuurondersoekers Paterson, Sparman, Thunberg en Le Vaillant, terwyl die derde gekenmerk word deur die belangrike werk van Burchell aan die begin van die 19de eeu en eindig as die bronne so veelvuldig word dat hul beswaarlik volledig kon bestudeer word.

HOOFSTUK II

HOTTENTOTSE NAME

In teenstelling met wat 'n mens sou kon verwag, het die Nederlandse volksplanters in die eerste tydperk (1652-1715) opvallend min Hottentotse plant- en diername oorgeneem. Eintlik maar drie plantname — BOEGOE, DAGGA en KANNA — uit dié tyd is in Afrikaans bekend. Die plante het as bedwelmende of geneeskragtige middels 'n baie belangrike rol in die Hottentotse lewe gespeel en het daardeur spoedig met hul Hottentotse name onder die Nederlanders bekend geraak. DAGGA (*Leonotis spp.*) word reeds deur Van Riebeeck in sy *Dagverh.* II 418 vermeld, BOEGOE (*Barosma betulina*, e.a.) deur Dapper 40 en Ten Rhyne 115, KANNA (*Mesembryanthemum anatomicum*) deur Tachard I 102. Met die KANNA het die Nederlandse volksplanters blykbaar die eerste keer op die reis van Simon van der Stel na die land van die Namakwas in 1685 kennisgemaak.³⁸⁾ Thunberg deel later in sy *Flora Capensis* 415 mee dat die plant in die Bokkeveld en elders in die Karoo aangetref word. Trouens, ook die boegoe- en daggaplante kon die koloniste pas betreklik laat in die 17de eeu leer ken, omdat hul nie naby die Kaap gegroei het nie.

AFRIKAANSE PLANTNAME

Die gebruik wat die inboorlinge van bepaalde plante of hul bolle of vrugte gemaak het, het meermale aanleiding

³⁸⁾ Sien *Journal of . . . Expedition to Namaqualand*, uitgegee deur G. Waterhouse, pp. 162, 165.

tot die ontstaan van 'n naam gegee. Nieuhof 8 weet reeds te vertel van „zeker worteltje in de aerde, die des winters de Hottentos braden, en in plaetse van broot gebruyken.” Ongeveer terselfdertyd skryf Ten Rhyne 119 dat die inboorlinge aan die Kaap die bol van 'n Afrikaanse gladiolussoort in plaas van brood eet en dat die Nederlanders dit daarom HOTTENTOTSBROOD noem. Blykbaar is dié naam in die 17de eeu op verskillende plante toegepas waarvan die inboorlinge die wortel of bol geëet het. Altans, die plant wat Kolbe I 288 vlg. HOTTENTOTSBROOD noem en waarvan hy 'n beskrywing gee, is ongetwyfeld ons gewone varkblom (*Zantedeschia aethiopica*). Vandag is die naam HOTTENTOTSBROOD in die toepassing hierbo vermeld nie meer in die Boland bekend nie. In die binneland is dit egter teen die einde van die 18de eeu weer aan 'n geheel verskillende plant gegee, soos ons later nog sal sien.

'n Ander naam van dieselfde aard wat ook nie lank bestaan het nie, is HOTTENTOTSUINTJIE. Ons kom dit die eerste teë in die joernaal van die reis van kommissaris Cnoll na die Warm Bad in 1710, daarna nog by Kolbe I 302 en Bütner 57, maar dan nie weer nie. Dit is moeilik om met sekerheid uit te maak watter plant of plante met die naam HOTTENTOTSUINTJIE aangedui is. By Cnoll lees ons dat die bol die „gedaante van een groote javaanse uije” het, dat dit baie droog is en wanneer gebraai „besonder de vaderlandse aart akers in smaak gelijk” is. Kolbe praat van die plant as 'n „klein smalbladig Afrikaansche Sisynrichium, met een grote geschakeerde bloem.” Hy sê dat die bol in werklikheid geen ooreenkoms met die „ajuin” vertoon nie, „gelykende meer de Europeaansche aardappels.”

Die naam HOTTENTOTSVY, wat ongeveer gelyk met HOTTENTOTSBROOD en HOTTENTOTSUINTJIE moes ontstaan het, het tot vandag toe bly leef. Oorspronklik is die plant wat dié naam dra (*Mesembryanthemum edule*), deur die koloniste WILDEVY of KAAPSE VY genoem, blykens 'n aantekening van

Ten Rhyne 128 n.g.³⁹⁾ Die hedendaagse naam kom ons die eerste teë by Kolbe I 307, wat van die vrugte beweert: „Zij worden niet onbillyk Hottentots-Vygen genaamt, om dat deze menschen wel voornamelyk dezelve tot spys gebruiken, en de Europeanen die van hen hebben leren eeten.” Deur die hele 18de en 19de eeu tref 'n mens die naam HOTTENTOTSVY in byna elke Afrikaanse reis- en landbeskrywing aan.

Bütner 81 vertel van 'n soort waterplant waarvan die blare deur die Hottentotte as geneesmiddel op oop wonde gelê word en wat HOTTENTOTSLARE genoem word. Die naam is in geen ander bron gevind nie en word, sover my bekend, ook nie meer gehoor nie, sodat dit onmoontlik is om te wete te kom van watter plant hier sprake is.

Ten slotte kan onder hierdie groep nog die name ASSEGAAIHOUT en PYLHOUT genoem word, want dié name het ongetwyfeld ontstaan deurdat die Hottentotte hulle assegaaië en pyle van die hout van hierdie plante gemaak het. ASSEGAAIHOUT (*Curtisea faginea*) word reeds onder datum 27 Nov. 1662 in die dagregister van Wagenaer genoem,⁴⁰⁾ PYLHOUT — nou onbekend — staan vermeld in die „Catalogus Plantarum Africanarum” (Ao. 1705) van Paul Hermann, opgeneem in die *Thesaurus Zeylanicus* van Burmannus.

Tot die oudste oorspronklik Afrikaanse name, afgesien van die reeds genoemde, hoort dié wat in die verhaal van die ontdekkingstog van Simon van der Stel na die land van die Namakwas in 1685 vermeld staan, nl. BOBBEJAANKERS, RENOSTERBOS, DORINGBOOM en VADERLANDSRIET.⁴¹⁾ Die

³⁹⁾ Sien ook Van Riebeeck, *Dagverh.* I 166: „wilde vijgen hier op de aarde wassende, ende bij de inwoonders gegeten wordende.”

⁴⁰⁾ Leibbrandt, *Précis: Journal 1662-1670*, p. 82.

⁴¹⁾ Waterhouse, *Journal* 106, 109; Go. Mols. I 151, 154. In verband met vaderlandsriet vgl. Van Riebeeck, *Dagverh.* II 270: „eene reviere, die vol Hollants riet stondt en daeromme den naem van den Hollandse rietbeecq gegeven wierd.”

BOBBEJAANKERS word beskrywe as 'n struik wat op sanderige grond groei en 'n „aangename, dog geweldig adstringerende” vrug dra. Vandag is BOBBEJAANKERS nog bekend as 'n ander naam vir die BERGSIPRES (*Widdringtonia cupressoides*), 'n struik of klein boompie wat van Tafelberg tot die Drakensberge groei. Van die RENOSTERBOS word gesê dat dit so genoem is omdat die renosters daar „gemeenlyk in legeren,” hoewel Kolbe I 191 beweer dat die bos sy naam gekry het „wyl die dieren dezelve zoo gaarn afbyten en vreeten.” Die naam DORINGBOOM vir die *Acacia karroo* (*A. horrida*) verklaar homself, maar die opmerking in die reisjoernaal: „wordt van de onse (overmits de veelheid syner schadelijke dorens) doornboom . . . genaamt,” is tog interessant. VADERLANDSRIET het 'n heel gepaste naam gekry omdat dit inderdaad dieselfde is as die gewone riet in Nederland (*Phragmites communis*). Dit is die eerste van 'n hele aantal plant- en diernaam in Afrikaans wat met die voorvoeging *vaderlands* gevorm is.

Toe Tachard in 1685 aan die Kaap was, merk hy op dat die lane in die Kompanjiestuin „sont à couvert du vent par de hautes & épaisses palissades d'une espèce de Laurier qu'ils appellent *Spek*, toûjours verd & assez semblable au *Filaria*.”⁴²) Ook Kolbe I 298 praat van 'n „Stapeliaansche Laurierboom . . . welke . . . hier Speukeboom (l. spekboom?) word genaamt.” Vermoedelik is hier sprake van die *Kiggelaria africana*, wat nou meestal SPEKHOUT heet en in die Kaap nog vir heinings gebruik word. Die naam SPEKBOOM is in die tweede helfte van die 18de eeu weer aan 'n heeltemal ander plant in die oostelike Kaapland gegee.

In die joernaal van die tog van Isaq Schrijver in 1698 lees ons van hoë bergkranse „die met dikke ruygten (waar uijt hem te mets een kreupelboom sien liet) bewassen

⁴²) *Voyage de Siam* I 72.

was.⁴³⁾ In sy uitgawe van die joernaal het Dr. Mossop hierdie KREUPELBOOM as die *Leucospermum attenuatum* geïdentifiseer. Of KREUPELBOOM hier reeds as soortnaam gebruik is, is nie met sekerheid te sê nie. Onder die naam KREUPELHOUT beskrywe Kolbe I 308 egter 'n bepaalde boomsoort, ongetwyfeld die *L. conocarpum*, wat ook vandag nog algemeen KREUPELBOOM heet. Moontlik is ook DUBBELTJIE-(DORING) een van die werklik ou plantname in Afrikaans. 'n Pleknaam „Dubbeltjescoral” (Dubbeltjieskraal) word in die reisverhaal van Schrijver genoem, maar die dubbeltjie self (*Emex australis*) word vir die eerste maal pas deur Thunberg I 148 genoem en beskrywe. Ander plantname wat nog tot hierdie tydperk behoort, is LEPELHOUT (*Hartogia capensis*), SLANGHOUT (nie gedetermineer nie) en SWARTBASBOOM (*Royena lucida*), wat deur Hermann in sy „Catalogus” genoem word, en WABOOM (*Protea grandiflora*), wat ons die eerste by Bütner 2 aantref.⁴⁴⁾ In die beskrywing van Bütner, fol. 2, kom ook nog die sonderlinge naam *Schmalplaktenholtz* voor. Ongetwyfeld het ons hier te doen met 'n kopieerfout en moes daar *Schmalblätterholtz* gestaan het. Smalbladerenrivier was volgens Graham Botha, *Place Names in the Cape Province*, p. 109, al in 1734 'n plaasnaam in die huidige distrik Worcester, en vandag nog is SMALBLAAR die gewone naam vir die *Hartogia capensis*.

Ten slotte moet nog gewys word op enkele plantname wat in die oudste bronne voorkom, maar vandag nie meer in Afrikaans bekend is nie. Van Riebeeck kla in sy *Dagverh.* I 464 oor die las wat die KREKELWORTEL by die kweek van groente veroorsaak: „maer is bysonder swaren arbeit aen vast, vermits 't overal vol crekel wortel sit, daer de beste ende vetste gronden vallen.” Die KREKEL-

⁴³⁾ Go. Mols. III 103.

⁴⁴⁾ In verband met LEPELHOUT vgl. Thunberg II 112: „The Lepelboom is made into spoons and wooden bowls.”

WORTEL is blykbaar dieselfde lastige onkruid wat hy elders (I 74, 80, ens.) HAARWORTEL noem. Van Riebeeck gebruik KREKELWORTEL en HAARWORTEL hier asof hul bekende Nederlandse name was, maar in die *Ndl. Wdb.* word die eerste naam glad nie vermeld nie, terwyl van die tweede in die betekenis wat ons hier het, slegs die bewysplase uit Van Riebeeck se joernaal gegee word. Ander onsekere name uit dié tyd is WATERVYG en WILDENAELBOOM, wat albei opgeteken is uit die joernaal van die tog van Pieter Cruythoff na die land van die Namakwas in 1662 (Go. Mols. I 78, 98). Van die watervye word gesê dat hul in die Olifantsrivier groei „en van de Sonquas . . . uytgehaelt worden, sijn schoon van smaeck, gebraeden sijnde alsmede heel voedt-saem, soude sich in tijt van noodt lange daerby connen onderhouden, wandt men die gedrocht (*sic*) sijnde tot meel can pulveeren en alsdan schoon meelmoes daer af koecken, 't welck voor desen al van ons volck geprobeert is." In verband met die ander plant word alleen vermeld dat 'n sekere gebied hoog in die Noordweste „dich begroyt met bosschys ende wilde naegelboomen" is. Dit is nie moontlik om vas te stel van watter plante hier sprake is nie.

AFRIKAANSE DIERNAME

Opvallender nog as die skaarsheid van Hottentotse plantname wat in die eerste tydperk deur die Nederlandse koloniste oorgeneem is, is die algehele afwesigheid van Hottentotse diername wat uit dié tyd dateer. Een Hottentotse naam wat vandag in Afrikaans bekend is, nl. KWAGGA (Hott. vir „esel"), staan wel reeds in die Hottentotse woordelys van Wreede, maar is blykbaar nog nie deur die Nederlanders as naam gebruik nie. Die dier wat nou dié naam dra, word in die ou bronne WILDE-ESEL genoem, of ook WILDEPERD, want die nouverwante kwagga (*Hippotigris quagga*)

en sebra (*Hippotigris zebra*) is dikwels met mekaar verwar.⁴⁵⁾

Ook diername wat ontstaan het deur 'n assosiasie van die betrokke diersoorte met die inboorlinge van die land, kom in hierdie tydperk haas nie voor nie. Slegs een so 'n naam, nl. HOTTENTOTSVIS, kan hier genoem word. Dit is volgens die oudste getuienis gegee omdat die Hottentotte die vis met 'n hoekie gevang en baie graag geëet het;⁴⁶⁾ later is egter beweer dat die vis sy naam gekry het om sy vuil bruin kleur (Percival 43; Bar. II 37). Die verhaal van die verering van die mantis deur die Hottentotte kry ons reeds in hierdie periode (o.a. by Kolbe I 500), maar die naam HOTTENTOTSGOT kom nog nie in die bronne voor nie. Dit word vir die eerste keer pas by De la Caille aangetref.

Onder die eie name van Afrikaanse soogdiere kan ons dié van die antilope eerste noem. Wreede vermeld reeds die name BONTBOK en KLIPSPRINGER in sy Hottentotse woordelys, Schreyer 60 die naam BLOUBOK, en by Kolbe I 179 en 202 tref ons nog GRYSBOK en DUIKER aan.⁴⁷⁾ Die bloubok (*Hippotragus leucophaeus*) en bontbok (*Damaliscus pygargus*) het volgens dierkundiges blykbaar van die begin af slegs in die suidwestelike hoek anderkant die Hottentots-hollandberge voorgekom. In die loop van die 19de eeu is die bloubok geheel en al uitgeroei, terwyl die bontbok nog

⁴⁵⁾ WILDEPERD en WILDE-ESEL o.a. reeds by Go. Mols. I 68, 103 (Ao. 1662). In die oudste bronne tref ons ook name soos ESELSPERD (Go. Mols. I 87) of gewoon MUILESEL (Van Riebeeck, *Dagverh.* III 543) vir die diere aan. Dapper 32, Bogaert 104 en Valentijn 113 vlg. onderskei die wilde-esel en die wildeperd duidelik van mekaar.

⁴⁶⁾ Ten Rhyne 103; Nieuhof 10; Kolbe I 238. Kolbe gee ons ook na aanleiding van die hottentotsvis 'n mooi staaltjie van sy liggelowigheid. „Als de Hottentotten, of eenige andere menschen,“ sê hy, „dezelve willen vangen, zoo fluiten zy zeer hard, en roepen haar toe, waar door zy gelokt, aan den angel byten, en den hoek in de keel krygen.“

⁴⁷⁾ KLIPLOPER was moontlik vroeër 'n ander naam vir die klipspringer. Vgl. die reisverhaal van Pieter Cruythoff (Ao. 1662) — Go. Mols. I 98.

altyd, nou as beskermdedier, in dieselfde gebied aangetref word. Die grysbok (*Nototragus melanotis*), klipspringer (*Oreotragus oreotragus*) en duiker (*Sylvicapra grimmii*) is naby die Kaap gevind. Laasgenoemde, wat by voorkeur tussen bosse hou, het sy naam gekry „from its mode of eluding its pursuers, by a sudden strong leap over the bushes, instantly plunging down amongst them again out of sight” (Bur. I 187).

Van die ander soogdiere met eie Afrikaanse name kom ons eerste die ROOIKAT (*Caracal caracal*) en TIERBOSKAT (*Leptailurus serval*) by Wreede teë, daarna die ERDVARK (*Orycteropus afer*) in die Latynse beskrywing van die Hottentotte deur Grevenbroeck (Ao. 1695).⁴⁸⁾ Die RATEL (*Mellivora capensis*) — so genoem na die geraas wat hy maak — staan geboek by Kolbe I 188 en Bütner 85, die TIERWOLF (*Crocuta crocuta*) en BERGWOLF alleen by laasgenoemde, fol. 73.⁴⁹⁾ Reeds in 1663 kom die woord KAMEEL in die betekenis „giraf” in ’n Afrikaanse reisjoernaal voor (Go. Mols. I 118), soos vandag nog in Afrikaans naas KAMEELPERD (verouderde Ndl. *kameelpaard*, uit Middellatyn *camelopardus*). Die gebruik van KAMEEL soos hier is egter waarskynlik nie oorspronklik Afrikaans nie, maar oorgeërf — sien Ndl. *Wdb.* VII 1054.

Eie Afrikaanse name van voëls kom in die oudste bronne selde voor. Possessiewe samestellinge wat vermoedelik hier ontstaan het, is GEELBEK(EEND) vir die *Anas undulata* en ROOIBEKKIE vir die *Estrilda astrild* — die eerste naam by Schreyer 52 en Bütner 87, die tweede by Valentijn 115 en Bütner 87. SLANGVRETER (Kolbe I 214, Bütner 86) was toe blykbaar nog die enigste naam vir die voël wat nou ook SEKRETARIS heet (die *Sagittarius serpentarius*), terwyl

⁴⁸⁾ V.R.V. XIV 266.

⁴⁹⁾ Die naam BERGWOLF is my uit geen moderne bron bekend nie. Dat die naam vroeër inderdaad bestaan het, word bevestig deur Spar. I 196.

giere aan die Kaap volgens Kolbe I 207 STRONTJAERS of STRONTVOËLS genoem is.⁵⁰) STRONTJAER is van oudsher in Nederlands bekend as naam vir 'n soort voël uit die familie van die meeuagtiges en is in dié toepassing ook nog aan die Kaap gebruiklik. Moontlik berus die gebruik van die naam ook vir aasvoëls bloot op 'n uitbreiding van die ou toepassing en het die naam in dié betekenis nie nuut hier ontstaan nie. Vandag word nóg STRONTJAER nóg STRONTVOËL as naam vir 'n gier meer gehoor.

In die eerste tydperk is nuwe name van visse al net so seldsaam as dié van voëls. Afgesien van die hierbenoemde HOTTENTOTSVIS tref ons geen oorspronklike naam wat in Afrikaans bly leef het, voor die begin van die 18de eeu aan nie. Die eerste nog bestaande naam wat ons teëkom, is DRILVIS (vir 'n soort sidderrog) by Kolbe I 250, en daarna nog die alombekende ROMAN (*Chrysophrys cristiceps*) by Hofman 5 (daar reeds in die hedendaagse vorm, uit die oorspronklike *rodeman*). Hofman noem t.a.p. ook 'n seevis genaamd WITTOG, maar dié naam het ek in geen ander bron ná hom aangetref nie, en dit is ook nie meer onder Kaapse vissers gebruiklik nie.⁵¹)

Wat ander seediere betref, by Van Riebeeck (*Dagverh.* I 67) lees ons van 'n soort seeslak KLIPKONT genoem, maar dié naam kom blykbaar — eweas KLIPKOUS, naam vir 'n soort skulpdier — ook elders voor en is buitendien nie meer in Afrikaans bekend nie.⁵²) Ook die naam KLIPROOS, wat

⁵⁰) Sien ook Ment. II 19: „Die Adler, welche die Einwohner (weil sie unedel seyn und Aas fressen) Strundvögel nennen“; en Le Va., *Hist. Nat.* I 41: „*Stront-vogel, stront-jager* ou *aas-vogel*, sont les noms que généralement on donne au Cap à tous les vautours.”

⁵¹) Dat die naam vroeër wel bestaan het, word bevestig deur 'n ou rekening van omstreeks 1708, aangehaal deur Prof. Franken in die *Huisg.* van 7 Nov. 1930, p. 65.

⁵²) *Ndl. Wdb.* VII 4146. Blykens die sitate in die woordeboek is KLIPKOUS, nes KLIPKONT, eintlik 'n onfatsoenlike naam. Onder Kaapse vissers kan vandag nog ander onfatsoenlike name vir sommige soorte seeweekdiere gehoor word.

by Ten Rhyne geboek staan, word vir sover my bekend nie meer in Afrikaans gehoor nie. Dit is blykbaar vroeër gegee aan 'n soort see-anemoon, uit die groep *Actinaria*.⁵³⁾

Ten slotte kan hier nog die volksnaam van 'n soort insek en van 'n soort wurm genoem word wat alleen in Kaapse bronne gevind is. Die eerste naam, BLINDEVLIËG, wat nog heel gewoon in Afrikaans is, kom ons die eerste keer teë in die reeds genoemde joernaal van die landtog van Simon van der Stel: „Wy hadden dezen dag uitnemen warm weër, waar door wy schrikkelyk gequelt wierden van een soort van vliegen, blinden genaamt, van couleur geel en ook swart” (Go. Mols. I 164). Kolbe I 261 beweer dat die insekte so genoem is „om dat zy maar blind toevallen, en niets verschonen, daar zy komen zitten,” 'n verklaring van die naam wat vandag nog gehoor word.⁵⁴⁾ Die wurm waarvan hierbo sprake is, het groot skade in die wingerde aangerig en is deur die koloniste SUIER genoem (Kolbe I 269). Mentzel vertel in sy *Beschreibung* II 285 van die vernielingswerk wat hierdie vroeë wingerdpes gedoen het: „Sobald der Stock gethränet hat, und die jungen Knospen austreten, so findet sich ein kleiner Wurm oder Insekt, welches die Einwohner *Zuyger* . . . nennen. Dieser, welcher, weil er einigermaszen einem kleinen zusammengelaufenen vertrockneten Blätchen eines Weinblatts ähnlich, nicht leicht wahrzunehmen ist. Dieser lässt sich zwar den ganzen Tag nicht sehen, begiebt sich aber in der Früh und mit Anbruch des Tages auf die Weinstöcke, und frisst sich in die ersten Knospen, an die beim Beschneiden übrig gelassenen 2. oder 3. Augen ein.”

⁵³⁾ *V.R.V.* XIV 103 (vertaling van Prof. Farrington): „I discovered certain animalculae firmly attached to the rocks, which by the innumerable living fibres they thrust out present a rosy hue, and are in consequence popularly known among the Dutch as rock-roses” (in die oorspr. Latynse teks: *klipproosen*).

⁵⁴⁾ Ment. II 64 praat van „die afrikanische blinde Fliege, welche in Indien Muschiete genennt wird.” Die blindevlieg en die muskiet is egter twee geheel verskillende insekte.

HOOFSTUK III

INLEIDING

Aan die begin van hierdie periode (1715-1785) was feitlik die hele Boland reeds gekoloniseer. Die koloniste was nie oral ewe stewig op die land gevestig nie, maar in die kerngebied was hul tog al lank genoeg om taamlik kennis te hê van die diere- en plantelewe om hul heen. Die behoefte aan onderskeidende name vir die opvallendste soorte plante en diere moes al hoe meer gevoel word; en waar 'n nuwe naam ontstaan het, kon dit mettertyd in wyer kring bekend word. Aan die grense van die Boland was die kolonisasie nog maar onvas. Daar het die trekluistigste boere hul veeposte gehad, wat vir die merendeel slegs tydelik bewoon was. Nog voor die begin van die tydperk wat ons nou moet behandel, is die bepalinge wat die trekgees onder die veeboere moes teëgaan, opgehef en het die boere met hul vee die land in geswerm, eers noordwaarts en ooswaarts al langs die kus, later ook oor die hoë berge die binneland in. Teen 1780 was die grootste gedeelte van Kaapland deur die veeboere ingeneem.⁵⁵⁾ Die veeboere het in die binneland kennisgemaak met 'n plantegroei en dierelewe wat belangrik van die Bolandse verskil, en het deur nuwe naamgewing aansienlik tot die uitbreiding van die Afrikaanse woordeskat bygedra.

Vir 'n juiste begrip van die geskiedenis van die naamgewing in Afrikaans is dit nie voldoende om alleen op die

⁵⁵⁾ Sien A. J. van der Walt: *Die Ausdehnung der Kolonie am Kap der Guten Hoffnung, 1700-1799*, P. J. van der Merwe: *Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie*, p. 133 vlgg., asook die kaart teenoor p. 3 van Graham Botha: *Place Names in the Cape Province*.

geografiese uitbreiding van die Kolonie in die verskillende tydperke te let nie. Die digtheid van die bevolking is ook van belang. Hoe langer 'n bepaalde gebied gekoloniseer is en hoe digter die bevolking, hoe meer plante en diere sal in dié streek onderskeidende name gekry het. Nou was die hele burgerbevolking van die Kolonie in 1715 nog geen 2,000 siele nie, in 1785 nog maar iets oor die 11,000, waarvan nog 'n aansienlike gedeelte in Kaapstad gewoon het.⁵⁶⁾ Ongetwyfeld sal Afrikaanssprekende Hottentotte en slawe ook tot die naamgewing bygedra het; tog is die aantal dier- en plantname wat tot 1785 in geskifte opgeteken is, na verhouding reeds so groot dat 'n mens onder die indruk moet kom van die belangstelling in die plante- en dierelewe onder die ou koloniste wat daaruit blyk.

Wat die name self betref, is dit miskien nodig om daaraan te herinner dat die Afrikaanse volk en die Afrikaanse taal sy beslag gekry het in die tydperk wat ons nou bespreek. Ons kan verwag dat ons daarvan blyke sal kry uit die soort name wat nou aan plante en diere gegee is.

NAME WAT MOONTLIK OORGEËRF IS

Oor name wat ook in Nederlands bekend is, is hier min te sê. SPURRIE (Ment. II 254) en POSTELEIN (*Fl. Cap.* 399) het in Afrikaans bly leef omdat die Nederlandse plante van dié naam (*Spergula arvensis* en *Portulaca oleracea*) aan die Kaap ingevoer is en nou hier wild groei. Die name MUSKUSKRUID, NAGSKADE, SAMPJOEN, SEEKRAAL en VROUEHAAR (*Fl. Cap.* 188, 512, 755; Thun. I 292) is hier gegee aan plante wat gelyksoortig of baie ná verwant is met

⁵⁶⁾ Sien Colenbrander, *De Afkomst der Boeren*, p. 106.

dié wat in Nederland dieselfde name dra, nl. *Erodium moschatum*, *Solanum nigrum*, *Psalliotia campestris*, *Salicornia* sp. en *Adiantum* spp. Nog afgesien van ander oorwegings kan ons om dié rede alleen al aanneem dat hul oorgeërf is. Voëlname soos STEENVALK (*Hist. Nat.* I 144: ander naam vir die rooivalk, *Falco tinnunculus rupicolus*) en NAGTEGAAL (*Oenanthe pileata*; Thun. I 150: „They gave the name of nightingale . . . to a bird, which in its notes and gestures imitated several other birds”; sien ook *Hist. Nat.* IV 92) is vanselfsprekend oorgeërf. Om die algemene bekendheid in Nederland van die plantname KATSTERT en STERRETIJIE en die voëlname KUIKENDIEF en NAGULTJIE (aan die Kaap die eerste vermeld deur Thun., *Fl. Cap.* 304, 321, en Le Va., *Hist. Nat.* I 89, 190) is dit seker dat ook dié name oorgedra is en nie onafhanklik hier ontstaan het nie.

Verskeie name is natuurlik weer uit hierdie tydperk opgeteken waarvan dit onseker is of hul op komparatiewe oordrag berus. Onder dergelike name kan gereken word AANDBLOM (*Hesperantha falcata*; Ment. II 326), AARDROOS (*Hyobanche sanguinea*; Thun. I 287), KANEELBLOM (*Hesperantha cinnamomea*; Thun. I 286), FLUWELBLOM (*Sparaxis tricolor*; *Fl. Cap.* 60), PAPIERBLOM (*Statice purpurata*; *Fl. Cap.* 277) en ook ROOIHOUTBOOM. Die naam ROOIHOUTBOOM is die eerste aangetref in die joernaal van die landreis van Hendrik Hop, Ao. 1761 (*Go. Mols.* II 34: „langs de oevers is gem. Rivier [nl. die „Leeuwen Rivier”] met rood houte boomen en Doorn bossen voorsien”; 36: „desselfs voedsel soekt het [nl. die giraf] meerendeels aan de hooge roode houtboomen”). Die naam kom ook voor by Le Va. II 213, wat sê dat die boom so genoem is na die donkerrooi kleur van sy bas. Vermoedelik het ons hier te doen met die *Acacia Gerrardi*, wat nou ROOIBAS of ROODORING genoem word. Volgens Marloth, *The Common Names of Plants*, is ROOIHOUT egter die naam van die *Ochna arborea*. Dit lyk of ons in hierdie geval eerder met oorspronklike naamgewing as met komparatiewe

oordrag te doen het, maar die benaming *roodhout* is in Nederlands so oud en bekend dat dit tog onseker bly.⁵⁷⁾

As 'n naam in Indies-Nederlands bekend is, is 'n mens meer as gewoonlik geneig om verband tussen die Afrikaanse en die Nederlandse naam aan te neem. Dit is die geval met diername soos STINKDASSIE (*Procapia capensis*; Ment. II 371) en SLANGHALSVOËL (*Anhinga rufa*; Le Va. III 177) en plantname soos SAFFRAANHOUT (*Elalodendron croceum*; *Fl. Cap.* 159) en STERTPEPER (*Piper capense*; Thun. I 170). Volgens Thunberg was STERTPEPER die Afrikaanse volksnaam van 'n soort peper wat o.a. in die Grootvadersbos naby Swellendam gevind is. Dié naam is, vir sover ek weet, nie meer in Afrikaans bekend nie. Die plant word nou BOSPEPER of WILDEPEPER genoem. Dit is nie onmoontlik dat ou natuurondersoekers soms name as Afrikaanse volksname bestempel het wat in werklikheid nie onder die volk gebruik is nie. Miskien was dit die geval met STERTPEPER en ook met SLANGHALSVOËL. Le Vaillant vertel wel dat SLANGHALSVOËL die naam is wat sy Hottentotte aan die *Anhinga* gegee het, maar dié naam het ek nog nooit as volksnaam in Afrikaans teëgekome nie. Dit geld ook van twee Nederlandse voëlname, *kneutje* en *molenaar*, wat Le Vaillant aan die Kaap sou gehoor het.⁵⁸⁾

Op sigself staan die naam BELLIS of BELS. „They were loud here [d.w.s. aan die Kaap],” skrywe Thun. I 291,

⁵⁷⁾ Vgl. *Ndl. Wdb.* XIII 1211. VIERUURTJIE (Thun. I 295: *Vieruurs bloem*) is die naam van 'n ingevoerde plant en hoef dus nie hier bespreek te word nie. Vgl. daaroor Franken, *Huisg.* van 14 Nov. 1930, p. 23. Ook in Engels „four o'clock flower” reeds middel 18de eeu.

⁵⁸⁾ *Hist. Nat.* III 139: „outre le nom de *glas-oog*, quelques colons nomment aussi cet oiseau, *kneutje*”; en IV 35: „ce nom [molenaar] lui a été donné parce que le ramage du mâle semble imiter effectivement le bruit que produit la pierre des moulins à bras dont se servent beaucoup d'habitans pour moudre eux-mêmes leurs grains.”

„in the praises of the *Osmites camphorina*, to which they were pleased to give the name of *Bellis* (or daisy).” In die *Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* VI (Ao. 1829) 52 word die „Kaapse” naam van die plant, wat nou in die wetenskap as die *Osmitopsis asteriscoides* bekend staan, ook nog as *BELLIS* aangegee, maar vandag word alleen die vorm *BELS* gehoor. Hier het ons te doen met ’n geval waar ’n ou wetenskaplike geslagsnaam deur die volk vir ’n bepaalde plant gebruik is.

HOTTENTOTSE EN ANDER INBOORLINGNAME

In die bronne van hierdie tydperk word vir die eerste keer kennisgemaak met verskeie Hottentotse plant- en diername wat òf toe al vry algemeen onder die Hollandse koloniste in gebruik was òf later onder hulle in gebruik geraak het. Die meeste hiervan was name van diere en plante wat die koloniste eers buite die grense van die Boland leer ken het. Onder die diername kan ons weer dié van die antilope eerste noem, nl. *KOEDOE*, *OORBIETJIE*, *NOEMETJIE* en *GHNOE*. Van dié name is *KOEDOE* (*Strepsiceros strepsiceros*) waarskynlik die oudste in Afrikaans (vgl. Go. Mols. II 41 — Ao. 1761; Thun. II 89; Spar. II 439, 622, 630 vlgg.; ens.). *OORBIETJIE* tref ons die eerste by Thun. II 58 in die vorm *oribi* aan. Die bokkie wat hy beskrywe, is egter nie die oorbietjie (*Ourebia ourebi*) nie, maar die noemetjie (*Cephalophus monticola*). *NOEMETJIE* staan by Spar. I 307, 315 geboek as *gnometje*, by Le Va. II 217 in die vorm wat vandag nog gehoor word in die bosstreke van die suidkus waar die bokkie aangetref word. Die koedoe en oorbietjie het nooit eie Afrikaanse name naas die oorspronklik Hottentotse gekry nie, die noemetjie blykbaar pas aan die begin van die 19de eeu (*BLIOUBOKKIE*, *KLEIN-BOKKIE*), soos ons in die volgende hoofstuk sal sien.

Daarenteen het GHNOE (*Connochaetes gnu*), wat in die vorm *t'gnoe* as Hottentotse naam by Spar. II 552 aangeteken staan, as Afrikaanse ekwivalent reeds vroeg die naam WILDEBEEES. Die eie Afrikaanse naam dateer op sy laas uit die tyd van die reisiger Gordon (Ao. 1779),⁵⁹ en die Hottentotse *ghnoe* het eintlik nooit baie gebruiklik in Afrikaans geword nie.

'n Voorbeeld van die teenoorgestelde verskynsel, nl. dat 'n Hottentotse naam 'n oorspronklik Afrikaans-Nederlandse naam verdring, het ons in KWAGGA. In die bronne van hierdie periode kom die naam KWAGGA meermale voor, maar dan veral nog as die Hottentotse naam vir 'n dier wat die koloniste WILDEPERD of ook WILDE-ESEL noem (sien bv. Go. Mols. IV 4 en Le Va. IV 348). By die oorgang tot die 19de eeu is dit reeds anders. Dan lees ons telkens in die bronne van 'n soort wilde perd wat deur die koloniste KWAGGA genoem word (vgl. De Jong I 56; Bar. I 44: „another species of wild horse, known in the colony by the Hottentot name of *qua-cha*”; Go. Mols. IV 156; Bur. II 273: „a *wilde-paard* or *quakka*, as it was oftener called”). Presies op dieselfde manier is die naam WILDE-ESEL deur SEBRA, 'n ou internasionale ontlening uit 'n Midde-Afrikaanse taal, geleidelik verdring. Le Va. IV 348 deel egter mee dat die sebra aan die Kaap ook onder die naam GESTREEPTE ESEL bekend was, en ook vandag nog word die mooi naam STREEPESEL gehoor.

As Hottentotse name van kleiner diersoorte wat in Afrikaans bekend geword het, tref ons in hierdie periode alleen GEITJIE (*Phyllodactylus porphyreus*, ens.) en GRAATJIE (*Suricatta suricatta*) aan. Spar. II 771 vermeld die eerste naam in die vorm *t'geitje*, terwyl ons die tweede in 'n onderskrif onder 'n plaat in die Gordon-versameling (Ao. 1779) teëkom: „In het Hottentots *garda* en door onse

⁵⁹) Sien S. J. du Toit in die *Huisg.* van 19 Junie 1925, p. 17.

buitenlieden . . . *Graatje* geheten.”⁶⁰) Deur die vervorming van die Hottentotse of Boesmannaam tot GRAATJIE het die opvallend maer en skraal mierkatjie ’n baie gepaste naam in Afrikaans gekry.

Van die Hottentotse diername hierbo genoem is alleen KOEDOE aangetref in bronne wat dateer uit die tyd voor die natuurondersoekers Thunberg, Sparman en Le Vaillant na die Kaap gekom het. Met die uitsondering van KOEK(E)MAKRANKA is ook al die Hottentotse plantname wat in bronne van hierdie tydperk gevind is, afkomstig uit geskrifte van ná 1770. Van KOEKMAKRANKAS (*Gethyllis spp.*), ook in die Boland baie goed bekend, lees ons reeds in Ment. II 182, 325, in die opvallende vorm *krukimekranki*. Die vorm *koekoemakranka*, wat ook nog vandag gehoor word, vind ons by Thun. I 116 en die vorm *koekoemakrankie* later by Bur. I 55.

Dikwels is die gegewens in die ou bronne van so ’n aard dat dit uiters moeilik, soms onmoontlik is om die Hottentotse name te onderken en die plante wat hul aandui, van mekaar te onderskei. As voorbeeld die volgende. In die tweede deel van sy *Travels*, p. 98, skryf Thunberg: „*Kon* was a name given by the Hottentots to a shrub that grew here [in die Bokkeveld] (*Mesembryanthemum emarcidum*) and was famous all over the country.” Hy sê dat dit deur die Hottentotte as pruimtabak gebruik word en vervolg dan: „The word *kon* is said to signify a quid; the colonists call it *canna-root* . . .” Vier bladsye verder vertel hy: „The Hottentots who traverse these dry carrow fields use several means, not only to assuage their hunger, but more particularly to quench their thirst. Besides the above mentioned plant called *Kón* or *Gunna*, they used

⁶⁰) S. J. du Toit in *Huisg.* van 19 Junie 1925, p. 17. Shortridge het onder die //Kíau//en-Boesmans *Xarab* en onder die Naron-Boesmans *Xara:gi* as naam van die graatjiemierkat opgeteken (*The Mammals of South West Africa* I 145). *Graatje* is dus waarskynlik oorspronklik ’n Boesmanwoord.

two others, viz. one called *Kamekà* or *Barup*, which is said to be a large and watery root; and another called *Ku*, which is likewise, according to report, a large and succulent root." KANNA(WORTEL) is ongetwyfeld die woord wat reeds in die vorige hoofstuk as Hottentotse plantnaam bespreek is. Of daar etimologiese verwantskap tussen *kanna*, *kón* en *gunna* bestaan, is ek nie bevoeg om uit te maak nie. Miskien is *gunna*, die Hottentotse naam vir 'n *Mesembryanthemum*, die woord wat in Afrikaans GHOENA(VY) bly voortleef het. Die *barup* en *kamekà* van Thunberg het ook albei in Afrikaans oorgegaan en bly voortbestaan in die vorms BARO(E) en KAMKO.⁶¹) Voordat ons tot die behandeling van die naam *ku*, soos dit hierbo staan, kan oorgaan, is dit nodig om nog twee sitate uit Thunberg en een uit Le Vaillant te gee. Op p. 150 van die aangehaalde deel skryf Thunberg: „*Kamerup* was the name given here [digby die mond van die Olifantsrivier] to the Hottentots' water-melon, a large succulent root," en op p. 185: „Here I heard much talk of a Hottentot Watermelon, which is said to be a large and succulent root, called *Kou* by the Hottentots, who grind it down to meal, and bake it like bread." Op p. 73 in die tweede deel van sy *Reizen* lees ons by Le Vaillant: „Die [nl. wortel], welke mij best behaagde, onder den Hottentotschen naam van *Kamero* bekend, is van gedaante als een radijs, zoo groot als eene meloen, en van eenen aangenaamen zoeten smaak . . .” Blykens die bogenoemde artikel van Dr. Muir word die name KAMKO, KOMARO, KO vandag in Afrikaans deurmekaar vir verskillende plante met eetbare knolle gebruik. Uit die sitate hierbo lyk dit of dit vroeër nie baie anders was nie. Vandag kom in Afrikaans ook nog die naam KAMBRO of KOMBRO vir 'n soort knolgewas voor. In deel II, p. 75, van sy *Reisen* skryf Lichtenstein: „Jenseits des grossen

⁶¹) Dr. John Muir, „Gewone Plantname in die Distrik Riversdal,” *Huisg.* van 30 Aug. 1929, p. 45 vlgg.

Flusses nâhren sich die Buschmânnen von der knolligen Wurzel ihres 't²Kambroo, einer noch onbestimmten, den Botanikern bis hieher fremd gebliebenen Pflanze.'" Die vorms BARO(E), KAMB(A)RO(E), KAMERO(E) is seker met mekaar verwant, eweas KO(E) en KAMKO(E); maar wat die verwantskap is, is 'n saak vir die Afrikanis.

Behalwe die bogenoemde het die Hottentotse name van verskeie ander eetbare knol- of wortelgewasse in Afrikaans bekend geword. Daar is die GATGAAI (Thun. I 149: *gatagay*) of TATGAAI (Spar. II 448: *da-t'kai* — die wortel van 'n *Mesembryanthemum?*), die GLIE(WORTEL) (*Ruthea gumifera*; Thun. II 31) en die KARIË(WORTEL) (*Anacampseros spp.*; Gordon, volgens Du Toit in *Huisg.* van 19 Junie 1925), wat gebruik word om heuningbier te laat werk.⁶²) Plante waarvan die vrug deur die Hottentotte geëet is en waarvan die Hottentotse name in Afrikaans ingang gevind het, is die NOEM-NOEM (*Carissa spp.*; *Fl. Cap.* 212: *nomnom*; Bur. I 191: 'Num 'num; Z.A.T. III, Ao. 1826: *gnoemnoum*) en die GHWARRIE(BOS) (*Euclea undulata*; Thun. I 202; Pat. 43; Bur. I 387 n.).⁶³)

Tot die Hottentotse plantname wat eweas die bogenoemde veral plaaslik in Afrikaans bekend is, behoort verder die NORRA of NORRETJIE (*Pelargonium rapaceum*; Le Va. IV 2 vlg.: *noerap*), die NOKKA (*Moraea spathacea*; *Fl. Cap.* 76) en, miskien, die GOREË ('n aalwynsoort; vgl. Spar. II 766-768, waar 'n anekdotiese verklaring van die naam gegee word). Taamlik algemeen bekend is daarenteen die KANNA- of GANNA(BOS) (*Salsola spp.*; Ment. II 133; Thun. I 199;

⁶²) Moontlik is die *kannip* (*Hydnora africana*) van Marloth dieselfde as die *kaa-nap* van Le Va. II 75. Is die wortelnaam *harup* wat Thun. II 150 vermeld, nog plaaslik in Afrikaans bekend?

⁶³) Boshoff, *Volk en Taal*, p. 381 vlg., oorweeg die moontlikheid dat GHWARRIE 'n Kafferwoord kan wees. Paterson het dit egter in die westelike deel van die Klein-Karoo opgeteken, sodat dit sonder twyfel uit Hottentots in Afrikaans gekom het. Burchell sê uitdruklik dat GHWARRIE die Hottentotse naam vir verskillende soorte *Euclea* is.

De Jong II 112; Bur. I 267 n.: „*Kanna* also signifies the antelope called *Eland*. The *Kanna-bosch* (written *Ganna* by the Dutch) may probably have been considered as the favourite food of the *Kanna* . . .” en die KAREE(BOSSIE) (*Rhus tridactyla*; Go. Mols. IV 33), waarvan loog vir seep gekook is, en ook die NENTA(BOSSIE) (*Cotyledon spp.*; Thun. II 97), wat giftig is vir skape. Die GA(GRAS), wat ons die eerste by Wikar 91 aantref: „’t zaad van de lange witgras of gaa” is weer feitlik alleen in die Noordweste bekend.

Ten slotte het ook ’n paar Hottentotse boomname in hierdie tyd in Afrikaans ingang gevind. In die eerste plek die KAREE(HOUT of -BOOM), waarvan die Hottentotte graag hul boë en assegaaië gemaak het (*Rhus lancea* en *R. viminalis*; Thun. II 171; Go. Mols. II 67; ens.), verder die KOMASSIE- of KAMASSIE(HOUT) van die suidkus (*Gonioma Kamassi*; Thun. I 169; Go. Mols. IV 28; Bar. I 297) en die DAWEE (*Tamarix articulata*), wat die eerste in die reisjoernaal van Wikar, p. 89, voorkom.⁶⁴)

Dit is nie seker of al die name wat hierbo as Hottentots aangegee is, inderdaad Hottentots is nie. Ons het reeds gesien dat GRAATJIE waarskynlik oorspronklik ’n Boesmanwoord is. Arbousset en Daumas, *Narrative of an Exploratory Tour to the North-East of the Colony of the Cape of Good Hope*, p. 251, sê dat ook die naam GHNOE eintlik Boesmans is, terwyl Pettman, *South African Place Names*, p. 15, dieselfde van die plantnaam BAROE beweer. Pettman lei verder die name KOEDOE en GHWARRIE uit Kaffers af (sien *Africanderisms* i. vv. *koodoo* en *guarri* en *S.A. Place Names*, pp. 141, 150), maar sy afleidinge is nie baie oortuigend nie. Soos hierbo uiteengesit is GHWARRIE feitlik seker ’n Hottentotse woord, terwyl dit onwaarskynlik is dat ’n Kafferwoord al omstreeks die middel van die 18de eeu in die taal

⁶⁴) I.v.m. die *koouw*(boom) van Wikar 134, wat in die Noordweste nog as KOUBOOM bekend is, sien Von Wielligh, *Ons Geselstaal*, p. 149.

van die koloniste ingedring het. Verskeie name wat deur die ou bronne as 'Hottentots bestempel word, is wel nog nie as sodanig teruggevind nie, maar die waarskynlikheid is groot dat hul wel Hottentots is of deur dié taal in Afrikaans gekom het. Die ondersoek na die uiteindelijke herkoms van dié name moet in ieder geval liefs aan die Afrikanis oorgelaat word.

AFRIKAANSE DIERNAME

In hierdie periode tref ons 'n paar honderd nuwe oorspronklik Afrikaanse name in die bronne aan, byna eweveel plant- as diername en weer hoofsaaklik in die werke van die natuurondersoekers wat tussen 1770 en 1785 aan die Kaap was. Ons kan net maar probeer om 'n oorsigtelike groepering van die name te gee, met 'n aanduiding van die oudste vindplaas en 'n aanmerking hier en daar waar nodig. Die diername word eerste behandel.

In die eerste hoofstuk het ons die woord *POESKOP*, die naam van 'n walvis met 'n kort dik kop, behandel. Die naam is in Afrikaans ook op olifante sonder tande, dus met 'n stomp kop, toegepas. In dié betekenis is dit die eerste deur Le Va. III 311 vlg. opgeteken.⁶⁵) Ook beeste sonder horings is later so genoem. „Les Hollandais Sud-africains,” skryf Delegorgue I 550, „désignent généralement du nom trivial de *poes-kop* tous animaux qui, devant porter cornes ou défenses, en sont privés par suite d'une conformation anormale.”

Die antilope het in die lewe van die koloniste, wat byna almal groot jagters was, 'n belangrike rol gespeel. Buite die grense van die Bolandse kerngebied, in die suidelike kusstrook en in die binneland, het hul verskeie voorheen onbekende soorte bokke aangetref waarop jag kon gemaak

⁶⁵) Die eufemistiese vervorming *KOESKOP* tref ons aan by Cowper Rose, *Four Years in Southern Africa*, p. 220 (Ao. 1825).

word. Ons het hiervoor reeds gesien dat die koloniste sommige van dié bokke met hul oorspronklike Hottentotse name benoem het. Die meeste het egter eie Afrikaanse name gekry.

In die binneland het hulle met 'n bok kennisgemaak wat later nasionale betekenis sou kry (die *Antidorcas marsupialis*), en hom om 'n opvallende eienskap die naam SPRINGBOK gegee.⁶⁶) Om 'n ander mooi eienskap is hy ook PRONKBOK genoem (Le Va. IV 343 vlg.; Deleg. I 67), maar dié naam is nou, ongelukkig, blykbaar geheel en al verdring.⁶⁷) Die springbokke het verder die gewoonte gehad om in groot troppe te trek, in tye van droogte dikwels tot groot skade en ongerief van die veeboere, en het daarom ook die naam TREKBOKKE gekry (Le Va. IV 343 vlg.)

'n Ander bok, wat in die bosryke streke van die suidkus en die oostelike Kaapland aangetref is, die *Tragelaphus scriptus*, het onder die naam BOSBOK bekend geraak (Spar. I 159), terwyl 'n derde, die *Redunca arundinum*, wat hom by voorkeur in moerassige, met riet begroeide plekke in die Oostelike Provinsie opgehou het, RIETREBOK of kortweg RIETBOK genoem is (Spar. II 640; Gordon — vgl. Du Toit in *Huisg.* van 19 Junie 1925). In verband met antilope wat nie in die Boland aangetref is nie, moet hier nog die WILDEBEEES genoem word, wat egter reeds hierbo ter sprake gekom het.

Variëteite van bekende antilopspeurte is nou ook meer met name onderskei. By Spar. II 641 lees ons van die VLAKTESTEENBOK, wat volgens hom ook al weer twee ander name het, nl. BLEEBOK en VAALREEBOK.⁶⁸) Volgens Gordon

⁶⁶) Die oudste bewysplaas van die naam SPRINGBOK is Go. Mols. III 285 (joernaal van die tog van Beutler, Ao. 1752).

⁶⁷) Spar. II 499 praat ook van die „zoogenaamde springbokken of lichtspringers.“ Die naam LUGSPRINGER is my egter uit geen ander bron bekend nie.

⁶⁸) Sien ook later Bur. II 302; Harris, App. 357 n.; Cumming 12.

het dié bok ook nog bloot VLAKTEBOK, en volgens Deleg. I 481 ook BLEEKSTEENBOK geheet. Die veelheid van name het verwarring gestig en ongetwyfeld ook meermale natuur-ondersoekers en ander waarnemers van die spoor gebring. Dit lyk vrywel seker dat VLAKTESTEENBOK en VLAKTEBOK, BLEEKSTEENBOK en BLEEKBOK almal name vir dieselfde soort, of altans variëteite van dieselfde soort bok was; maar Sparman maak waarskynlik 'n fout waar hy sê dat VAALREEBOK 'n ander naam vir die VLAKTESTEENBOK was.

Die meeste ander soogdiernaam uit hierdie periode is ook weer deur Sparman opgeteken. Name van jakkalse wat ons by hom vind, is GRYSJAKKALS en UINTJIESJAKKALS (II 603, 605). Die dier wat hy onder die naam GRYSJAKKALS beskrywe, is egter nie ons gewone grysjakkals (*Canis mesomelas*) nie, maar die maanhaarjakkals, terwyl die naam UINTJIESJAKKALS (die dier het sy naam gekry, sê Sparman, „wyl het wortelen en bollen van gewassen of uien opgraaf en eet“) vandag heeltemal onbekend skyn te wees, tensy dit nog plaaslik gehoor word in Agterbruintjieshoogte, die streek waar Sparman dit oorspronklik opgeteken het. By Sparman tref ons ook die eerste die naam STRANDWOLF vir die *Hyaena brunnea* aan (I 196). 'n Ander hiëna-agtige dier, die AARDWOLF of ERDWOLF (*Proteles cristatus*), is die eerste deur Wikar 88 en Le Va. IV 260 met name vermeld.

Hoewel *boszwijn* reeds sinds die 17de eeu in Nederlands bekend is (as digterlike woord), kan ons BOSVARK (Spar. II 443) tog as 'n eie Afrikaanse naam vir die *Potamochoerus koiroptamus* beskou, omdat dié dier juis in die bosryke kusstreke ooswaarts van Swellendam gevind is. Die BERGVARK wat Sparman I 306 beskrywe, is my uit geen ander bron bekend nie, ewemin as 'n ander soort wilde vark wat volgens Le Va. V 164 deur sy Hottentotte HARDLOPER genoem is.

Van die hase is die ROOIGATHAAS (*Pronolagus crassicaudatus*) deur Le Va. IV 106 gesinjeleer, die BERGHAAS of SPRINGHAAS (*Pedetes cafer*) — wat dan eintlik

geen haas is nie, maar tot die orde van die knaagdiere behoort — deur Spar. II 652 en Thun. II 182. Nóg die springhaas nóg die rooigathaas is in die Boland aangetref. Onder die diere wat deur die volk tot die molle gereken word, kry ons eers by Ment. II 390 die BLESOL (*Georychus capensis*) en die LANDMOL (*Georychus hottentotus?*; sien ook Masson 304), dan by Thun. I 263 die WITMOL (*Bathyergus sp.*) en die BLINDEMOL (*Spalax typhlus*), hoewel die mol wat Thunberg onder laasgenoemde naam beskrywe, eintlik die kruipmol (*Chrysochloris aurea*) is. Verder lees ons by Spar. II 654 en Thun. II 5 van die SANDMOL en by Gordon van die DUINMOL (*Huisg.*, 19 Junie 1925; sien ook De Jong I 84), blykbaar verskillende name vir die *Bathyergus maritimus*, 'n knaagdier wat in die hele westelike en suid-westelike kusstrook van die Kolonie hou.

Aan die reisiger Paterson het ons die volksname van verskeie Afrikaanse slange te danke. Hy vermeld die KOUSBANDJIE (*Homorelaps lacteus*), POFADDER (*Bitis arietans*), SPUUGSLANG (*Sepedon haemachates*), GEELSLANG (*Naja flava*), NAGSLANG (*Lamprophis aurora*) en ook die HORINGSMANNETJIE (*Bitis cornuta*) en die SPRINGADDER (pp. 75, 161-165).⁶⁹ Paterson beskrywe die springadder as „a very dangerous, but uncommon snake; it is jet black, with white spots, from three to four feet long, and proportionally thick.” Vir sover my bekend word die naam SPRINGADDER vandag nie meer gehoor nie, en dit is moeilik om vas te stel watter slang vroeër daarmee aangedui is. Volksname van ander reptiele kom ons in hierdie periode nie teë nie. Alleen Mentzel vermeld 'n klein soort klipakkedis onder die volk bekend as die „fuchs mannges” (*V.R.V.* VI 144), maar so 'n naam bestaan vandag nie in

⁶⁹) By Pat. in Engels „Horned Snake” en by Le Va. IV 316 „horen-mannetje.”

Afrikaans nie. Miskien het KOGGELMANNETJIE hom deur die hoof gespeel.

Name van insekte wat in bronne van hierdie tydperk aangeteken staan, is HOTTENTOTSGOT, BLAASOP of OPBLASER, HARDLOPER en die alombekende BOSLUIS. Oor HOTTENTOTSGOT het ons dit reeds hierbo gehad. BLAASOP, die naam vir 'n *Pneumora*, kom in sy Afrikaanse vorm by Spar. I 346 vlg. voor; Thun. I 150 noem die sonderlinge diertjie nog *opblaser*. 'n Afrikaanse loopkewersoort word volgens Thun. I 293 HARDLOPER genoem, 'n naam wat vandag nog in die vorm HARDLOPERBESIE gehoor word. Wikar het die eer dat die naam BOSLUIS die eerste uit die verslag van sy omswerwinge, p. 119, opgeteken is. By hom is ook die eerste 'n ander lastige diertjie, die TREKSPRINKAAN (*Pachytylis migratorius*), vermeld.

Visname is in die bronne van hierdie tyd nog heel weinig aangegee. Thun. I 295 noem die JOSEF (*Callorynchus antarcticus*) of DODSKOP (lees DOODSKOP? So genoem om sy vreemdvormige kop?) en die TRILVIS (Ndl. *trilrog*, vroeër vermeld as DRILVIS — sien hierbo); by Wikar III lees ons van die MOKKELKOP of *varswaterbager*. Die herkoms van die naam MOKKELKOP is nog onseker. Prof. Franken het dit (*V.R.V.* XV 249 n. 12) in verband gebring met Ndl. *mokkel*, „een dik mollig kind of meisje,” sinoniem met Ndl. *poen*, wat volgens hom in Afr. *poe(n)skop* gevind word. Myns insiens is Prof. Franken se afleiding van *poe(n)skop* onjuis — sien hierbo. In Afrikaans bestaan daar ook 'n varswatervis genaamd MOGGEL (die *Barbus capensis*), wat enigsins na die mokkelkop van Wikar lyk. *Moggel* en *mokkel* is waarskynlik wisselvorme van dieselfde woord. Ook van die Nedl. *mokkel* hierbo genoem bestaan daar 'n byvorm *moggel*. Of daar verband tussen die Nederlandse en Afrikaanse woorde bestaan, is moeilik om te sê. Daar kan ewewel nog gewys word op die dialekties Nederlandse *machel*, „soort van baars die meestal in die breede sloten

en vijvers leeft" (Joos, *Waasch Idioticon*, p. 418), wat moontlik met die Afr. *moggel* verwant is.⁷⁰⁾ Wikar III noem ook nog 'n ander riviervis, die WITVIS (*Barbus capensis*), 'n naam wat egter oorgeërf kan wees.

Eindelik kan nog as seediertjie die STRANDDUBBELTJIE van Thun, I 241 vermeld word — „the name given to an *Umblicus veneris*, or the upper valve of a cockle-shell, which was covered all over with tubercles.”^{70bis)}

Gedurende sy reise in Suid-Afrika in die jare 1780 tot 1785 het die Franse natuurondersoeker Le Vaillant 'n groot aantal Afrikaanse voëlname opgeteken. Dié name het hy te boek gestel in sy bekende reisverhaal, maar veral in die groot sesdelige pragwerk *Histoire Naturelle des Oiseaux d'Afrique*, vandag nog 'n model van druk- en illustrasiekuns. Hierdie name kan ons nou, met 'n vyftiental ander wat uit ouer bronne stam, groepsgewyse behandel.

Van die vier ibisse wat in die Kolonie voorkom, het drie in hierdie periode reeds volksname gehad. Die heilige voël van die ou Egiptenare, die *Threskiornis aethiopicus*, is by ons om sy opvallende swart kop, nek en stert in teenstelling met die wit van sy lyf die SKOORSTEENVEËR genoem (Go. Mols. III, onderskrif op plaat van Gordon, teenoor bls. 120). Met die skoorsteenveër kon die ou koloniste reeds in die onmiddellike omgewing van die Kaap kennismaak, met 'n ander ibis, die *Hagedashia hagedash*, eers in die bos- en

⁷⁰⁾ Oor (VARSWATER)BAGER sien Franken, *Huisg.* van 7 Nov. 1930, p. 65.

^{70bis)} In die *Huisg.* van 7 Nov. 1930, p. 65, n. 7, het Prof. Franken uit argiefstukke van kort ná die middel van die 18de eeu enkele verouderde name van Kaapse skulpdiertjies en visse aangehaal. Die name van die twee skulpdiertjies is „*parlemoerhoorn* of *koiquitje*” en „*boere-huif* of *schipperkje*,” dié van die visse „*faber* of *zeehaan*” en „*slurp vis* of *elivant*.” Die name *koiquitje* en *faber* is duister; *parlemoerhoorn*, *schipperkje*, *olifant* en *zeehaan* was nie spesiaal Kaapse name nie; *boerehuif* en *slurpvis* ken ek uit geen ander bron nie.

waterryke streke van die suidkus, van Knysna af ooswaarts. Hierdie voël het die boere HAGEDAS of HADELDE (Spar. I 317), HADDADAS (Bar. I 219) of ADDADA (Arbousset 190) genoem in navolging van die afskuwelike krete wat hy uitstoot.⁷¹⁾ Die derde ibis wat 'n volksnaam gekry het, al was hy maar 'n skaars voël, was die *Geronticus calvus*, wat by voorkeur in bergagtige streke hou. Veral weens 'n sekere ooreenkoms in kleur met die gewone mannetjiekalkoen, is hy WILDEKALKOEN genoem (Gordon — sien *Huisg.*, 19 Junie 1925; Steedman I 133).

In die vorige hoofstuk is gewys op 'n mededeling in die ou bronne dat die Kaapse koloniste die giere STRONTVOËLS of STRONTJAERS noem. Dit is opvallend dat *gier* glad nie as volkswoord in Afrikaans bekend is nie. Die algemeen gebruiklike naam van vandag, AASVOËL, kom ons die eerste by Le Va. II 137 teë. Of AASVOËL 'n Afrikaanse skepping is, is nie met sekerheid te sê nie. Uit Nederlands is die woord my nie bekend nie, wel *aasgier*; maar in Duits kom naas *Aasgeier* ook *Aasvogel* voor. Die naam AASVOËL word by ons ook spesiaal op die *Gyps coprotheres* toegepas, terwyl SWARTAASVOËL (*Hist. Nat.* I 41) die naam van die afsigtelike *Torgos tracheliotus* is. Naas dié twee giere was daar nog 'n derde, veel kleiner soort waarmee die boere in die Kolonie kon kennismaak, nl. die *Neophron percnopterus*. Aan hom is die misleidende naam WITKRAAI gegee (Le Va. III 308; *Hist. Nat.* I 62). Le Va. IV 114 vermeld dat die Namakwas hierdie gier *oeri-goerap* genoem het. In die taal van die Namakwa-Hottentotte beteken !Uŕ „wit” en goráb „kraai,” sodat die misleidende Afrikaanse naam klaarblyklik 'n letterlike vertaling uit die Hottentots is. By nader ondersoek mag dit blyk dat baie meer Afrikaanse volksname van plante en diere vertalinge uit die Hottentots is.

⁷¹⁾ Die Akademie-woordelys gee alleen die vorm HADIDA, hoewel ook vandag nog ander vorme gehoor word.

Van betreklik min lede van die uitgebreide familie *Falconidae* is in hierdie periode eie Afrikaanse volksname opgeteken. Die twee bekendste valke van die Boland en elders, die *Falco tinnunculus rupicolus* en die *Elanus coeruleus*, het onderskeidelik as die ROOIVALK en die WITVALK bekend geword (*Hist. Nat.* I 132, 144). Le Vaillant vermeld dat die witvalkie ook nog LEWERKVANGER genoem is, maar dié naam word nou selde of nooit gehoor. In die bosryke kusstrook van Knysna af ooswaarts het die koloniste 'n ander valk leer ken, die *Aviceda cuculoides verreauxi*, wat hul NAGVALK genoem het, vermoedelik omdat hy so selde gesien is. Verder het die boere buite die grense van die Boland kennisgemaak met 'n arend wat seker een van die mooiste van alle Suid-Afrikaanse roofvoëls is, nl. die *Terathopius ecaudatus*; hulle het hom die mooi klinkende naam BERGHAAN gegee (*Hist. Nat.* I 34). Hy is ongetwyfeld so genoem omdat sy lewendige kleure, sy regop houding as hy sit, en die kamvormige vere van sy kop enigsins aan 'n haan laat dink.⁷²⁾ 'n Ander groot roofvoël wat ook in bergagtige streke hou, die *Buteo rufofuscus*, het die naam JAKKALSVOËL gekry, „par rapport à son cri qui imite celui de ce renard d'Afrique” (*Hist. Nat.* I 74). Le Vaillant deel mee dat die jakkalsvoël ook nog ROTTEVANGER genoem is, maar hierdie naam is nou blykbaar uitgesterwe. Ten slotte kan nog twee name van *Falconidae* aangegee word wat ook deur Le Vaillant opgeteken is, nl. KIKVORSVANGER en GROOT- of WITVISVANGER (*Hist. Nat.* I 21, 96). KIKVORSVANGER — nou meestal PADDAVRETER — is die naam van die *Circus ranivorus*, GROOT- of WITVISVANGER dié van die seearend (*Cuncuma vocifer*), albei voëls wat ook in die omgewing van die Kaap aangetref word.

As nagtelike teëhanger van die roofvoëls hierbo genoem, kan ons hier die enigste uil vermeld wat in hierdie periode

⁷²⁾ Volgens Le Vaillant is die naam BERGHAAN ook op ander groot valkagtiges, veral arende, toegepas.

'n eie Afrikaanse naam gekry het, nl. die *Tyto alba*, waaraan volgens Le Vaillant, *Hist. Nat.* I 165, die bygelowige koloniste die naam DOODVOËL gegee het.

'n Voël wat geheel op sigself staan, maar bes hier kan genoem word, is die bekende *Sagittarius serpentarius*, wat ons hierbo reeds as die SLANGVRETER leer ken het. Dié naam het tot vandag toe bly leef, maar is reeds in die tweede helfte van die 18de eeu op die agtergrond gedring deur die geestige naam SEKRETARISVOËL, wat in hierdie tydperk in byna alle bronne aangetref word (Thun. I 148; Spar. I 184; Le Va. IV 182).

Voor ons tot die behandeling van die name van die kleiner voëls kan oorgaan, moet hier nog eers dié van 'n paar voëls wat tot die familie *Phasianidae* behoort, bespreek word. Die interessantste daaronder is TARENATAAL vir die *Numida mitrata coronata*, 'n hoenderagtige voël van die oostelike Kaapland en die middelloop van die Oranjerivier. Prof. Smith het die woord TARENATAAL afgelei van *Terra de Natal*, in die ou tyd die naam van die hele oostelike deel van Suid-Afrika. In 1752 kom die ontdekkingsgeselskap van Beutler digby die Boesmansrivier by 'n plek wat hul Hoenderkraal noem om die groot aantal „Ternataalse hoenders” wat hul daar vind (Go. Mols. III 285). *Ternataals* moes vir Beutler en sy mense nog 'n aardrykskundige betekenis gehad het of gelyk gestaan het met iets soos „Kaffers,” soos blyk uit die „Ternataansch koor” waarvan ook in die joernaal van hul tog melding gemaak word (Go. Mols. III 296).⁷³⁾ Teen 1775 was die vorm *tarentaalse hoenders* al heel gewoon. Dit kom voor by Wikar, in die reisverhaal van P. Cloeten en by Gordon (Go. Mols. II 82; IV 11; *Huisg.*, 19 Junie 1925). *Tarentaal* as selfstandige naamwoord in die betekenis „wildehoender” kry ons eers in die 19de eeu, by Bur. I 364 in die vorm *Jan*

⁷³⁾ Prof. Franken het reeds *V.R.V.* XV 250 n. 17 daarop gewys dat *tarentaal* nog by Wikar in die betekenis „Kaffer” staan.

Tadentaal, by Phillips 99 in die vorm *tarental*. WILDEHOENDER self kry ons by Gordon en P. Cloeten hierbo genoem. 'n Ander lid van die familie *Phasianidae*, die *Pternistis afer castaneiventer*, wat ook eers van Knysna af na die ooste toe aangetref is, is ROOIFISANT genoem, „omdat zij de voeten en den naakten huid aan de keel van die kleur heeft” (Le Va. I 160).

Onder die name van die kleiner voëls kan ons NAMAKWAPATRYNS vir die *Pterocles namaqua* eerste noem omdat dit die oudste naam uit hierdie periode is. Ons kom dit reeds teë in die verhaal van die tog van vaandrig Rhenius, Ao. 1724 (Go. Mols. II 15). Naas NAMAKWAPATRYNS kom as vanself NAMAKWADUIF vir die *Oena capensis* te staan. Dit is die eerste deur Thun. II 34 vermeld. Thunberg noem ook nog die naam van 'n ander duif wat volgens hom nie suid van Piketberg gevind word nie, nl. ROOITORTELDUIF (Thun. II 140: *Columba senegalensis*). 'n Lid van die familie *Columbidae* wat weer alleen in die bosryke kusstreke van Knysna af voorkom, is die *Columba arquatrix*, waarvoor Le Vaillant, *Hist. Nat.* VI 67, die naam OLYFDUIF opgeteken het. Die voël is so genoem omdat dit so gek is na die vrug van die wilde-olyf en dra nog dié naam.

'n Baie besondere voël wat ook eers van Knysna af ooswaarts aangetref is, is die *Turacus corythaix*, waaraan die naam LOERIE gegee is. Sedert die einde van die 16de eeu was die Maleise naam *loeri* in verskeie Europese tale bekend vir sekere soorte papegaai — „geweldig wonder schoon en hoog van kleur” — uit die oostelike Indiese Argipel. Omstreeks die middel van die 18de eeu, miskien al eerder, is die bekende naam op die helderkleurige, papegaai-agtige Afrikaanse *Turacus* toegepas. Die naam *Loeriesrivier*, wat sy ontstaan aan die voëls in die omgewing te danke het, ken ons uit 1765 (vgl. Botha: *Place Names in the Cape Province*, p. III.)

Die drie Afrikaanse kraaie het in hierdie tydperk al drie reeds name gehad: die *Corvultur albicollis* is RINKHALSKRAAI

genoem (Le Va. III 308), die *Corvus albus* die BONTKRAAI (*Hist. Nat.* II 14) en die *C. capensis* die KORINGLANDKRAAI (id. II 11), omdat hy hom so graag op die lande opgehou het terwille van die larwes en die wurms wat deur die ploeg blootgelê word.

Met een uitsondering is ook al die spreekus waarmee die koloniste in die 18de eeu kon kennismaak, benoem en die name deur Le Vaillant opgeteken. Die twee spreekus wat ook in die Boland voorkom, die *Spreo bicolor* en die *Onychognathus morio*, is resp. WITGATSPREEU en ROOIVLERKSPREEU of BERGSPREEU genoem (*Hist. Nat.* II 140, 156);⁷⁴ verder van die Kaap is die *Onychognathus nabouroup* en die *Lamprocolius nitens* aangetref, wat die name WITVLERKSPREEU en GROENSPREEU gekry het (*Hist. Nat.* II 159, 171).

Onder die lewerike is drie soorte in die westelike Kaapland met name onderskei — die KLAPPERLEWERK (*Mirafra apiata*; *Hist. Nat.* IV 130), so genoem na die klapgeluide wat hy met sy vlerke maak as hy regop styg in die lug, die ENKELDE-LEWERK (*Tephrocorys cinerea*; *Hist. Nat.* IV 129) en die DUBBELDE-LEWERK (*Calendula magnirostris*; *ibid.*). Die „clapert-liwerk” van Le Vaillant word nou meestal KLAPKLAPPERTJIE genoem; of die eienaardige en moeilik verklaarbare name ENKELDE- en DUBBELDE-LEWERK nog bestaan, kon ek nie beslis nie. Le Vaillant behandel *Hist. Nat.* IV 125 ook nog ’n lewerik wat volgens hom baie gewoon is in die sandduine om Tafel-, Vals- en Saldanhaabaai en deur „tous les colons du Cap” na die geluid wat hy maak, „sirli” genoem word. Die naam SIERLIE of iets wat daarop lyk, is my egter uit geen ander bron bekend nie.

⁷⁴ Die naam BERGSPREEU word vandag sover ek weet nie meer gehoor nie. Dat dit vroeër wel bestaan het, word bewys deurdat dit in ’n onderskrif op ’n tekening uit die Brittenversameling voorkom—sien Waterhouse, *A Journal of an Expedition*, ens., XXVI. Die tekeninge dateer reeds uit die 17de eeu, maar die onderskrifte is moontlik van later datum.

Koekoek is in westelike Kaapland betreklik seldsaam. Van twee onder dié wat daar is, is in hierdie tyd name opgeteken, nl. NUWEJAARVOËL vir die *Clamator serratus* en die klanknabootsende DIEDERIK vir die *Lampromorpha caprius* (*Hist. Nat.* V 39, 46). Blykbaar is die koekoek nie as sodanig aan die Kaap herken nie; altans *koekoek* word nie as volksnaam in Afrikaans gehoor nie.

Verreweg die meeste van die kleiner voëls word deur die volk nie in aparte groepe of families saamgevat nie, en in Afrikaans ontbreek versamelname vir dié voëls dan ook meestal. Wanneer 'n naam vir 'n familie wel bestaan, is dit dikwels ten koste van onderskeidende name vir die verskillende geslagte. So noem ons die *Hirundinidae* gewoon MAKSWAWELS en die *Micropodidae* almal WILDE-SWAWELS, soos reeds deur Le Vaillant, *Hist. Nat.* V 144, opgemerk. Wat natuurlik eweneens gebeur, is dat verskillende soorte voëls van dieselfde geslag nie duidelik van mekaar onderskei word nie, sodat almal met een naam aangedui word. So deel Le Vaillant, *Hist. Nat.* VI 34, mee dat al die soorte van die geslag *Colinus* in Afrikaans MUISVOËL heet, 'n naam wat hul gekry het „parce que leurs plumes fines, soyeuses, à brins chevelus et séparés, n'imitent pas mal le pelage d'une souris, et que d'un autre côté, ils se traînent dans les buissons et à terre à-peu-près comme le feroient des souris." Hy sê ook, *Hist. Nat.* III 13, dat die naam DRUIWEVRETER, afgesien van sy toepassing op 'n bepaalde voël, die Afrikaanse verteenwoordiger van die Franse „grive de vigne," taamlik algemeen gebruik word „pour désigner tous les merles." Die naam MUISVOËL is nog goed bekend in Afrikaans, maar dit skyn of DRUIWEVRETER nie meer gehoor word nie.

Le Vaillant weet ook te vertel, *Hist. Nat.* II 65, dat byna alle klein saadetende voëltjies aan die Kaap KANARIE genoem word, en alle voëls wat op hulle jag maak, KANARIE-BYTER. Van dié gebruik — as dit ooit bestaan het — het daar vandag weinig oorgebly. Die naam KANARIEBYTER is

inderdaad gegee aan dieselfde voël wat ook FISKAAL genoem is, nl. die *Lanius collaris*, en is vandag nog in dié toepassing bekend. Thun. I 293 gee albei volksname.⁷⁵⁾ Volgens Le Va., *Hist. Nat.* II 74, is die naam BONT- of SWARTKANARIEBYTER egter spesiaal toegepas op die *Laniarius ferrugineus*, wat volgens Dr. Gill in Kaapstad die WATERFISKAAL heet, terwyl GEELKANARIEBYTER weer 'n ander naam vir die roofgierige bokmakierie (*Telophorus zeylonus*) was — *Hist. Nat.* II 65. Die bokmakierie of geelkanariebyter was volgens Le Va., *Hist. Nat.* II 68, ook as die eilandvoël bekend. Later het Bur. I 245 egter daarop gewys dat Le Vaillant die volksnaam verkeerd gehoor het en dat dit ELANDVOËL moet wees. „The *Eland-vogel* . . . ,” sê hy, „is a handsome bird, and may easily be discovered by its remarkable clear and loud note. Its original name was given in the language of the Hottentots, who believe that it is an attendant on the antelope called *Eland*; or at least, that it is an indication of that animal being not far off.” Le Vaillant vermeld t.a.p. reeds die klanknabootsende naam BOKMAKIERIE (in die vorm „bacbakiri”) en sê dat die voël elders ook nog „couït-couït” en „jentje-bibi” genoem word na die geluid wat dit maak. Inderdaad word die bokmakierie na die roepgeluid van die wyfie vandag ook KOKKEWIET genoem, maar 'n naam wat enigsins op JENTJIEBIEBIE lyk, is nie bekend nie.

Le Vaillant noem meermale name wat oneg klink. In sy *Hist. Nat.* III 203 deel hy mee dat die mooi gekuifde vlieëvanger van die bosryke suidkusgebied, die *Tchitrea perspicillata* van die bioloë van vandag, in die buurt van die Duivenhoksrivier na sy geluid die TJJETREK genoem word. Ewemin as die naam SIERLIE en JENTJIEBIEBIE hier-

⁷⁵⁾ KANARIEBYTER kom ook reeds voor op 'n onderskrif by een van die tekeninge uit die Britten-versameling, en in 'n brief van Tulbagh aan Prof. Allamand, 25 Feb. 1757, aangehaal deur Prof. Franken in die *Huisg.* van 7 Nov. 1930.

voor genoem is my nou iets van 'n naam soos TJIETREK bekend. Daarenteen is outentieke klanknabootsende voëlname wat ons reeds by Le Vaillant teëkom, PIET-MY-VROU vir die *Cossypha dichroa* van die kuststreek van George af ooswaarts, en JANFREDERIK vir die nouerwante *Cossypha caffra caffra* (*Hist. Nat.* III 33, 54). Wanneer die geluid wat 'n voël maak, in 'n bron gegee word presies in die vorm van die klanknabootsende naam wat die voël nou dra, mag ons aanneem dat die naam in dié tyd al bestaan het, al word dit nie spesiaal vermeld nie. Dit is die geval met die naam TJEËRTJEËR vir die *Indicator indicator*, waaromtrent Spar. II 609 mededelings doen. Dieselfde voëltjie is volgens Le Vaillant, *Hist. Nat.* V 138, ook HEUNINGVOËL of HEUNINGWYSER genoem, name wat trouens vandag nog gewoon is.

Le Vaillant sê ook, *Hist. Nat.* III 111, dat die Kaapse koloniste aan alle voëls wat hul nes van die dons van plante maak, die naam KAPOKVOËL gee, maar dit is — vandag altans — ewemin waar as wat hy in verband met KANARIEBYTER gesê het. Die kapokvoël wat Thun. I 136 reeds noem, is sonder twyfel die voëltjie wat ook nou algemeen KAPOKVOËLTJIE heet, nl. die *Anthoscopus minutus*. Le Vaillant beweer, *Hist. Nat.* III 112 n., dat die kapokvoël wat hy beskrywe, in die Swartland ook VETVRETERTJIE genoem word. Vandag word dié naam, naas SPEKRETERTJIE, gegee aan die *Cercomela familiaris*, wat ook sy nes o.a. van plantedons maak.

In sy groot voëlboek vermeld Le Vaillant nog van verskeie klein voëltjies name wat vandag nog goed bekend is en wat uit geen ouer bron opgeteken is nie. So kry ons die naam GEELGAT (III 36) vir die *Pycnonotus capensis*, GLASOGIE of WITOGIE (III 137) vir die *Zosterops capensis*, KROMBEK (III 145) vir die *Sylvietta rufescens* en SKAAP-

WAGTERTJIE (IV 90) vir die *Oenanthe pileata*.⁷⁶⁾ Dié voëls kon die koloniste almal reeds in die Boland leer ken. Op p. 164 van die derde deel van sy *Histoire Naturelle* beskrywe Le Vaillant 'n voëltjie wat hy alleen in die Kamdebostreek aangetref het en wat daar die aardige naam MALBAARTJIE gekry het — „par rapport, sans doute, à sa tête noire.” Die afbeelding wat Le Vaillant van die voëltjie gee, is ongetwyfeld dié van die PIET-TJOU-TJOU (*Parus afer*), wat egter ook elders voorkom. 'n Ander voël wat hy van die Duivenhoksrivier af ooswaarts teëgekome het, beskrywe Le Vaillant, *Hist. Nat.* IV 54, as volg: „Ces oiseaux vivent en société et se rassemblent au déclin du jour. Ils sont très-turbulens et jettent des cris percans. Ils se nourrissent d'insectes et principalement d'abeilles, ce qui les a fait nommer par les colons du Cap qui connoissent leurs moeurs, *Bey vreeeter*, et par ceux qui sont témoins de leurs réunions nocturnes sans en savoir la cause *Duywels voogel*.” Die naam DUIWELSVOËL is my uit geen ander bron bekend nie. BYEVRETER word vandag toegepas op 'n voël wat glad nie met dié wat Le Vaillant beskrywe, ooreenstem nie. Die naaste daaraan kom die BYEVANGER (*Dicrurus adsimilis*), wat nes Le Vaillant se duiwelsvoël veral in die sgn. „tropiese korridor” van Swellendam na die ooste toe aangetref word.

Ten slotte moet nog gewys word op 'n paar voëlname wat reeds voor Le Vaillant se koms na die Kaap op skrif gestel is. Die naam KALKOENTJIE kry ons in die bogenoemde brief van Tulbagh aan Prof. Allamand, dd. 25 Feb. 1757. Dit is daarna ook deur Le Vaillant, *Hist. Nat.* IV 133, opgeteken en is vandag nog bekend vir die *Macronyx capensis*. Soos Dr. Gill vermoed het, het die naam ongetwyfeld betrekking op die opvallende rooi keel van die

⁷⁶⁾ Die skaapwagttertjie, so genoem omdat hy dikwels by 'n trop skape gesien word, dra miskien 'n oorgeërfde naam. Altans, 'n soortgelyke naam, *paardewachterije*, kom ook as volksnaam van 'n voëltjie in Vlaanderen en Seeland voor (*Ndl. Wdb.* XII 88).

klein voëltjie.⁷⁷⁾ Thun. I 144 vermeld HAANTJIE as die naam van 'n voëltjie wat hy tussen Groenkloof en Saldanhabaai teëgekom het. Of die naam nog bestaan en watter voël Thunberg bedoel, was ek nie in staat om na te gaan nie. By Wikar 96 lees ons van die LANGASEMVOËL. „Den langaazemvoogel,” skryf hy, „heb ik maar hier om deeze streek gehoord 's avonds, maar zelfs niet te zien gekreegen, de Hotts zeggen dat hy grauwig van couleur is, grooter als een vink, maar kleynder als een spreuw, hy schreuw eerst eenige maalen kwak, kwak, daarna tjirrr en dat duurt uyt een aasem tot 4 à 5000 tellens.”⁷⁸⁾ Ongetwyfeld is die voël wat Wikar bedoel, die *Caprimulgus europaeus*, wat vandag nog LANGASEM genoem word. As laaste naam volg hier nog ELSIE, wat in 'n onderskrif op een van die tekeninge in die Britten-versameling te vind is. Dit is die naam wat vandag nog op die *Recurvirostra avosetta* en die *Himantopus himantopus* toegepas word en het betrekking op die lang skerp snawel van hierdie waadvoëls.

AFRIKAANSE PLANTNAME

Die man wat in die tydperk 1715 tot 1785 verreweg die meeste volksname van plante opgeteken het, is die Sweedse natuurondersoeker Carl Peter Thunberg, wat tussen 1772 en 1775 aan die Kaap was. Die plantname wat hy leer ken het, vind ons verspreid in die uitvoerige beskrywing van sy reis en in 'n Latynse werk, *Flora Capensis*, wat ná sy dood uitgekom het. Voor Thunberg is daar in hierdie periode slegs 'n tiental nuwe Afrikaanse name opgeteken

⁷⁷⁾ Vgl. ook Bur. I 501 n.: „*Alauda (Anthus) Capensis (wilde kalkoentje)*” van Klaarwater en omgewing en op die volgende bladsy: „the Cape Lark, called, I know not for what reason, *wilde kalkoentje*.”

⁷⁸⁾ Die Editio ad usum Gubernatoris gee: „vier of vijfhondert tellens.”

gevind, in die *Beschreibung* van Mentzel en hier en daar in 'n joernaal van 'n ontdekkingsstog na die binneland. Die bioloë Sparman, Paterson en Le Vaillant vermeld enkele name wat ons nie by Thunberg aantref nie, en ook in die reisverhaal van Wikar kom ons 'n aantal name teë wat ons nie uit vroeëre bronne bekend was nie. Verskeie name wat nou vir die eerste maal vermeld word, is dié van plante waarmee die koloniste eers ná 1715 kennisgemaak het.

Die oorsig van die opgetekende diername in die voorafgaande bladsye kon tot op sekere hoogte gegrond word op die wetenskaplike indeling van diere in soorte, geslagte, families, klasse en ordes, omdat dié indeling in breë trekke heelwat ooreenkoms vertoon met die groeperinge wat die volk self onbewus maak en dikwels ook in sy naamgewing tot uiting bring. Met die plantname is dit anders gesteld. 'n Rangskikking en groepering van plantname wat gegrond is op die verwantskapsverhoudings tussen die plante self soos deur botanici vasgestel, sal vir die leek so min betekenis hê dat dit nie in 'n studie soos hierdie kon toegepas word nie. Ongelukkig bestaan daar ook nie 'n populêre indeling van plante, bv. in bome, struik of bossies, eenjarige plante, ens., wat skerp genoeg is dat dit 'n enigszins bevredigende groepering van die name moontlik maak nie. Daar moes dus na 'n ander indeling omgesien word. 'n Groepering van plantname volgens die gebiede waar die benoemde plante aangetref is, sou nie sonder betekenis gewees het nie, omdat ons dan ook dadelik 'n aanduiding sou gehad het van die ouderdom van 'n naam. Maar afgesien nog van die moeilikheid om afdoende inligting omtrent die geografiese verspreiding van plante te kry, kom mens ook voor die moeilikheid te staan dat so 'n groot persentasie van die benoemde plante in die suidwestelike hoek van Kaapland groei, dat 'n onderindeling tog weer sou nodig wees. Eindelik is besluit om die plantname te groepeer na die motiewe wat aanleiding tot die benoeming van die plante of tot die keuse van 'n bepaalde naam gegee het. Daarbinne

is ook soveel moontlik aangedui waar en wanneer die naam ontstaan het.

Hiervóór is daar reeds op gewys dat plante met eetbare dele gou die aandag van die koloniste moes getrek het en dus vroeg sou benoem word. Eie Afrikaanse name vir sulke plante wat uit bronne van hierdie periode stam, is RAAPUINTJIE (*Cyanella capensis*; Thun. II 14) en WATERUINTJIE of WATERLELIE (*Aponogeton distachyus*; Thun. I 156), ANYSWORTEL (*Annesorrhiza spp.*; Thun. I 149) en VINKELWORTEL (*Carum capense*; *Fl. Cap.* 262 en Le Va. II 75). Die plante kom almal ook in die Boland voor. Daarbuite het die koloniste kennisgemaak met die BROODBOOM (*Encephalartos spp.*; Thun. I 201; Masson 292; Go. Mols. IV 26), van die pit waarvan die Hottentotte 'n soort brood voorberei het, die HOTTENTOTSWATERLEMOEN (*Fockia angustifolia*; Thun. II 151), reeds hiervoor vermeld, en die BOESMANGRAS (*Stipa dregeana*; Pat. 63; Le Va. IV 139), wat so genoem is omdat die Boesmans die saad daarvan geëet het. KAFFERKORING is die naam van 'n gewas (*Sorghum vulgare*) wat blykbaar nie in Suid-Afrika inheems was nie; maar die naam het tog, ten spyte van wat Prof. Boshoff, *Volk en Taal*, p. 306, sê, ongetwyfeld hier ontstaan ná die koloniste met die Kaffers in aanraking gekom het. Dit word die eerste by Thun. I 294 vermeld en kom daarna in talle van ou bronne voor.⁷⁹⁾ Die naam NAMAKWASKORING vir kafferkring wat Thunberg, *Fl. Cap.* 110, vermeld (in die vorm „Maquaskorn”), het ek in geen ander bron gekry nie. Hier kan nog die MOERWORTEL (*Ruthea gummiifera*; Thun. II 150) vermeld word, wat deur die Hottentotte gebruik is om hul heuningbier te laat gis, en verder die

⁷⁹⁾ Vgl. o.a. Spar. II 428; Le Va. II 211; Go. Mols. IV 48 (Ac. 1778): „hun spys [d.w.s. die Kaffers s'n] is, behalven pampoenen, watermeloenen, erweten en koorn dat na hun 't Kaffers koorn werd genaamd.”

alombekende SUIKERBOS (*Protea mellifera*; *Fl. Cap.* 132), so genoem om die soet vog in die blomkroon wat die koloniste versamel en op verskillende maniere gebruik het.⁸⁰⁾

Plante wat medisinaal gebruik is en in verband daarmee hul name gekry het, is die BITTERWORTEL (*Xysmalobium undulatum* en *Asclepias crispa*) van Swellendam en elders, die BRANDBLAAR (*Knowltonia vesicatoria*) en die SIEKETROOS (*Arctopus echinatus*) o.a. ook uit die Boland (Thun. I 234, 290, 292). Vir die *Haemanthus coccineus*, waarvan die wortel ook medisinaal aangewend word, vermeld Thun. I 290 'n volksnaam wat in die Engelse vertaling „Mountain-squill” lui. BERGUINTJIE is vir sover ek weet, vandag nie meer een van die name van die betrokke plant nie.

Afgesien van hul eetbaarheid of geneeskragtige waarde was baie plante vir die koloniste nog op 'n ander manier nuttig. Dié plante is vernoem na die gebruik wat van hul gemaak is. So kry ons die BESEMRIET of BESEMGOED (*Restio triticeus*; Thun. I 116; Go. Mols. II 90 — Wikar) en MATJIESGOED (*Cyperus textilis*; Thun. II 37), die VLEËBOS van die Bokkeveldsberge (*Roridula dentata*; Thun. II 26: „placed in the houses for the purpose of catching flies”), die TONTELBLOM (*Hermas gigantea*) en die BRANDHOUTBOOM (*Leucospermum conocarpum*; *Fl. Cap.* 126, 249). Die KRAALBOS van die Karoo (*Galenia africana*) is volgens Thun. I 310 soms gebruik om veekrale te maak, die WOLWEGIF (*Toxicodendron capense*), wat alleen op die Gifberge by Vanrhynsdorp groei, het sy naam te danke aan sy vrug, wat deur die boere gebruik is om wolwe te vergiftig (sien Pat. 171 en Le Va. V 371). Die FLUITJIESRIET (*Phragmites communis*), hoewel naby die Kaap ook goed bekend, vind ons die eerste vermeld in die reisjoernaal van Wikar, p. 115;

⁸⁰⁾ Volgens Thun. I 292 is die suikerbos ook TULPBOOM genoem — 'n naam wat vandag nie meer gehoor word nie. Oor die gebruik wat van die vog in die blomme gemaak is, sien verder De Jong I 98 en Bar. I 14.

die KOKERBOOM van die Noordweste (*Aloe dichotoma*) word genoem deur Masson 309 („new species of aloe, called by the Dutch Koker Boom, of which the Hottentots make quivers to hold their arrows”) en verskeie ander natuur-ondersoekers net ná hom.

Eweas die hierbo genoemde WOLWEGIF het ander plantsoorte wat giftige sappe bevat of giftige vrugte dra, gou die aandag van die boere getrek, òf deur die skade wat dié plante onder hul vee aangerig het, òf deur die omstandigheid dat Hottentotte en Boesmans hul pylpunte daarmee bewerk het. In die joernaal van die ontdekkingstog van Beutler, Ao. 1752, lees ons reeds van die GIFBOOM (*Acokanthera venenata* of/en *Sideroxylon inerme*; Go. Mols. III 293; ook Thun. I 156), en by Thun. II 163 van die GIFBOL (*Buphane disticha*), wat volgens Pat. 169 ook MALGIF genoem is „from the effects usually produced on the animals which are wounded by the weapons impregnated with it.” Wikar noem in sy reisverhaal verder die GIFMELKBOS (’n soort *Euphorbia*?) en Le Va. IV 5 ’n geraniasee (die *Pelargonium rapaceum*?), deur die Namakwas *noerap* en deur sy Hottentotse bediendes die GIFDORING genoem.⁸¹) In verband hiermee kan ook nog die skadelike PISGRAS (*Euphorbia erythrina* en *E. gemstoides*) vermeld word, wat al aan Mentzel bekend was (II 21; ook Spar. I 329).⁸²)

Verskeie plante het hul name gekry deurdat die koloniste opgemerk het dat die wortel of vrug daarvan graag deur bepaalde diersoorte geëet is. Die KRAAIBOS (*Rhus crenata*,

⁸¹) Le Vaillant sê dat die plant so genoem is nadat hy deur ’n doring gestee is, maar GIFDORING was toe seker al ’n bekende naam. Die name GIFDORING en GIFMELKBOS is albei nog in die Noordweste bekend.

⁸²) Die naam PISGRAS is vandag blykbaar deur PISGOED yerdring, ’n vorm wat egter ook al oud is — sien *V.R.V.* XVIII 24 (Ao. 1803): „het Pisgoed is een gewas als een heester, en heeft een zeeker melkagtig deel by zich; wanneer de ossen daar van vreeten, raaken zij verstopt en kunnen niet wateren”; ook Theal, *Belangrijke Historische Dokumenten* III 329 vlgg.

ens.) is volgens Thun. I 149 so genoem omdat die kraaie so versot op die swart bessies daarvan is, terwyl die mooi BOBBEJAANTJIES (*Babiana spp.*) hul vreemde naam te danke het aan die gewoonte van bobbejane om hul bolletjies op te gawe (Thun. I 285). By Spar. I 182 lees ons dat die *Calla aethiopica*, nou *Zantedeschia aethiopica*, ons gewone varkblom, in die buurt van die oorbergse Warm Bad YSTERVARKWORTEL heet, omdat die wortel die mees geliefde voedsel van die ystervark is. Die naam skyn nie meer bekend te wees nie. Naas die drie Bolandse plantname staan twee van dieselfde soort wat uit die Noordweste stam, nl. JAKKALSKOS (Thun. II 133, 164) vir die *Hydnora africana* en KAMEELDORINGBOOM (Wikar 92; Le Va. IV 214) vir die *Acacia giraffae*. Volgens Thunberg, *Fl. Cap.* 499, is die jakkalskos deur die koloniste ook „koell” genoem, maar hierdie naam is duister. In verband met die naam KAMEELDORINGBOOM het ons van Wikar die volgende interessante mededeling: „Den Hottentot Claas Barend zeyd dat Jacobus Koetze met zijn eerste togt deezen boom alzo den naam gegeeuen heeft, dewyle de kameelpeerde meestendeels in de toppe van deeze boomen vreeten.”⁸³)

Ook in ander opsigte het die koloniste een of ander verband tussen sekere plant- en diersoorte gesien of in hul verbeelding gelê en die diernaam in die plantnaam opgeneem. BOBBEJAANTOU (*Fl. Cap.* 233; Le Va. II 216), 'n versamelnaam vir verskillende soorte liane, is so genoem omdat bobbejane gebruik daarvan maak om in die bosse van boom tot boom te klouter; SLANGBOS (*Stoebe cinerea*; Thun. I 268) omdat slang graag daarin hou; VOËLENT (*Viscum capense* en *V. rotundifolium*; Wikar 89 vlg.) weens die mening dat pitjies wat voëls met hul mis op die takke van bome laat val, daar aan die groei gaan—vanwaar ook die nou blykbaar verouderde naam VOËLSTRONT (Wikar, t.a.p.).

⁸³) Oor die tog van Coetzee vgl. Go. Mols. II 18 vlgg. Sien ook Le Va. IV 214.

OLIFANTSGRAS (*Danthonia elephantina*; *Fl. Cap.* 117) is waarskynlik so genoem weens sy grootte, eweas die OLIFANTSVOET (*Testudinaria elephantipes*; *Pat.* 72) van die Noordweste ongetwyfeld sy naam aan die grootte van sy bol te danke het. Na die groeiwyse van die dorings aan sy takke is die BUFFELDORING (*Zizyphus mucronata*; Wikar 13; *Lich.* II 363) van die Oranjeriviergebied genoem; na die horingvormige uitgroeisels aan sy vrug die BUFFELHORING (*Burchellia capensis*; *Fl. Cap.* 187) en na die paarsgewyse groei van sy saadhuisies die DUKERSHORING (*Fl. Cap.* 240: *Caralluma incarnata*, volgens Marloth vandag aroena of kopseer genoem).

Aan die vorm of (vir die koloniste dikwels hinderlike) groeiwyse van hul dorings het die WAG-'N-BIETJIE en die (WEER)HAAKDORING hul name te danke. Die geestige naam WAG-'N-BIETJIE was reeds aan Mentzel bekend (*Beschreibung* II 126) en is ook opgeteken deur Thun. I 244 en Spar. I 272. Die plante wat hulle daaronder geken het, was *Asparagus spp.* van die suidwestelike gebied. Die naam WAG-'N-BIETJIE is egter ook vroeg op ander plantsoorte toegepas. Die boom in die hoë Noordweste wat Wikar, p. 91, met dié naam aandui, sal waarskynlik òf die *Acacia detinens* òf die *Zizyphus mucronata* gewees het. Hy noem trouens die naam WAG-'N-BIETJIE asof dit 'n sinoniem vir HAAKDORING-BOOM is. Die *Acacia detinens* word vandag nog in Boesmanland HAAKDORING genoem. Twee bladsye eerder praat Wikar van „henninge, van weerhaakdoorns of noey gemaakt.” Die WEERHAAKDORING is vermoedelik dieselfde as die HAAKDORING, maar die eerste vorm is blykbaar vandag nie meer gebruiklik nie.

Hier kan nog 'n plant genoem word wat sy naam na die vorm en eienaardige groeiwyse van sy twee blare plat op die grond gekry het, nl. die VELSKOEN (*Haemanthus coccineus*). Dié tipiese naam is die eerste deur Ment. II 326 opgeteken en word vandag nog, naas baie ander name vir dieselfde plant, gehoor.

'n Opvallende naam wat nou verouderd skyn te wees, is deur Le Va. IV 83 opgeteken, nl. NOORDSE KUL. Te oordele na die uitvoerige beskrywing en die illustrasie wat Le Vaillant van die „noordse kul” gee, is dit die plant wat nou die naam NOORDPOOL dra (*Euphorbia schoenlandii*; vgl. Marloth, *The Common Names of Plants*, p. 61). Die tweede deel van die naam is ongetwyfeld dieselfde woord wat ons ook in KAFFERSKUIL en PAPKUIL aantref (Kilian: *kul*, „mannelike roede”) en het betrekking op die vorm van die plant (Le Vaillant, t.a.p.: „hij groeit slegs tot de hoogte van negen of tien duimen en gelijkt volmaakt naar een komkommer, waarvan hij de gedaante en de kromme bogt heeft”). Van die noordpool vertel Marloth dat die ongeveer 'n voet hoë ronde stammetjie onder die invloed van die son meestal na die noorde wys. Le Vaillant sê dit nie van die noordse kul nie, maar die „kromme bogt” laat dit vermoed, sodat die eerste deel van die naam vrywel seker die naam van die windstreek is. In verband met die naam NOORDSE KUL kan ook die bekende NOORSDORING (*Euphorbia spp.*) hier bespreek word, hoewel dié naam nog nie in bronne van die periode nou onder behandeling aangetref is nie. Prof. Boshoff noem die woord nie in sy dissertasie en ook nie in sy *Etimologiese Woordeboek* nie. Pettman bring dit in *Africanderisms* in verband met Ndl. *nors*, wat blykbaar ook reeds deur ouer skrywers gedoen is.⁸⁴) Die oudste bewysplaas wat Pettman ken, uit 1839, het reeds die vorm *noors-doorn*, die latere almal *noorse-doorn*. Die feit dat daar in Afrikaans 'n byvorm *noors* van die woord *nors* bestaan, sou steun aan Pettman se afleiding kan gee. Maar die naam kom in veel ouer bronne voor as wat Pettman geken het, en wel in die vorm *noordsche doorn* (Ao. 1803—Go. Mols. IV 129) en *noortsche doornboom* (Lich. I 370). Ook in NOORSDORING skuil dus heel waar-

⁸⁴) Backhouse 161 vertaal die naam in Engels as „nasty-thorn,” en Deleg. I 356 vermeld dit as *norsch-doorn-boom*.

skynlik die naam van die windstreek, sodat dit op een lyn met NOORDSE KUL kan gestel word.⁸⁵⁾

Verskeie plante is genoem na die vrug wat hul dra, of na 'n opvallende eienskap van hout, blaar, blom of ander deel daarvan. So kry ons die name KERBOS vir die *Euclea polyandra* (*Fl. Cap.* 391) en KERSHOUT of KERSBOOM vir die *Pterocelastrus variabilis* (Le Va. I 208), BOSPEPER vir die *Piper capense* (*Fl. Cap.* 443), DORREVEYE vir die *Mesembryanthemum spinosum* van die Karoo (*Fl. Cap.* 420) en ROSYNTJIEHOUT of -BOOM vir die *Rhus viminalis* van die Noordweste (Pat. 113; Wikar III, 113). PENWORTEL was volgens Thun. I 214 die naam van 'n plant (die *Psoralea pinnata*) „of which the country people in many places complained, as being the worst weed in the gardens, on account of the roots striking deep and firm in the ground, and consequently being difficult to eradicate.” Die melksap in die bas of jong hout van sekere soorte *Euphorbia* en *Asclepias* het aanleiding tot die naam MELKBOS gegee (Go. Mols. II 33, 132), en die sap in die *Sideroxylon inerme* tot die naam MELKHOUT(BOOM) (Go. Mols. III 305 — Ao. 1752).⁸⁶⁾ Om hul sappige, vlesige blare is sekere plantsoorte SPEKBOS en SPEKBOOM genoem. Thunberg, *Fl. Cap.* 246, vermeld die naam SPEKBOSSIE vir die *Chenopodium halimus*, nou *Atriplex halimus*, wat egter volgens Marloth vandag BRAKBOS, VAALBOS of SOUTBOS genoem word, terwyl die naam SPEKBOSSIE aan die *Zygophyllum flexuosum* gegee is. Die naam SPEKBOOM is die eerste opgeteken in die reisjoernaal van P. Cloeten, Ao. 1776 (Go. Mols. IV 8). Dit word gebruik vir 'n plant, die *Portulacaria afra*, van die oostelike Karoo en elders. Die PEPEKBOSSIE (*Montimia caryophyllacea*;

⁸⁵⁾ Marloth sê t.a.p. dat baie plante van die droë streke dieselfde invloed van die son op hul stamme, spruite en blare as die noordpool vertoon. Of dit ook die geval met die noorsdoring is, weet ek nie.

⁸⁶⁾ Reeds in 1729 kom „Melkhout” as plaasnaam voor — sien Graham Botha, *Place Names in the Cape Province*, p. 110.

Fl. Cap. 143) is so genoem om die skerp reuk van sy blare, die JEUKBOL (*Drimia ciliaris*; *Fl. Cap.* 315) en die NIESHOUT (*Ptaeroxylon utile*; Spar. II 493), 'n boom van die oostelike bosse, om redes wat uit die name self duidelik blyk. Ten slotte kan hier nog die name SYBLOM (*Geissorhiza hirta*; *Fl. Cap.* 57), KAPOKBOS (*Eriocephalus umbellatus*; Ment. II 106; *Hist. Nat.* III III) en PERDEKAPOK (*Lanaria plumosa*; *Fl. Cap.* 325) genoem word. Hierdie name spreek ook vir hulself; alleen kan in verband met PERDEKAPOK opgemerk word dat die eerste deel van dié samestelling vermoedelik hier, soos in verskeie ander plantname van vandag, aandui dat die plant betreklik groot is.

Die naam TJIENKERIENTJEE, vir die *Ornithogalum thyrsoides*, wat die eerste deur Thun. I 153 vermeld word, het die onderskeiding dat dit een van die weinige suiwer klanknabootsende plantname in Afrikaans is. Die naam kom van die geluid wat gehoor word as die stingels van twee plante teen mekaar gevrywe word, soos Thunberg reeds opgemerk het. Kinders vermaak hul dikwels so met tjiengerientjies, en 'n ieder wat al 'n bos van dié blomme in die hand gehad het, ken die geluid.

Van die bome wat na die kleur van bas, blad of hout genoem is, is die WIT(TE)BOOM (*Leucadendron argenteum*) van die Boland seker die beroemdste. Die naam kom al by Ment. II 27 voor. Verder kry ons die ROOIPER (*Scolopia mundtii*; Thun. II 110), SWARTYSTERHOUT (*Olea laurifolia*; Thun. II 109; *Gardenia rothmannia*, wat nou die botaniese naam van die KERSHOUT of AAP-SE-KOS is), SWARTHOUT (*Gymnosporia peduncularis*?; Thun. I 268) en GOUDBOOM (*Fl. Cap.* 126: *Leucospermum conocarpum*), wat met die uitsondering van die oosteliker swartysterhout almal ook in die Boland voorkom. Die naam WITGRAS word by Wikar 91 vermeld en is vandag nog in die Noordweste bekend. Na die plek of geaardheid van die grond waar hul groei, is die DUINHOUT — ander naam vir die SWARTHOUT van hierbo —, SANDOLIEN (*Dodonaea thunbergiana*), SANDKOEKMAKRANKA

(*Gethyllis ciliaris*) en KLIPHOUT (*Rhus thunbergii* — groei graag tussen rotse) genoem. Al hierdie name kom ook weer die eerste by Thunberg voor (I 268; II 139; *Fl. Cap.* 194, 303). Of die RIVIERDORING waar Wikar 113 van praat, 'n besondere soort doringboom is, kon ek nie te wete kom nie.

In die bronne van hierdie periode is 'n hele aantal plantname opgeteken wat gevorm is deur die voorvoeging van *wilde-* voor 'n reeds bestaande naam. Soms was die wilde plante inderdaad ná verwant aan die kultuurplante waarna hul genoem is, maar in die meeste gevalle was daar slegs 'n heel oppervlakkige gelykenis wat tot die naamgewing aanleiding gegee het. As voorbeelde van Afrikaanse plante wat ná verwant is aan die bekende kultuurplante, kan genoem word die WILDEALS (*Artemisia afra*; Spar. II 599), WILDEGARS (*Hordeum murinum*; *Fl. Cap.* 119), WILDEROG (*Secale africanum* — waarna die Roggeveld genoem is; *Fl. Cap.* 118) en WILDEKOMKOMMER (*Cucumis africanus*; Thun. II 117; Wikar 113). Verder kry ons die name WILDEKARMONK (*Fagara capensis*; Thun. I 291), WILDEKATJIEPIERING (*Gardenia thunbergia*; Thun. II 111) en WILDEROOSMARYN (*Eriocephalus umbellatus*; Thun. I 136), WILDEDRUIWE (*Rhoicissus capensis*; Thun. I 134) en WILDEVYEBOOM (*Ficus capensis*; Thun. II 112), WILDEAPPELKOOS (*Landolphia capensis*; Wikar 91) en WILDEMOERBEI (*Trimeria alnifolia*; Gordon — sien *Huisg.*, 19 Junie 1925). Ook eie Kaapse plantname is met voorvoeging van *wilde-* weer op ander plante toegepas. So het ons WILDEDAGGA (Thun. II 191) vir die *Leonotus leonurus* teenoor die ingevoerde *Cannabis sativa*, wat vandag ook „mak" dagga genoem word; WILDEKAPOK (Go. Mols. IV 2 — Ao. 1776) vir die *Asclepias fruticosa* en WILDEKEUR (*Fl. Cap.* 570) wat Thunberg as sinoniem vir *keurboom* aangee.

Ten slotte volg hier nog 'n paar name uit die periode 1715-1785 wat nie onder die voorgaande groepe val nie. In sy *Flora Capensis*, p. 15, vermeld Thunberg die opvallende naam MOEDERHARTSLAG vir die *Disa spathulata*, 'n orgidee wat volgens Marloth OUPAPYP genoem word. MOEDER-

HARTSLAG het ek nêrens anders gevind nie. Marloth ken wel die naam HARTSLAGGIES, maar dan vir die *Lessertia pulchra*, 'n plant uit die familie van die vlinderbloemiges. Die orgideë en die vlinderbloemiges verskil so veel van mekaar dat dit baie onseker is of die name HARTSLAGGIES en MOEDERHARTSLAG met mekaar in verband staan. In ieder geval bly die oorsprong van albei name duister. AFRIKANER word vandag as versamelnaam vir verskeie soorte *Gladiolus* gebruik. Die eerste is die naam opgeteken deur Thunberg, *Fl. Cap.* 42, vir die plant wat hy onder die naam *Gladiolus tristis* beskrywe. 'n Ander naam vir 'n irisagtige wat ons eerste by Thunberg kry, is SUIKERKAN (*Fl. Cap.* 41: *Gladiolus watsonius*). Volgens Marloth is die suikerkan die *Antholyza revoluta*, wat ook ROOI-AFRIKANER genoem word. In navolging van die oorspronklike naam HOTTENTOTSVYG vir die *Mesembryanthemum edule* is aan alle soorte *Mesembryanthemum* die benaming VYGIES of VYEBOSSIES gegee. Dié algemene naam is ook al weer die eerste deur Thunberg opgeteken, op p. 35 van die tweede deel van sy reise.

HOOFSTUK IV

INLEIDING

In vergelyking met die voorgaande tydperk was die gebiedsuitbreiding van die Kolonie in hierdie periode (1785-1845) nie baie belangrik nie. Binne die grense van die Kolonie het die Afrikaners dus nie met 'n plantegroei en dierelewe in aanraking gekom wat aanmerklik verskil het van wat hul in die vorige tydperk kon leer ken nie. Trekboere en jaggeselskappe het egter dikwels die noordelike binnelande ingetrek en daar met plant- en diersoorte kennisgemaak wat nie in die Kolonie voorgekom het nie. Ongetwyfeld was aan baie van dié plante en diere toe reeds Afrikaanse name gegee deur die Basters wat in die omgewing van die Grootrivier gewoon het, en uit die taal van die Basters het die name in die Afrikaans van die blankes oorgegaan. Aan ander diere en plante het die Afrikanerjagters en -trekboere self name gegee. Met die Groot Trek en die blywende kolonisasie van die gebiede oorkant die Grootrivier, die Drakensberge en die Vaalrivier kon die boere nog veel intiemer kennis van die plante- en dierelewe van dié streke opdoen en is nog weer heelwat nuwe name tot die Afrikaanse woordeskat toegevoeg. Die weg na die noorde was nou vir buitelandse reisigers en jagters oopgemaak en beveilig, en in hul reisbeskrywings en jagverhale kom ons dikwels name van plante en diere teë wat in vroeër bronne nie gevind is nie.

Natuurlik is nie alle nuwe name wat ons in hierdie periode kry, die name van diere en plante waarmee die koloniste nou vir die eerste keer kennisgemaak het nie. Baie name sal reeds in die vorige tydperk gegee gewees het en

is slegs toevallig nou vir die eerste keer in geskifte opgeteken; ander name kan dié van plante en diere in die Kolonie wees wat eers laat 'n naam gekry het.

In die bronne van hierdie tydperk wat kon geraadpleeg word, kom daar na verhouding nie so heel veel nuwe Afrikaanse name voor nie. Selfs as 'n mens in aanmerking neem dat so baie gewone name reeds in ouer bronne genoem was, en dat die koloniste in hierdie tydperk miskien nie weer so baie nuwe plante en diere as in die vorige tydperk leer ken het nie, sou 'n mens tog 'n groter aantal name kon verwag as wat werklik gevind is. Die koloniste was immers veel langer in die land en die bevolking baie digter as voorheen. Die betreklike skaarste van die gegewens moet dus grotendeels uit die aard van die beskikbare bronne verklaar word. Die meeste persone van wie ons belangrike reis- en landbeskrywings het — De Jong, Barrow, Lichtenstein, e.a. — het nie in die eerste plaas as natuurondersoekers na die Kaap gekom nie. Burchell, wat spesiaal vir natuurondersoek hier was en in wie se reisbeskrywing ook heelwat volksname van diere en plante voorkom, het ongelukkig nooit 'n groot werk oor die flora of fauna van ons land gepubliseer nie.⁸⁷⁾ Die botanici en soöloë wat ná hom hier gewerk het, soos Ecklon, Harvey en Andrew Smith, vermeld in hul wetenskaplike publikasies wel etlike Afrikaanse plant- en diername, maar hulle het klaarblyklik nie in dieselfde mate as Thunberg en Le Vaillant in volksname belanggestel nie. Gelukkig het sommige sendelinge en jagers, soos Latrobe en Delegorgue, heelwat belangstelling vir die natuurlike historie gehad, en in hulle boeke is ook verskeie Afrikaanse name opgeteken. So is daar, verspreid in 'n dertigtal verskillende bronne, tog weer 'n paar honderd nuwe volksname van plante en diere vir hierdie periode gevind.

⁸⁷⁾ Sy *Catalogus Geographicus*, wat vermoedelik 'n ryk bron is, berus in manuskrip in Kew Gardens en kon nie geraadpleeg word nie.

HOTTENTOTSE EN ANDER INBOORLINGNAME

Van die Hottentotse name wat in hierdie tydperk opgeteken is, het alleen die plantname GHAAP (*Trichocaulon piliferum*; Bur. I 243) en BIETOU (*Osteospermum moniliferum*; Bowie 7) en die diernaam NADROE(JAKKALS) (*Proteles cristatus*; Smith, *S.A.Q. Jour.* I 96) taamlik algemeen in Afrikaans bekend geword. Die bietou kom in die suidkusgebied voor, die ghaap in die droogste dele van die Karoo en die Noordweste, terwyl die nadroejakkals dieselfde is as die erdwolf hiervoor genoem.

Vir die eerste keer kom ons nou in die bronne ook Kaffername teë wat in die taal van die koloniste ingang gevind het. IMPALA (Lich. II 544); die naam van 'n soort antilooop (*Aepyceros melampus*), het nooit baie gebruiklik onder die Afrikaners geword nie, omdat 'n oorspronklike Afrikaanse naam, ROOIBOK, reeds vroeg daarnaas te staan gekom het. Volgens Bur. II 300 is die Afrikaanse naam deur die Baster-Hottentotte aan die impala gegee. MAHEM, die naam van 'n soort kraanvoël wat 'n rol in die bygelooft van die Kaffers gespeel het (die *Balearica regulorum*), is byna gelyktydig opgeteken deur Thompson 449, Phillips 117 vlg. en Steedman I 263. Phillips deel mee dat die naam klanknabootsend is.⁸⁸) IMPALA en MAHEM is albei Bantoe-name wat die koloniste die eerste in die land van die Betsjoeanas leer ken het. Met die slangnaam MAMBA (*Dendraspis angusticeps*) het die Voortrekkers eers in Natal kennisgemaak — „le memba des Amazoulous,” skryf Delegorgue I 276, „auquel les Hollandais n'ont point encore imposé de nom.”

Naas die diernaam is ook 'n paar Kaffername van boomsoorte wat plaaslik in Afrikaans gebruik word, in die bronne

⁸⁸) Die voël en sy Kaffernaam was reeds aan Gordon bekend. By die prent van 'n paar mahemme in die Gordon-versameling maak die tekenaar die aanmerking: „andere kraanvogels in het Caffers *Hémoe*.” Sien S. J. du Toit in *Huisg.* van 19 Junie 1925.

van hierdie tyd aangetref, nl. NABOOM, vir verskillende *Euphorbia*, en MASSANIEHOUT. Naboom, wat tui behoort in die Transvaalse Laeveld, is deur Deleg. I 488 opgeteken, terwyl massaniehout, die naam van 'n boomsoort wat digby die Boesmansrivier gevind word, deur Bar. I 297 vermeld is.⁸⁹⁾

AFRIKAANSE DIERNAME

Onder die diere wat eie Afrikaanse name gekry het, noem ons weer eerste die soogdiere, en onder hulle staan die antilope weer vooraan. Van drie soorte bokke wat die koloniste in die tweede helfte van die 18de eeu in oostelike Kaapland leer ken het, maar waarvoor in die vorige periode nog geen Afrikaanse name opgeteken is nie, is nou eie name in die bronne gevind. Hulle is ROOIREEBOK (Daniell, *Sketches* No. 20; Steed. I 176) vir die *Redunca fulvorufula*, BLOUBOKKIE en KLEINBOKKIE (Harris 358) vir die *Philantomba (Cephalophus) monticola* en BLESBOK (Bur. II 335 n.) vir die *Damaliscus albifrons*. Buite die grense van die Kolonie, noord van die Oranjerivier, het die boerejagters behalwe met die ROOIBOK hiervoor genoem nog kennisgemaak met die *Kobus ellipsiprymnus* en die *Gorgon taurinus*, wat hul resp. WATERBOK en BLOUWILDEBEEES genoem het (Deleg. I 478, 516).⁹⁰⁾ Vir die eerste keer tref ons nou ook name van

⁸⁹⁾ Daar kom ook 'n naboom in die suidoostelike kusgebied voor. Pettman beweer dat na 'n Hottentotse woord is (*Africanderisms*, i.v. *gnaarboom*, en *S.A. Place Names*, p. 150). Die afleiding uit Kaffers is deur Prof. Boshoff, *Volk en Taal*, p. 391, en in sy *Etimologiese Woordeboek* gegee.

⁹⁰⁾ Die naam ROOIBOK is blykbaar op twee verskillende soorte antilope toegepas — die *Aepyceros melampus* en die klein *Cephalophus natalensis* van die Natalse kus en aangrensende noordeliker gebied (Deleg. I 258 en II 358). Volgens Sclater, *Mammals* I 161, is die *C. natalensis* ook ROOIBOSBOKKIE genoem, en volgens die *Vakwoordeboek* van Malherbe ROOIDUIKER. Deleg. II 227 vermeld ook nog 'n VAALDUIKER, volgens hom die *Cephalophus mergens Burchellii*, maar dié naam kom in geen ander bron voor nie.

bokke met die voorvoeging *baster-* voor reeds bestaande name in die bronne aan.⁹¹⁾ Die bokke wat so benoem is, het die boere ook almal pas ten noorde van die Grootrivier teëgekóm. Lich. II 462 vertel reeds van „eine Heerde antilopen von einer ganz neuen, in der Colonie wenig bekannten Art, die nur nördlich von den Orangerievier vorkommt und von den Jägern *Basterd-Eland* . . . genannt wird.” Die bok wat die jagters BASTERELAND genoem het, was die *Egocerus equinus*. Later is hom, volgens Deleg. I 220, II 383, nog die naam BASTERGEMSBOK gegee. By Deleg. II 370 lees ons ook die eerste die naam BASTERHARTEBEEES vir die *Damaliscus lunatus* en II 358 die nou blykbaar onbekende naam BASTERSPRINGBOK, wat hy as sinoniem vir die (groot) rooibok aangee. Onder die Baster-Hottentotte het Burchell (II 278) nog die naam BASTERWILDEBEEES opgeteken vir die bok wat ons hiervoor reeds as die BLOUWILDEBEEES leer ken het. BASTERWILDEBEEES is waarskynlik nooit veel deur die boere gebruik nie; vandag skyn die naam altans weinig bekend te wees.

Terwyl die name van die antilope wat vir die eerste keer in hierdie periode opgeteken is, meestal dié was van diere waarmee die koloniste eers laat in aanraking gekóm het, is die name van die kleiner soogdiere wat ons nou teëkom, byna almal dié van diere wat die koloniste al geruime tyd moes geken het. Daar is STRANDJUT (Smith, *S.A.Q. Jour.* I 120), ander naam vir die strandwolf, 'n ou Nederlandse woord met die betekenis „stranddief, buitsoeker langs die strand” wat in 'n besondere toepassing in Afrikaans bly leef het; verder MAANHAARJAKKALS (Methuen 127: „manejackal”), waarvoor ons hierbo ook al die name ERDWOLF

⁹¹⁾ Dit is opmerklik dat ook in Nederlands die voorvoeging van *bastaard-* voor plant- en diername blykbaar betreklik jonk is. Die *Ndl. Wdb.* het geen voorbeelde voor Chomel (Ao. 1778) nie. So nuut is die samestellinge met *bastaard-* in Nederlands egter nie, soos blyk uit die name „bastart Ebbenhout,” „bastaard-Zalmonet,” ens., wat ek by Valentijn (II 3, III 341) teëgekóm het.

en NADROEJAKKALS leer ken het; en VAALJAKKALS vir die *Vulpes chama* (Smith, S.A.Q. Jour. I 86: *Canis variegatoides*). In teenstelling met die voorheen vermelde BOSVARK is die *Phacochoerus aethiopicus* van die hoë Noordweste en die oostelike deel van die Kolonie deur die boere VLAKTEVARK of VLAKVARK genoem (Deleg. I 513; Smith, S.A.Q. Jour. I 178). Verskillende geslagte en soorte muishonde is van mekaar onderskei deur die name KOMMETJIE(GAT)MUISHOND (Smith, S.A.Q. Jour. I 113: „Commiche Muishond”), ROOIMUISHOND (Steed. II 97) en nog ander name wat alleen deur die kleuraanduiding van mekaar verskil: grys, swart, gestreep, ens. (Smith, S.A.Q. Jour. I 84, 114, 115). Nuwe name van hase wat ons nou aantref, is VLAKTEHAAS vir die *Lepus capensis* en KOLHAAS of REEBOKHAAS vir die *L. saxatilis* (Smith, S.A.Q. Jour. I 172, 173). Die laaste naam het betrekking op die groot spronge soos van 'n bok wat die kolhaas met sy lang bene maak, veral as hy tussen rotse deur vlug. In die oostelike deel van die Kolonie is die naam BOOMDASSIE (Smuts, *Dissertatio*, p. 63) of BOSDASSIE (Moodie II 192) gegee aan 'n soort das wat soöloë vandag *Dendrohyrax arboreus* noem. Tot die kleinste soort soogdiere hoort dié wat deur die volk onder die naam „muise” saamgevat word. In die S.A.Q. Jour. I 149-160 word verskeie volksname vermeld: VLEIMUIS vir die *Otomys irroratus*, VLAKTEMUIS vir die *O. brantsi* van Namakwaland, STREEPMUIS vir die *Rhabdomys pumilio*, NAGMUIS vir die *Mus namaquensis* van Namakwaland en NAGMUIS of DUINROT vir die *Gerbillus afer*. Hier moet ook die SKEER(BEK)MUIS (Smith, S.A.Q. Jour. I 62) vermeld word, hoewel die diertjie wat so genoem is (die *Crocidura flavescens*), selfs tot 'n geheel ander orde as die bogenoemde muise behoort.

Volksname van reptiele word veral deur Latrobe meegedeel. Voor hom kry ons alleen die slangnaam SKAAPSTEKER (De Jong I 42) vir die *Trimerorhinus*

rhombeatus. Name van slange wat Latrobe eerste vermeld, is BERGADDER (p. 398) vir die *Bitis atropos*, DAKSLANG (p. 229: „the Dutch call it, Dachslange, (roof-serpent), as it seems to like to hide in old thatch, and is said, to be venomous”), EIERVRETER (p. 353) vir die *Dasyveltis scabra*, ERDSLANG (pp. 353, 398: „Erdschlange, earth-serpent — a species of Anguis”) en SWARTSLANG (p. 340; ook Teenstra I 275, Smith, *Illus. — Reptilia*) vir die *Pseudaspis cana*. Teenstra I 275 noem nog die NAGADDER (*Causis rhombeatus*) en die SWARTKOP („een kwaadaardige blazer, bijna $\frac{1}{2}$ el lang,” die *Aparallachis capensis*), Backhouse 167 die BERGSLANG („*Vipera inornata*”) en Smith, *Illus. — Reptilia*, die name BRUINKAPEL en GEELKAPEL naas die reeds hierbo (p. 52) vermelde SPUUGSLANG vir die *Naija haje*. DASADDER, wat deur Teenstra I 275 („de dasjesadder, hebbende kleine pootjes”) en Smith, *a.w.*, vermeld word, is blykbaar nie die naam van ’n slang nie, maar ’n ander naam vir die likkewaan (*Varanus albigularis*). Ander akkedissoorte waarvan die volksname opgeteken is, is die BERGSALAMANDER (Latr. 324) en die KLIPSALAMANDER (Alexander 142 vlg.).⁹² Latrobe is die eerste persoon wat die tiperende naam TRAPSOETJIES vir die kameleon vermeld (p. 37), en tewens die eerste om die volksnaam van ’n Afrikaanse skilpad, die PADLOPER (*Homopus areolatus*), op skrif te stel (p. 57). Die eerste skriftelik oorgelewerde Afrikaanse paddaname, BRULPADDA vir die *Pyxicephalus adspersus*, REËNPADDA vir die *Breviceps gibbosus* en WATERPADDA vir die *Rana*

⁹²) Oor „that singular animal, called by the Hottentots, the mountain-salamander” skryf Latrobe as volg: „It is shaped like a lizard, but broader, seven or eight inches long, and scaly. The scales on the tail are pointed, and stand off from the body, but whether generally, or only in fright or anger, I cannot tell.” Die naam ken ek uit geen ander bron nie.

angolensis tref ons by Andrew Smith aan (*Illus. — Reptilia*).⁹³⁾

Insektename is ook in die bronne van hierdie periode maar seldsaam. Campbell I 13 gee 'n beskrywing van die koringkriek (*Eugaster longipes*) en sê dat dit deur die boere en die Hottentotte KORINGBOER genoem word. Dié naam word vandag nog hier en daar gehoor. Verder vermeld hy (I 121) die HONDEVLIÉG — „a large, fat fly, called the dog-fly, . . . which greatly abound in this quarter [nl. die Noordweste]. These flies bury themselves under the hair of the poor animals, and tease them both night and day.” Die hondevlieg is nog onder dié naam in die genoemde gebied bekend. Ten slotte deel Deleg. I 498 mee dat die boere die doodskopvlinder (*Acherontia atropos*) die GROOTHEUNINGBY noem. Nou word kortweg van die GROOTBY gepraat.

Byna ewe skaars as die insektename bly die volksname van visse in die beskikbare bronne. Onder die seevisse word alleen die KONINGKLIPVIS (*Genypterus capensis*; De Jong II 134), die BASTERSILWERVIS (*Dentex spp.*; Chase 169) en die LUIHAAI (*Scillium africanum*; Smith, *Illus. — Pisces*) genoem. Die name van varswatervisse wat ons in hierdie periode teëkom, is GEELVIS (*Barbus holubi*; Bur. I 280), PLATKOP (Bur. I 326, 425: *Silurus (Heterobranchus) Gariepinus*) en ROOIVLERKKARPER (Smith, *a.w.*: *Barbus Burchelli*).

Ten spyte van die groot aantal voëlname wat reeds in die vorige periode te boek gestel is, veral deur Le Vaillant, is in hierdie tydperk tog weer heelwat nuwe name opgeteken. Geen name vir ander aasvoëls as die reeds genoemde is

⁹³⁾ By Smith staan die naam „Bull Frog,” wat 'n foutiewe Engelse vertaling van *brulpadda* is. Sien Pettman, *Africanderisms*, p. 92.

nou gevind nie, maar Lich. I 152 deel mee dat die swartaasvoël (*Torgos tracheliotus*) tussen die Hantam en die Roggeveld ook KAALKOP genoem word, terwyl vir die gewone aasvoël (die *Gyps coprotheres*) in teenstelling met die swarte nou ook die name VAALAASVOËL (Steed. II 126) en WITAASVOËL (Smith, *Misc. Orn. Papers* 3) aangegee word. Onder die arende is daar die nuwe naam DASSIEVANGER (Smith, *a.w.* 18) vir die *Aquila verreauxi*; die naam LAMMERVANGER vir die *Polemaëtus bellicosus* sal wel onder invloed van Ndl. *lammergier* ontstaan het en oud wees, al is dit nou eers opgeteken (Steed. II 7). Steed. II 127 en Smith, *Misc. Orn. Papers* 20, vermeld 'n soort arend wat volgens hulle TJOK genoem word. Dit is die *Aquila rapax* van die bioloë, 'n voël van die Karoo en Betsjoeanaland veral. Vandag is dié arend bekend onder die naam TJOKKER of TJOKKERBEKAASVOËL. Die herkoms van die naam is onbekend. Net soos Ndl. *kokker* word Afr. *tjokker* ook gebruik vir 'n groot neus, maar dit is nouliks denkbaar dat die Afrikaanse woord dieselfde as die Nederlandse is. Name van valke wat nou vir die eerste keer bekend raak, is KUIFKOPVALK vir die *Lophaëtus occipitalis* van die oostelike dele van die Kolonie, BLOUVALK vir die *Melierax musicus* en WITSPERWEL vir die *Elanus caeruleus*, wat ons vroeër ook al onder die name WITVALK en BLOUVALKIE leer ken het (Smith, *Misc. Orn. Papers* 21, 25, 53).

Onder die name van groot voëls waarop jag gemaak is, moet hier eerste die naam BOSPOU (Methuen 93) genoem word. Eweas die naam WILDEPOU is dit blykbaar as algemene naam gebruik vir die *Choriotis kori* en twee soorte *Neotis*, voëls wat egter met die regte poue geen verwantskap het nie. Die *Choriotis kori* is nog spesiaal die KUIFFOU (Steed. II 128; Deleg. II 18) of KUIFKOPPOU (Smith *a.w.* 63 n.) genoem. Tot dieselfde familie as die „poue,” die *Otidæ*, behoort die Afrikaanse „korhane.” Met name is onderskei die KAROOKORHAAN (*Heterotetrax vigorsii*; Bur. I 233), die BLOUKORHAAN (*Eupodotis caerulescens*; Steed. I 135),

SWARTKORHAAN (*Afrotis afra afra*; Smith, a.w. 63) en BOESMANKORHAAN, wat volgens Smith, t.a.p., alleen „on the Bushman flats towards the Orange River” voorkom. Ten slotte kan ons hier nog twee lede uit die familie *Anatidae* noem wat name gekry het. Dit is die BASTERMAKOU (*Plectropterus gambensis*; Deleg. I 139), 'n groot voël wat selde suid van die Oranjerivier aangetref word en nou meestal WILDEMAKOU heet, en die klein SMIE-EENDJIE (*Anas erythrorhynca*), wat die eerste deur Bur. I 283 vermeld is. Die laaste naam, wat nog in Afrikaans bekend is, is sonder twyfel van Nederlandse herkoms. Dit is egter opvallend dat in Nederlands tot hiertoe alleen die vorm *smient* of *smeent* gevind is, nie *smie-* of *sme-eend* nie, terwyl Engels wel *sme duck* het. Wat die oorsprong van die Afrikaanse woord betref, bestaan daar twee moontlikhede: of *smie-eend*, *sme-eend* (wat ook gehoor word) het deur volksetimologie uit *smient*, *smeent* ontstaan, of dit gaan terug op 'n dialekties Nederlandse vorm wat uitgesterf het of nog nie opgespoor is nie. Van die twee moontlikhede is die laaste seker die waarskynlikste.

Ander groot voëls wat die aandag getrek het en benoem is, is nog die HAMERKOP (*Scopus umbretta*; Deleg. I 516), die SPRINKAANVOËL (*Ciconia ciconia*; Deleg. I 334) en die BROMVOËL (*Bucorvus cafer*; Steed. I 235; Thomp. 449), wat van die Oostelike Provinsie af voorkom en deur die Kaffers vereer word.

Na verhouding is in hierdie tydperk min nuwe name van kleiner voëls in die bronne gevind. Bur. I 501 n. vermeld die naam WITHALSKRAAI vir die *Corvultur albicollis*, wat ons in die vorige hoofstuk reeds onder die naam RINKHALSKRAAI leer ken het, en Steed. II 127 die prosaïese naam SWARTKRAAI vir die *Corvus capensis*, waarvoor hierbo die mooi naam KORINGLANDKRAAI aangeteken is. By Burchell lees ons ook eerste die name KAFFERVINK vir die *Euplectes orix* en *E. capensis* (I 20), BERGSWAWEL vir die *Merops apiaster* (I 372, 501), HOUTKAPPER vir 'n lid van die familie

Capitonidae (I 318)⁹⁴) en KORINGVRETER vir 'n soort mossie in die Roggeveld (I 246: *Fringilla arcuata*). Die naam RENOSTERVOËL wat Bur. I 245 vermeld, is nog bekend vir *Buphaga spp.*, maar die naam OLIFANTSVOËL wat hy ook noem, is nie meer teruggevind nie. Die name is aan die voëls gegee omdat hul dikwels in die nabyheid van olifante en renosters aangetref is en ook op dié diere gaan sit het om die bosluise van hul af te pik (sien ook Campbell I 282).

AFRIKAANSE PLANTNAME

Die plantname van hierdie periode het, soos te verwagte is, grotendeels op dieselfde manier ontstaan as dié wat in die vorige hoofstukke behandel is. 'n Aansienlike aantal plante het weer hul name te danke aan die gebruik wat inboorlinge en koloniste van hulle gemaak het. So kry ons die BOOGHOUT (*Grewia occidentalis*; Bowie 2) en KIERIEHOUT (*Rhus laevigata*; Bowie 3), die HARPUISBOS (*Euryops spp.*; Lich. II 289 vlg.; Bur. I 259) en BAKKERSBOS (*Passerina filiformis*, e.a.; Bowie 3; sien ook Bouchenroeder 52), die KERSBOSSIE (*Sarcocaulon sp.*; Deleg. I 87 vlg.), die WASBESSIEBOOM (*Myrica cordifolia*; Latr. 350; Teen. I 241) en TAP-AALWYN (*Aloe ferox*; Z.A.T. VII 288), die TANDPYN-BESSIE (Bowie 9: *Chironia baccifera*)⁹⁵) en die SLANGWORTEL (*Polygala serpentaria*; Moodie I 234 — teen slangbyt). By hierdie groep hoort ook die name BOESMANTEE (*Catha edulis*; Harvey 66) van die Oostelike Provinsie, BERGTEE (Meyer 16: *Borbonia ruscifolia*) en HEUNINGTEE (*Cyclopia gemistoides*;

⁹⁴) In die *Ndl. Wdb.* VI 1181 word gesê dat Afr. *houtkapper* vermoedelik na Eng. *woodpecker* gevorm is. Die ouderdom van die naam in Afrikaans alleen al maak dit onmoontlik.

⁹⁵) Volgens Marloth is *Chironia baccifera* die wetenskaplike naam vir die AAMBEIBOS, ook genoem BITTERBOS en MEIDJIE-WILLEMSE.

Meyer 3 vlg.), BRANDEWYNBOS (*Grewia flava*; Bur. I 364)⁹⁶) en MOERBOSSIE (*Anacampseros* spp.; *Mesembryanthemum stellatum* of *Euphorbia decussata*; Deleg. I 497),⁹⁷) BOESMAN-UINTJIE (*Cyperus usitatus*; Bur. I 548 n.), HOTTENTOTSBRAND (*Testudinaria elephantipes*; Bur. II 147), HOTTENTOTSKOS (? ? ?; Latr. 397) en KAFFERBROODBOOM (*Encephalartos altensteinii*, *E. caffer*; Bar. I 189; Bunbury 113).

Na die vrug van die plant, wat in sommige gevalle eetbaar is, is genoem die HOTTENTOTSPRUIM (Bowie 12: *Fusanus compressus*) en KAFFERPRUIM (Backhouse 205: *Pappea capensis*),⁹⁸) die KAFFERBOONTJIEBOOM (*Erythrina caffra*; Bar. I 141), HOTTENTOTS(BOER)BOONTJIE (*Schotia speciosa*; Bar. I 141, 297), BOSBOERBOONTJIEBOOM (*Schotia latifolia*; Bar. I 298) en die ELANDSBOONTJIE (*Elephantorrhiza burchellii*; Meyer 165). WOLWEGIFBOONTJIE (*Z.A.T.* III 308) is die vrug van die wolwegifstruik in die vorige hoofstuk genoem, SEEBOONTJIE dié van 'n mimosasoort van die Natalse kus (Deleg. I 342).⁹⁹) Bessiedraende struike waarvan die

⁹⁶) „They [d.w.s. die Klarwater-Hottentotte] are fond of brandy, but their distance from the colony prevents their being gratified to the extent of their wishes or means. An attempt at distilling a spirit from the berries of, what they therefore call, the *Brandewyn-bosch* (*Grewia flava*) had succeeded.” Die brandewynbos is dieselfde as die rosyntjebos hierbo genoem.

⁹⁷) „Les bastaards en [van heuning] font une bière enivrante au plus haut degré, à cause de la présence des racines du *mour-Boschis*, employées pour activer la fermentation.”

⁹⁸) Volgens Marloth word die *Pappea capensis* BERGPRUIM genoem, terwyl KAFFERPRUIM die naam van die *Harpephyllum caffrum* is.

⁹⁹) „C'est sur ses bords [d.w.s. van die Oemlalaas in Zoeloland] que nous rencontrâmes pour la première fois le singulier mimosa que trahit son fruit énorme, dont l'origine restait inconnue aux habitants de la colonie du cap de Bonne-Espérance. Souvent la mer avait rejeté près de la ville du Cap, tant à False-Bay qu'à Table-Bay, des fruits très durs, aplatis et bruns. On leur avait donné le nom de *Zee-Bontjes*, haricots de mer, parce que l'on en ignorait la provenance, et toujours ces soi-disant haricots étaient dépourvus de leur cosse.” Ook in Nederland is die vrug van 'n Indiese *Acacia* onder die naam *zeeboon* bekend.

name in hierdie periode opgeteken is, is die SKILPADBESSIE of DUINBESSIE (*Mundtia spinosa*; Z.A.T. III 307 en Bowie 2; Chase 152), die KRUIBESSIE (*Grewia occidentalis*; Bowie 2) en SUURBESSIE van die suidoostelike kusgebied (*Dovyalis rhamnoides*; Harvey 23), asook die sogenaamde KAFFERKOFFIE van die Oostelike Provinsie — „a very beautiful shrub called the Caffer coffee, which bears a small berry resembling coffee” (Phil. 87).¹⁰⁰) Die SKAAPDROLLETJIE (*Plectronia ventosa*; Bur. I 31 n.) dank ook sy ondigterlike naam aan die voorkome van sy vruggie. Verskillende soorte komkommeragtiges het in Afrikaans die name KAFFERWATERLEMOEN (Lich. I App.), BITTERWATERLEMOEN (Z.A.T. III 309), BITTERAPPEL (ibid.) en GIFAPPEL (Bur. I 143) gekry. Vandag word die twee laasgenoemde name volgens Marloth ook albei gebruik om die *Solanum sodomium* aan te dui. In dié betekenis is uit die bronne van hierdie periode alleen GIFAPPEL opgeteken (Latr. 397).

In sy proefskrif, *Afrikaansche Studies*, p. 47, het Dr. P. J. du Toit gewys op die moontlikheid dat die volksnaam FROETANGS vir enkele soorte *Romulea* en hul eetbare vruggies van Mal.-Port. *froeta*, „vrug, bol, knop” (vgl. Port. *fruta* naas *fructa*) moet afgelei word. Die vorm *froetang* sou dan uit *froeta* ontstaan het onder invloed veral van ander vrugname soos *pienang* en *piesang*. Prof. Boshoff beskou dié etimologie nog as onseker (*Volk en Taal*, p. 364, *Etim. Wdb.* s.v.). Dat die afleiding van Dr. Du Toit juis is, word feitlik bewys deurdat die naam nog in die 19de eeu deur Ecklon in sy *Topographisches Verzeichnis*, p. 18, in die vorm *fruta* vermeld is.

'n Vormeienaardigheid van 'n plant, sy blom of 'n ander onderdeel daarvan het ook weer aanleiding tot die ontstaan van heelwat name gegee. By Harvey 143 lees ons die eerste keer van die SAMBREELBOOM („samareelboom”) of NOOIENS-

¹⁰⁰) Waarskynlik is die kafferkoffie dieselfde as die wildekoffie (*Gardenia citriodora* en *Kraussia lanceolata*).

BOOM (*Cussonia spicata*), by Deleg. II 312 van die PLATKROONBOOM (*Albizia fastigiata*) van Natal en die oostelike Transvaal. Krauss 17 vermeld die VINGERPOL (*Euphorbia Caput Medusae*), die Z.A.T. IV (Ao. 1827) die MAERMANNETJIE (*Urginea altissima*),¹⁰¹) Latr. 397 die BOSTOU, 'n ander naam vir die bobbejaantou in die vorige hoofstuk genoem, en Deleg. II III die BOSTOUBOOM, wat 'n soort *Ficus* moet wees.¹⁰²) SALIEHOUT (*Buddleia salviifolia*; Bar. I 298) het sy naam te danke aan die gelykenis van sy blare met dié van die gewone salie; VADERLANDSWILGER (*Combratum spp.*?; Go. Mols. IV 159 — aan die Klein Visrivier, Ao. 1805) aan sy vermeende ooreenkoms met die wilg in Nederland. 'n Naam wat my uit geen ander bron bekend is nie, is GLASEWAAIERS vir 'n soort *Tritonia* wat Ecklon 29 vermeld („Glasewayers. Ohngefähr verdeutscht: durchsichtige fächer.") Vermoedelik is dit egter dieselfde as die naam WAIERTJIE wat Marloth vir die *Witsenia maura* opgeteken het; die geslagte *Witsenia* en *Tritonia* behoort immers albei tot die familie *Iridaceae*. Ecklon 37 noem ook die eerste die bekende naam PYPIE vir enkele gladiolussoorte wat ook AFRIKANER genoem word, terwyl Bunbury 188 die naam HOTTENTOTKAPPIE vermeld vir 'n soort orgidee (die *Disperis*

¹⁰¹) Die naam *magerman* kom ook in Nederlands voor, en Boshoff, *Volk en Taal*, p. 279, beskou die Afrikaanse naam as oorgeërf. In Nederlands word *magerman* egter toegepas op plante wat geheel en al verskillend van die Afrikaanse is; wat meer is, die naam *magerman* is tot die suidelike en suidoostelike dele van die Nederlandse taalgebied beperk, sodat oorerwing in Afrikaans nie baie waarskynlik is nie. MAERMAN is trouens 'n baie gepaste naam vir die opvallende Afrikaanse plant.

¹⁰²) „Il se nourrit surtout de petites figues portées par cet arbre immense, *bosch touw boom*, qui du côté où il s'incline laisse pendre des branches de support dont l'extrémité s'enterre et se convertit en racines formant des arceaux pittoresques." Die naam *bostou* self het ook in Indies-Nederlands voorgekom en is waarskynlik oud in Afrikaans. Vgl. Valentijn III (Amboina) 235: „Heesters . . . die maar gewoon zijn ergens langs te kruipen, en gemeenlijk de naam *Bosch-Touwen* dragen."

capensis) wat nou meestal MOEDERKAPPIE, ook wel MOEDERMUSSIE, heet. Volgens Bowie 3 dra die *Brunia nodiflora* die naam KNOPPIEBOSSIE „from the obicular clusters of unopened flowers, and afterwards, the seed vessels, bearing a fanciful likeness to silk covered buttons.” Bowie verwar klaarblyklik die Afrikaanse woorde *knoppie* en *knopie*.

Doringagtige bome, struike en ander gewasse waarvan die volksname nou vir die eerste maal te boek gestel is, is die OLIFANTSDORING van die hoë Noordweste (*Acacia haematoxylon*; Lich. II 551) en WITDORING (eintlik 'n ander naam vir die gewone doringboom of karoodoring, *Acacia karroo* of *A. horrida* — Bur. I 195, Bunbury 96), die DRIEDORING (*Rhigozum trichotomum*; Lich. II 343 en Bur. I 298), PENDORING (*Gymnosporia buxifolia*; Bur. II 133) en JONGDORING (? ? ?; Deleg. II 180, 181). PLATDORING, wat die eerste in die Z.A.T. III (Ao. 1826) 439 en deur Moodie I 233 vermeld word, is 'n ander naam vir die sieketroos (*Arctopus echinatus*). Blykbaar is die VLAKDORING waaroor Latr. 269 dit het („Vlachdorn or Flat-thorn”), dieselfde as die platdoring, maar die naam ken ek uit geen ander bron nie. Hier hoort ook die boomnaam HOENDER-SPOOR (Bar. I 298) vir die *Scolopia zeyheri*, wat so genoem is na die groot dorings aan stam en takke.

Na sekere vormeienaardigheid in die takke is genoem die KNOPPIEHOUT (*Grewia occidentalis*; Bowie 2) en die KNOPHOUT (*Fagara capensis*; Harvey 7); aan die ondergrondse groeiwyse het die AARDEBOONTJIES (Deleg. II 494: „ces haricots qui se développent sous terre au col de la racine et que l'on appelle à Natal *aarde-bontjes*”) en die KNOLLE, sekere soorte van *Watsonia* (Ecklon 34), hul naam te danke. Die SLANGWORTEL (*Garuleum bipennatum*) wat Meyer 309 vermeld, word nou SLANGHOUTJIES genoem en het sy naam te danke aan die vorm van sy wortels. Om watter rede die HONDEWORTEL (*Peucedanum cynorrhiza*; Harvey 139) sy naam gekry het, is nie duidelik nie, terwyl die herkoms van die naam DAWIDSWORTEL, DAWIDJIESWORTEL of een-

voudig DAWIDJIE (De Jong I 197: „Davidswortel,” II 115: „Davidje”; Z.A.T. III 310; Harvey 10) vir die *Melothria punctata* en *Antizonia capensis* nog altyd onseker is.¹⁰³)

Plantname wat die een of ander inherente eienskap van die plante of dele daarvan noem, afgesien van vorm, is SYBAS (*Gymnosporia acuminata*; Bar. I 298: „the interior bark of this tree is just like silk”), BOTTERBOOM (*Cotyledon paniculata*; Bur. I 192: „probably from the soft fleshy nature of its trunk and branches”), SYTJIE (*Geissorhiza hirta*) en FLUWEELTJIE (*Sparaxis tricolor*) — Ecklon 20, 27 —, vandag ook SYBLOM en FLUWEEBLOM; verder SOETGRAS (*Chloris virgata* en *Panicum laevifolium*; Go. Mols. IV 121 — Ao. 1803; Deleg. I 206), BRAKBOSSIE (*Atriplex spp.*; Bur. II 234 n.) en SOETHOUTBOSSIE (*Rafnia plexicaulis*; Meyer 11), waarvan die wortel net soos soethout gekou word; STINKKRUID (Z.A.T. VII 357: *Datura stramonium*) en STINKGRAS (*Eragrostis minor var. megastachya*; Deleg. I 207 vlg.) van oorkant die Grootrivier, TAAIBOS (*Rhus spp.*; Bur. II 234 n.) en HARDEPEER (*Olinia cymosa*; Bar. I 298). Matjiesgoed word volgens Bur. I 263 onderskei in HARDEMATJIESGOED (*Scirpus tegetalis*) en SAGTEMATJIESGOED (*Cyperus textilis*). BOESMANSEEP, die naam van ’n plant wat Campbell 144 beskrywe („a plant called the Bushman’s Soap . . . which much resembles the ice plant; the shining particles with which it is covered, on being touched, turned out to be only small globes of water, which the plant has the power of retaining”), het ek nêrens anders gevind nie.

Verskeie plante is na die kleur van hout, bas, blaar of blom genoem. By Bar. I 297 vlg. lees ons van die WITPEER (*Opodytes dimidiata*), WITHOUT (*Ilex mitis*), WITBOSHOUT (*Maeria caffra*) en WITYSTERHOUT (*Toddalia*

¹⁰³) Prof. Boshoff, *Volk en Taal*, p. 346, meen dat dawidjie ’n volksetimologiese vervorming van die Hottentotse woord dawéb is. Dawéb is egter die Hottentotse naam van ’n boomsoort wat deur die boere abiekwasgeelhout genoem is en het niks met die dawidjie of dawidjieswortel gemeen nie.

lanceolata), by Bur. I 343 n. van die WITGATBOOM (*Capparis albitrunca*) en I 400 van die ROOIBLAAR (*Combretum erythrophyllum*) — almal die name van bome wat vry ver na die ooste of noorde voorkom. Latr. 46 beskrywe 'n aalwynsoort VAALBLAAR genoem, 'n naam wat vandag nog in die Boland bekend is. Die vermaarde KALKOENTJIE, wat die eerste deur Lich. II 186 vermeld word, het waarskynlik oorspronklik sy naam gekry vanweë die helder skarlakenrooi van sy blomme. Later is toe o.a. die ROOI- en die GROEN-KALKOENTJIE (*Gladiolus alatus* en *G. orchidiflorus* resp.) onderskei (Ecklon 42), eweas die afrikaners onderskei is in BLOU, BRUIN-, WIT- en ROOI-AFRIKANERS (Ecklon 39 vlg.).

Na die plek waar hulle aangetref word of by voorkeur groei, het verskillende plante ook weer hul name gekry. So vind ons die KAROODORING (ander naam vir die gewone doringboom) en KAROOHOUT deur Bar. I 251 en 298, die KAROOBOSSIE (*Pentzia virgata*, *P. globosa* e.a.) deur Steed. I 98 vermeld.¹⁰⁴) KAMDEBOSTINKHOUT (*Celtis kraussiana*) en OUTENIEKWASGELHOUT (*Podocarpus elongatus*) tref ons ook die eerste by Bar. I 297 aan. Die KAFFERBOOM (*Erythrina caffra*; V.R.V. VIII 170 — Ao. 1790), ABIEKWASGELHOUT (*Tamarix articulata*; Harvey 124) en TAMBOEKIEGRAS (*Cymbopogon validus*; Deleg. I 339) is genoem na die bewoners van die streek waar die plante groei. Die naam FONTEINBOSSIE (Bowie 3; *Brunia nodiflora*) verklaar homself.¹⁰⁵)

In hierdie tydperk is slegs twee plantname aangetref wat ontstaan het na aanleiding van die tyd waarin die plante

¹⁰⁴) Karoohout word ook by Go. Mols. IV 159 (Ao. 1803) vermeld as 'n boomsoort voorkomende aan die oewer van die Klein Visrivier. Dit is nie duidelik watter boom bedoel word nie.

¹⁰⁵) Volgens Marloth is FONTEINBOSSIE 'n ander naam vir die bloukeur (*Psoralea aphylla*) en word die *Brunia nodiflora* STOMPIE genoem. Bowie sê ook, soos ons hiervoor reeds gesien het, dat die *Brunia nodiflora* as KNOPPIBOSSIE bekend staan; maar volgens Marloth is KNOPPIESBOS 'n naam vir seker soorte *Leucadendron*.

blom, nl. NUWEJAARSAFRIKANER (Ecklon 41) vir die *Gladiolus cardinalis* en MAARTBLOM (Backhouse 606) vir die *Brunsvigea gigantea*.

Na diersoorte is genoem die giftige JAKKALSBOS (*Dimorphotheca zeyheri*; *Bel. Hist. Dok.* III 372 — Ao. 1805; Thomp. 230) en die VARKBLAAR of VARKBLOM (*Zantedeschia aethiopica*; Latr. 397 en Bunbury 188). Watter verband daar tussen die eerste plantsoort en jakkalse waargeneem is, is nie duidelik nie; die bekende varkblom of varkblaar is so genoem omdat die wortels van die plant as varkkos dien.

Verskeie name met die voorvoeging *wilde-* voor die naam van 'n bekende kultuurplant waarmee die nuutbenoemde plant die een of ander, dikwels heel oppervlakkige, gelykenis vertoon het, is weer in die bronne van hierdie periode aangetref. Met enkele uitsonderinge is hul almal die name van plante wat vry ver na die ooste of noorde gevind is. Lichtenstein vermeld die WILDEPIESANG (*Strelitzia augusta*; I 331),¹⁰⁶ Barrow die WILDEGRANAAT (*Burchellia capensis* of *Rhoiacarpos capensis*; I 298), WILDEKOFFIE (*Phoenix reclinata*; I 141) en WILDETABAK (*Nicotina glauca*; I 302), Burchell die WILDEKALBAS (*Hibiscus urens*; I 278 n.) Die WILDEKALBASBOOM waar Deleg. I 268, 364 van praat, die *Strychnos spinosus*, word volgens Marloth vandag KLAPPERBOOM genoem. By Delegorgue lees ons ook nog van die WILDEDADEL (*Plectronia ventosa* of *Phoenix reclinata*; I 440), die WILDEKLAPPERNEUT (*Strychnos pungens*?; *ibid.*) en die WILDEROTTANG (II 284: „un cul de sac formé de buissons enlacés de rotang sauvages, wild rotang”), 'n naam wat ek uit geen ander bron ken nie. Harvey 37 deel mee dat die *Pappea capensis* van die Oostelike Provinsie WILDEPRUIM genoem word; volgens Marloth is WILDEPRUIM egter die naam vir die *Ximenia americana* of *X. caffra*, terwyl die *Pappea*

¹⁰⁶) In die dae van Lichtenstein moes die naam *wildepiesang* al geruime tyd bestaan het, blykens die ouderdom van die naam Piesangsrivier.

capensis eintlik BERGPRUIM heet. Moodie I 233 praat van die WILDERABAS, waarvan die blare medisinaal gebruik word, en gee die wetenskaplike naam van die plant aan as *Gunnera perpensa*. By Marloth is *Gunnera perpensa* egter die botaniese naam vir die WILDERAMENAS.¹⁰⁷⁾

Ten slotte twee name waarvan die herkoms duister is. Meyer 196 vermeld die naam KROTJE vir die *Brachystelma micranthum* en Bowie 10 die vreemdklinkende naam HOIT-ZIN vir die *Halleria lucida*, wat 'n vrug dra met 'n aangename soet en enigszins skerp smaak. Die naam KROTJE of iets wat daarop lyk, kon ek in geen ander bron vind nie. Vir die *Halleria elliptica* vermeld Marloth die volksnaam NUTZUNG, wat enige ooreenkoms met *hoit-zin* vertoon. Die vorm *nutzung* is egter ewe duister as *hoit-zin* en bring ons nie verder nie; dat *nutzung* die Duitse woord kan wees, lyk immers baie onwaarskynlik. Dit is eerder aan te neem dat Marloth, of sy bron, die vreemdklinkende woord op sy Duits gaan spel het. As *krotje* en *hoit-zin* nie deur Engelse en Duitse bioloë verknoeide weergawes van Afrikaanse woorde is nie, moet hulle oorsprong waarskynlik in Hottentots gesoek word.

¹⁰⁷⁾ In die *Huisg.* van 11 Nov. 1930, p. 23, het Prof. Franken daarop gewys dat die Afrikaanse plantnaam RABASSIE, wat ons die eerste in die Z.A.T. VII 194 („Rapassie, alias Rabassie”) aantref, van Portugese herkoms is.

BESLUIT

In die voorgaande bladsye is ruim 'n sewehonderd Afrikaanse plant- en diername bymekaargebring. As al die name wat ook in Nederlands bekend is, uit die geraadpleegde bronne gehaal was, sou die getal aansienlik hoër gewees het. Dit is onmoontlik om selfs te gis watter persentasie van die plant- en diername wat 'n honderd jaar gelede reeds in Afrikaans bestaan het, deur die opgetekende name verteenwoordig word. Al sou ons aanneem dat min name aan die aandag van reisigers en natuurondersoekers ontsnap het, sou ons nog kan sê dat die name wat onder die volk in gebruik was, van heelwat belangstelling in die natuur om hul heen getuig en tewens bewys lewer van 'n lewendige taalwerkzaamheid onder 'n klein klompie koloniste wat dun verspreid was oor 'n uitgestrekte gebied. Maar dit ly geen twyfel dat daar tallose name moes bestaan het wat nooit op skrif gestel is nie. Verreweg die meeste plant- en diername is ons in die werke van bioloë oorgelewer, en ons weet dat daar gebiede van die Afrikaanse dierewêreld veral is waaraan die wetenskaplikes voor 1845 nouliks aandag geskenk het. Buitendien is daar, na dit skyn, nooit stelselmatig studie van die volksname gemaak nie, ook nie op dié gebiede waarop die natuurondersoekers wel in die besonder hul aandag gerig het nie; en 'n ieder wat hom al met die insameling van materiaal uit die volksmond besiggehou het, weet hoe onvolledig sy gegewens bly selfs ná langdurige sistematiese werk. Skrywers wat nie natuurondersoekers was nie, het volksname van plante en diere meestal heeltemal terloops in hul werk opgeteken.

Dit sal moeilik wees om met sekerheid name te noem wat in die tyd van ons bronne al moes bestaan het en net toevallig nie opgeteken is nie. Oor die algemeen sal 'n mens egter mag aanneem dat 'n plant- of diernaam oud

is wanneer dit in die Boland en aangrensende gebied baie algemeen onder die volk gebruik word. Om 'n indruk te gee van die onvolledigheid van die bronne wat kon geraadpleeg word, wil ek hier 'n aantal dergelike name noem wat nie daarin voorkom nie. As enkele van dié name nie so oud is as wat vermoed word nie, kan dit aan die totale beeld nie veel verskil maak nie.

Onder die voëlname kan genoem word die klanknabootsende JANPIEDEWIET en JANTATERAK, TINKTINKIE en KELKIEWYN; verder KERSOGIE en MEEOLOGIE, STREEPKOPPIE en KOESKOESTER, JANGROENTJIE en DIKBEKSYSIE, KATLAGTER en LAKSMAN, LEMOENDUIF en BLESHOENDER. Die laaste naam is miskien oorgeërf. Uit Nederlands is dit my wel nie bekend nie, maar in Duits is *Blässhuhn* die gewone woord vir die Nederlandse *meerkoet*. Algemeen bekende name van soogdiere wat in die bronne ontbreek, is veel seldsamer. Daar is egter die name BAKOORJAKKALS en DRAAIJAKKALS, STOKSTERTMIERKAT en KRUIPMOL te noem. Onder die reptiele en insekte is daar heelwat meer. In die eerste plaas noem ons die alombekende VERKLEURMANNETJIE en KOGGELMANNETJIE, verder PLATANNA en PISPADDA, BOOMSINGERTJIE en SONBESIE, MISKRUIER en NAALDEKOKER, ROMAN en BOBBEJAANSPINNEKOP. Soos reeds gesê, is visname in die ou bronne ook maar selde opgeteken. Name wat nie daarin staan nie, is o.a. GEELBEK, DASSIE, STREPIE, MOINÔIENTJIE en name van Oosterse herkoms soos PADDIE, PANGA, KATONKEL en TJOKKA.

Wie kennis gemaak het met *The Common Names of Plants* van Marloth en die artikel van Dr. Muir in *Die Huisgenoot* van 30 Augustus 1929 oor „Gewone Plantname in die Distrik Riversdal,” of self ook 'n bietjie belang in die Afrikaanse volksname van plante gestel het, sal enigsins 'n besef hê hoe oneindig baie plantname daar vandag in Afrikaans bestaan en sal ook begryp dat die drie- of vierhonderd name wat uit die ou bronne opgeteken is, maar 'n betreklik geringe deel van die name uitmaak wat 'n

honderd jaar gelede reeds in Afrikaans gebruik is. Ons kan hier net enkele van die heel gewone Bolandse plantname noem wat nie in die bronne gevind is nie, maar indertyd heel waarskynlik al bekend was, nl. GEELBOS, TOLBOS, KOUTERBOS en GOINGBOS; BIESROEI, SNYRUIGTE en STEENTJIESKWEK; BRAKSLAAL, WATERBLOMMETJIE en PADDASLYM; MISBREDIE en MISRYBLOM; PLAKKIE en VIOOLTJIE.

Ten spyte van die groot rykdom aan volksname vir Afrikaanse plante bestaan daar hier en daar eenaardige en onverklaarbare leemtes. Dit skyn of min van die ruim tweehonderd soorte Afrikaanse varings volksname gekry het. In die geraadpleegde bronne is geen varingnaam teëgekomen nie, en Marloth en Muir vermeld net twee — BRANDBOSSIE en die ook in Nederlands bekende ADELAARSVARING —, terwyl hul wel verskeie Engelse volksname opgeteken het. In Afrikaans word dus feitlik alle soorte onder die algemene naam varings saamgevat.¹⁰⁸⁾ Veel vreemder nog is dit dat daar so min belangstelling vir ons beroemde heidesoorte uit die Afrikaanse naamgewing blyk. Ook hier is daar nie 'n enkele naam uit die ou bronne opgeteken nie. „Until recently,” het Marloth reeds opgemerk, „a couple of species only [van die byna vyfhonderd] had local names and the word 'heide' was used only as an equivalent for 'heideveld' in some parts of the Bokkeveld; hence the present hybrid designations 'Rijs-heath,' 'Taai-heath,' etc.”¹⁰⁹⁾ En dan

¹⁰⁸⁾ Aan die Ndl. *varen* beantwoord verskillende vorms in Afrikaans. *Varing* is die normale vorm met velarisering van die slotnasaal. Die vorm *varoe* wat Dr. Muir vir Riversdal gee, het waarskynlik ontstaan uit 'n vorm *vare*, met wysiging van die slotvokaal soos bv. ook in die uitspraak *Krigoe* van die persoonsnaam *Krige*. Dis nouliks aan te neem dat die dial. Afr. *varoe* in enige verband staan met die Wes-Vlaamse *varow* wat De Bo opgeteken het. In die Boland ken ek ook die vorm *var* (mv. *varre*), wat meestal vir 'n groot soort varing gebruik word, soos in die samestelling *boomvar*.

¹⁰⁹⁾ *Hei* word ook in Caledon gebruik vir veld van 'n bepaalde geaardheid; verder word die naam HEIRIET vir 'n seker soort dekriet gebruik — sien Langenhoven, *U Dienswillige Dienaar*, p. 58.

vertel hy die wel vermaaklike, maar tog ook beskamende verhaal dat toe 'n blomverkoper eenkeer gevra word hoe 'n sekere heisoort genoem word, sy antwoord was: „Ons het dit vroeër *bosluisbos* genoem, maar nou is dit 'n *hiet*.” Vandag nog word *hiet* of *hiets* of *hissie* of ander verbasteringe van die Engelse woord algemeen op die platteland gehoor. 'n Mens sou kan dink dat die woord *hei* vroeër wel onder Afrikaners as versamelnaam vir die *Ericaceae* gebruiklik was en toe deur die Engelse naam verdring is, veral in verband met die hoofsaaklik deur Engelse georganiseerde blommestoonstellings en handel in blomme. Ongelukkig is daar getuienis van reeds vroeg in die 19de eeu dat dit nie die geval was nie. By Burchell I 23 lees ons: „Although the Dutch language has a word to express heath, yet, whenever I made use of it in conversation with the farmers, it seemed always to be unintelligible”; en waar Harvey, *The Genera of South African Plants*, p. 212, die groot rykdom aan *Ericaceae* van die Kaap vermeld, laat hy daarop volg: „Strange to say they have no Colonial name.” Afsonderlike soorte hei moes egter wel benoem gewees het, soos blyk uit die twintigtal Afrikaanse volksname wat Marloth vermeld.

Dit is meermale gesê dat die ou Kaapse koloniste by die naamgewing aan plante en diere nie veel verbeeldingskrag of sin vir die skone aan die dag gelê het nie, dat hul nugter en saaklik alleen dié plante en diere benoem het wat vir hul òf nuttig òf skadelik was.¹¹⁰⁾ As 'n mens die name wat

¹¹⁰⁾ Vgl. bv. Pettman, *S.A. Place Names*, p. 147: „In early days the life of the pioneer and of the Voortrekker was of such a stern and strenuous character that little, if any, time could be given, even had the disposition been there, to the cultivation of either the poetic or the aesthetic in any direction, consequently only that in the Flora of the country was of interest to them which could be used for sustenance or for household or medicinal purposes of one sort or another, or which compelled attention by their armoury of hooks or of thorns or of both (Haak-en-steek). The trees, plants and flowers which under other skies and in other

hierbo byeengebring is, oppervlakkig beskou, dan lyk dit inderdaad of daar veel waarheid in dié bewering sit. Gevoelens wat die Afrikaanse plant- en dierlewe by die koloniste kon gewek het, kom selde in die name tot uiting. Verreweg die meeste name is deur en deur prosaïes, getuig nie van besondere verbeeldingskrag, oorspronklikheid of sin vir humor nie. Maar dit is die normale toestand in alle tale. Slegs by uitsondering ontstaan 'n naam uit 'n digterlike ingewing of 'n geestige inval. Sulke uitsonderingsgevälle is daar ook verskeie onder die ou Afrikaanse plant- en diername. Naas lang reekse doodgewone name van die tipes SWARTKRAAI, BERGSPREEU, DASSIEVANGER, GEELBEKEEND, SPUUGSLANG, WILDEBEES, ens., en is daar name wat verras deur hulle oorspronklikheid, soos ELSIE en HAMERKOP, MALBAARTJIE en SKOORSTEENVEËR, FISKAAL en SEKRETARIS, KORINGBOER en TRAPSOETJIES onder die diere, en MAERMAN en VELSKOENTJIE, GLASEWAAIERS en NOOIENSBOOM, SIEKETROOS, HOENDERSPOOR en WAG-'N-BIETJIE onder die plante. Name wat andersins heel gewoon is, kan tog ook mooi wees deur hul klank, die assosiasies wat hul wek, of deurdat hul opvallend volksaardig is. Dergelike name uit die ou bronne is KORINGLANDKRAAI en ROOIVLERKSPREEU, LANGASEMVOËL en RINKHALSKRAAI, BERGHAAN en NUWEJAARSVOËL, KOMMETJIEGATMUISHOND en WITGATBOOM.

Dit is nutteloos om te probeer uitmaak of die nuwe Afrikaanse name minder nugter en saaklik, digterliker of oor die algemeen aardiger as die oues is. Afgesien van enkele name soos BOETEBOSSIE en KAKIEBOS, waarvan die ouderdom vry noukeurig kan vasgestel word, of name van plante en diere waarmee die koloniste pas laat kennisgemaak het, kan ons nooit met sekerheid sê dat 'n naam nuut is nie. Wat wel seker is, is dat daar in die boek van Marloth en

circumstances, have inspired poetic delicacy of thought and imagery, of legend and lore of almost infinite variety and beauty, appear, except in a few cases, to have been powerless to do very much of the like in South Africa."

die artikel van Muir 'n aansienlike aantal baie aardige plantname vermeld word wat nie in die ou bronne gevind is nie. Ek noem hier SKAAMBLOM en BAAKHOUT, KOMMETJIE-TEEWATER en SOEKENDE-BASIES, BUIG-MY-NIE en KANNIEDOOD, HOTSNOTSTOONTJIE en TIEN-OS-TOU, KRAGMAN en JAKOBJONG en dan die name EENDJIES en GANSIES, BOEKIES en HORLOSIES (vir dié turksnaels), wat vrywel seker uit die verbeeldingswêreld van die kind stam.

Dikwels word name bestempel as „tipies Afrikaans.” As voorbeelde van dergelike name sal seker kan gereken word die plantname AGDAEGENEESBOSSIE en ALLERHANDEGEDAGTEBOS, PYN-IN-DIE-SY-BOS en OUMEIDSNUIF, DROOG-MY-KEELBOSSIE en DANSDORING, wat by Marloth en Muir te vinde is.¹¹¹⁾ In die ou bronne is daar van dié soort name betreklik min aangetref. Waarskynlik sal WAG-'N-BIETJIE-BOS en WITGATBOOM, KOMMETJIEGATMUISSHOND en TRAPSOETJIES as sulke name beskou word. Maar dit is gevaarlik om 'n naam bloot op sy voorstellingsinhoud of gevoelswaarde af as „tipies Afrikaans” te bestempel. Sulke name tref ons meestal deur die naïewe verbeelding of ongekunsteldheid, maar dié eienskappe is kenmerkend van tipiese volksname in alle tale. Dit gaan dus nie aan om gevolgtrekkings omtrent die besondere volksaard uit die plant- en diernaam te maak nie. 'n Naam soos PADDAKOMBERS mag miskien tipies Afrikaans klink, tot ons weer bewus word van die eintlike betekenis van 'n Nederlandse naam soos *paddestoel*.¹¹²⁾

¹¹¹⁾ Marloth vermoed dat die naam DANSDORING aan die *Aspalathus spinosa* gegee is deur iemand wat kaalvoet daardeur wou loop!

¹¹²⁾ In *Oor die Ontstaan van Afrikaans*, p. 87, noem Prof. D. B. Bosman 'n aantal uitdrukkinge in verband met dronkenskap wat „uitbeeldinge in die Hottentotse gees” sou wees. Daaronder kry ons ook *die straat meet* en *kromhoutsap drink*. Die eerste uitdrukking kom egter in dieselfde vorm ook in Suid-Nederlands voor (Cornelissen en Vervliet 1896 en Schuermans 687)—vgl. ook Harrebomée II 9: *de landmeter spelen* in dieselfde betekenis —,

Uit die Afrikaanse plant- en diername is wel 'n gevolg-trekking omtrent die houding van die Hollands-Afrikaanse koloniste teenoor hul nuwe land van inwoning te maak. Ons vind dat hulle in die ou tyd name gevorm het met die voorvoeging *vaderlands-*, soos VADERLANDSRIET, VADERLANDS-WILGER, en die voorvoeging *Kaaps*, soos KAAPSE ESEL, KAAPSE BUFFEL, ens. Toe het hulle aan Nederland gedink as die vaderland; die Kaap was vir hul die vreemde gebied. In Suid-Afrikaanse Engels is daar vandag nog talryke plant- en diername met die bepaling *Cape* daarvoor, in Afrikaans geeneen met *Kaapse* nie, terwyl *vaderlands-* in die name waarin dit nog voorkom, 'n versteende oorblyfsel is wat sy oorspronklike betekenis reeds lank verloor het — so volkome het die Afrikaner hom met sy nuwe vaderland vereenselwig. Een naam sou wel kon genoem word met die bepaling *Kaapse* daarvoor, nl. die visnaam KAAPSE-NÔIENTJIE, maar dit is 'n vleinaam eweas die naam MOOINÔIENTJIE, wat aan 'n ander vis gegee is.

Uit die volksname van plante en diere soos opgeteken in die ou bronne val daar, afgesien van die naamgewing self, min omtrent die ontwikkeling van Afrikaans te leer. Nòg omtrent die betekenisontwikkeling van besondere woorde, nòg omtrent spesiaal Afrikaanse maniere van woordvorming word deur die materiaal enige inligting verskaf. 'n Naam soos BLAASOP doen wel Afrikaans aan teenoor die Nederlandse *opblazer*, maar in sy vorming is daar niks eienaardigs nie, soos blyk uit die Nederlandse samestellinge *klimop*, *kleefaan*, *slokop*, *slapuit*, ens. Die naam VOËLENT is wel onnederlands, maar is wat sy vorming betref ook 'n unicum in Afrikaans. BESEMGOED, MATJIESGOED, PISGOED sou kon aangehaal word as voorbeelde van die uitgebreide gebruik van *-goed* as laaste lid van samestellings in Afrikaans, maar

en naas die tweede kan gestel word die Franse *tisane de bois tordu* vir wyn, wat ek in die roman *Un Prêtre Marié* II 3 (uitg. A. Lemerre, Parys, 1929) van Barbey D'Aurevilly gelees het.

ook in Nederlands is daar so baie woorde op *-goed* in ooreenkomstige betekenis, dat dit tog ook weer nie as iets van belang kan genoem word nie.¹¹³⁾

Wat nog opvallender is, is dat die plant- en diername feitlik altyd in 'n vorm aangeteken is wat niks omtrent die klankgeskiedenis van Afrikaans openbaar nie. Deur die hele 18de eeu is die name in alle bronne so noukeurig moontlik in hul Nederlandse vorm opgeskrywe. Nêrens kom ons Afrikaanse vorms soos *doring*, *kastaing*, *swa(w)el*, *tier*, of diminutiva op *-tjie* teë nie. Uit die afwesigheid van dié vorme mag nie afgelei word dat hul nie reeds bestaan het nie. Vorme wat uit die 17de-eeuse Hollandse volkstaal stam en dus sonder enige twyfel in die 18de-eeuse kolonistetaal gehoor is, is ewemin in die bronne aangetref. Dit is eers in die 19de eeu, veral in die werke van Engelse skrywers wat klaarblyklik min Nederlands geken het, dat ons plant- en diername in 'n Afrikaanse vorm opgeteken vind. *Vark* kry ons in dié vorm o.a. by Burchell I 342 in die naam *aardvark* en by Latrobe in die naam *varkblaar*, wat ons ook die eerste die vorm *blaar* gee; *padda* kry ons so geskryf in die name *reënpadda* en *waterpadda* by Smith, *steenbras* vir Ndl. *steenbrasem* in *Gleanings in Africa* 33 en *skulpad* by Bowie in die vorm *skulpadbessie*. Uit bronne van die 18de eeu het ons net 'n paar vorms van belang in die „Berigt” van Wikar, nl. *saprey(hout)*, 'n opvallende byvorm van *sipres* wat vandag nog gehoor word (BERGSAPREE), en *genzebok* (3 maal), wat miskien 'n poging is om die genasaleerde Afrikaanse uitspraak van Ndl. *gems* weer te gee (Go. Mols. II 90 en 88, 96, 131). Hoewel nie die naam van 'n inheemse plant nie, kan hier ook nog gewys word op die interessante vorm *drabok* wat ons reeds by Mentzel, Beschreibung II 79, aantref. In Nederlands is die woord *dravik*. Die Afrikaanse vorm *drabok* is my uit geen Nederlandse dialek bekend nie. Dit is vrywel alles. In vergelyking

¹¹³⁾ Vir woorde op *-goed* sien Ndl. Wdb. V 335 vlg.

met wat ons omtrent die Afrikaanse klankgeskiedenis uit ander bronne van dieselfde tyd en vroeër kan te wete kom, is dié oes maar uiters skraal.

Wanneer 'n volledige studie van die Afrikaanse plant- en diername gemaak word, sal ongetwyfeld nog baie interessante name aan die lig kom. Dit sal blyk dat Nederlandse volksname wat hier geheel onbekend geag is, tog na die Kaap oorgedra is en hier of daar bly leef het. Marloth vermeld reeds name soos *bingelkruid*, *herderstassie*, *melde*, *monniksbaard* en *muur*, wat in Afrikaans seker maar in beperkte kring bekend is of miskien al heeltemal uitgesterf het.¹¹⁴⁾ Dit is ongelukkig nie seker in hoever Marloth se gegewens betroubaar is nie. Hy het klaarblyklik ook name uit ou bronne gehaal, en 'n mens weet nie hoe krities hy teenoor hulle gestaan het nie. Dit kan wees dat name wat hy noem, nooit deur die volk aan die Kaap gebruik is nie. Dat daar egter nog sulke ou name moet wees, is seker. Name soos WIKKE, WYNRUIT en WEEGBREE is byvoorbeeld in die Boland onder die boerebevolking nog goed bekend.

Vir die etimoloog is daar onder die volksname van diere en plante altyd heelwat probleme te haal. In Afrikaans is dit in besondere mate die geval, soos o.a. weer uit die naamlys van Marloth te sien is. Daar is 'n aansienlike aantal name wat vermoedelik van Hottentotse oorsprong is, soos AJOSIE, AROENA, (BITTER)BOELA, GARRA, GONNA, KAMMIE-(BOS), KEITA, KOENIE, KRIETIEKOM, NAMTARRIE, OUKOE en andere.¹¹⁵⁾ Hulle word gebruik in gebiede waar 'n mens Hottentotse relikte kan verwag. Die Hottentotse taal self is daar uitgesterf, sodat die woorde alleen in Afrikaans bly voortleef het en nou deel van die Afrikaanse woordeskat in dié streke uitmaak. Woorde soos PINOTIE(BOSSIE),

¹¹⁴⁾ Die name hierbo genoem is almal dié van plante wat óf ook in Europa voorkom óf uit Europa aan die Kaap ingevoer is en nou hier half wild groei.

¹¹⁵⁾ Hier is opsetlik alleen name genoem wat nie in een van die bekende werke oor Afrikaans bespreek is nie.

SKAGAL(TEE), KAJANG(BOS) kan ook Hottentots wees, maar maak die indruk van woorde van Portugese of Maleise herkoms. Dan is daar woorde soos LANGELIER (of LANGELEDE), LANTANTER, BESSINGBOS en DRALPEER wat die klank van Nederlandse woorde het, maar nog nie tot hul oorsprong herlei is nie. Dié lys sou maklik uit Marloth en ander bronne kan aangevul word. Dit kan wees dat enkele van die duister name wat Marloth noem, bloot die verkeerde interpretasie van 'n slordige handskrif is. So lyk die naam KWARRELSAAD vir die *Phalaris canariensis* baie na 'n verkeerde lesing van *kanariesaad*, die naam wat die plant trouens in Nederlands dra. Ook diername sal kan genoem word wat etimologies interessant is maar nog nie in Afrikaanse taalkundige werke ter sprake gekom het nie. Ek noem hier alleen die paddaname PLANDOEKA of PLATMADOEKA, PAMPLOET of PLATPLOET.

Die Afrikaanse sowel as die Nederlandse taalstudie sal kan voordeel trek uit 'n vergelyking van die plant- en diername wat in die twee taalgebiede gebruiklik is. Vir die Nederlandse dialekgeograaf kan dit bv. van belang wees om die Afrikaanse vorms SUIDISSEL, SEIDISSEL te ken naas die Ndl. *zeug-*, *zoogdistel* en die dial. Ndl. *zoidessel*, *soedessel*, *suidistel*, *zeudiezel*, ens. (vgl. Opprel, *Het Dialect van Oud-Beierland* 90, Ter Laan, *Nieuw Groninger Woordenboek* 1229, en verder Pauwels, *Enkele Bloemnamen* 150), asook die Afrikaanse vorm KIESIEBLAAR naas die Ndl. *kaasjes*- en dial. Ndl. *keesjesblad*. Interessant is dit seker ook dat ons nes in dele van die Nederlandse taalgebied SKOENLAPPER gebruik vir vlinders in die algemeen, en dat die Afrikaanse volkstaal alleen die algemene naam PADDA ken en glad nie die name *kikvors* en *kikker* nie. So is dit ook opvallend dat terwyl ons die naam DONDERPADDA in Afrikaans gebruik vir 'n besondere soort padda (*Breviceps gibbosus* of *B. pantheri*), in Nederland *donderpad* die naam is vir die „pootlose larf van de kikvors.” 'n Studie van Nederlandse name sal dit aan die ander kant dikwels op verrassende

wyse aan die lig bring dat name wat ons andersins vir oorspronklik Afrikaans sou aansien, dit miskien tog nie is nie. Die Afrikaanse name PERDEKLOU vir 'n soort seeskulpdier en SEEKASTAIING vir 'n soort *Echinus*, byvoorbeeld, was in die 18de eeu ook buite die Kaap bekend (sien *Ndl. Wdb.* XII 72, 87 en VII 1749), terwyl ons naas die aardige Afrikaanse visnaam MOOINÔIENTJIE hierbo genoem kan plaas die Ndl. *mooi meisje*, wat waarskynlik ook al uit die 17e eeu dateer (vgl. Stoett, *G. A. Brederoo's Moortje*, p. 141, aant. op r. 728).

Die bestudering van al dergelike name lê egter buite die bestek van hierdie studie, wat alleen bedoel was om 'n beeld te gee van die ontwikkeling van 'n deel van die Afrikaanse woordeskat binne 'n sekere tydperk in sover as wat die skriftelike oorlewering dit toegelaat het.

LYS VAN GERAADPLEEGDE BRONNE.^{a)}

- ALEXANDER, SIR J. E.: *An Expedition of Discovery into the Interior of Africa*. 1838.
- ARBOUSSET, T., en DAUMAS, F.: *Narrative of an Exploratory Tour to the North-East of the Colony of the Cape of Good Hope*. 1846.
- BACKHOUSE, J.: *Narrative of a Visit to the Mauritius and South Africa*. 1844. [1838-1840.]
- BAR. — BARROW, SIR JOHN: *Travels into the Interior of Southern Africa*. 1806. [1797-1798.]
- BOGAERT, ABRAHAM: *Historische Reizen Door d'oostersche Deelen van Asia*. 1711. [1702-1706.]
- BOTHA, C. GRAHAM: *Place Names in the Cape Province*. 1927.
- BOUCHENROEDER, BARON B. F. VON: *Reize in de Binnenlanden van Zuid-Afrika, gedaan in den jare 1803*. 1808.
- BOWIE: "Indigenous Plants, Generally flowering in the Months of October and November, in the Cape District." (Extracted from a communication by Mr. Bowie, read in the South African Institution, 30th September, 1829.) *Ex. South African Quarterly Journal*.
- BUNBURY, SIR CHARLES: *Journal of a Residence at the Cape of Good Hope*. 1848. [1837-1838.]
- BUR. — BURCHELL, WILLIAM J.: *Travels in the Interior of Southern Africa*. 1822, 1824. [1810 vlgg.]
- BURMANNUS, J.: *Rariorum Africanarum Plantarum*. 1738-1739.
 ——— *Thesaurus Zeylanicus*. 1736. Hierin die „Catalogus plantarum Africanarum” van Paul Hermann, Ao. 1705, en die „Catalogus alter Plantarum Africanarum” van H. Oldenland en J. Hartog.
- BÜTNER, J. D.: *Waare Relation und Beschryving van Cabo de Goede Hoop*. Ms. versameling Dessin. [1715?]
- CAMPBELL, JOHN: *Travels in South Africa, . . . being a narrative of a second journey in the interior of that country*. 1822.
- CHASE, J. C.: *The Cape of Good Hope and the Eastern Province*. 1843. [1820 vlgg.]
- CUMMING, R. G.: *Five Years of a Hunter's Life in the Far Interior of South Africa*. 1850. [1843-1848.]

a) Hierdie lys bevat alleen die name van boeke en ander bronne wat in die voorgaande bladsye gesitêr is. Daarnaas is soveel moontlik werke wat van belang vir hierdie studie gelyk het, geraadpleeg.—Die afkorting waar- van gebruik gemaak is, is in die lys opgeneem op hul alfabetiese plek.

- DANIELL, S.: *Sketches representing the Native Tribes, Animals, and Scenery of Southern Africa*. 1820. [1801-1802.]
- DAPPER, O.: *Kaffrarie of Lant der Kaffers, anders Hottentots genaemt*. 1668. V.R.V. XIV.
- DE JONG, C.: *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop*, ens. 1802-1803. [1791-1795.]
- DE LA CAILLE, M. L'ABBÉ: *Journal Historique du Voyage fait au Cap de Bonne-Espérance*. 1763. [1751.]
- DELEG. — DELEGORGUE, A.: *Voyage dans l'Afrique Australe, notamment dans le territoire de Natal*, ens. 1847. [1838-1844.]
- ECKLON, C. F.: *Topographisches Verzeichniss der Pflanzensammlung von C. F. Ecklon*. 1827.
- Eerste Schipvaart* — sien Houtman, Corn.
- Fl. Cap.* — sien Thunberg, C. P.
- FORSTER, G.: *A Voyage round the World*, ens. 1777. [1772.]
- Gleanings in Africa*. 1806. [1795 vlgg.]
- GO. MOLS. — GODÉE MOLSBERGEN, E. C.: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd*, I-IV.
- GREVENBROECK, J. G.: *Gentis Africanæ . . . vulgo Hottentotten nuncupatae Descriptio Epistolaris*. 1695. V.R.V. XIV.
- HARVEY, W. H.: *The Genera of South African Plants*. 1838.
- HERMANN, PAUL — sien Burmannus.
- Hist. Nat.* — sien Le Va.
- HOFFMANN, J. C.: *Reise nach dem Kaplande*, ens. Nijhoff, 1931. [1671-1676.]
- HOFMAN, C. F.: *Korte Beschrijving van Cabo de Goede Hoop*. Ms. versameling Dessin. [1720?]
- HONDIUS, J.: *Klare Besgryving van Cabo de Bona Esperanca*. 1652.
- HOOKE, SIR W. J.: *Botanical Miscellany*, dl. II 1-59, 258-343, en dl. III 23-76. 1831-1833. [1807.]
- HOUTMAN, CORNELIS DE: *De Eerste Schipvaart der Nederlanders naar Oost-Indië*. Linschoten-Vereeniging VII. [1595-1597.]
- Illus.* — sien Smith, Sir A.
- KOLBE, P.: *Naaukeurige en Uitvoerige Beschryving van de Kaap de Goede Hoop*, ens. 1727. [1705-1713.]
- KRAUSS, D. F.: *Beiträge zur Flora des Cap- und Natallandes*. 1846. [1838-1840.]
- LATROBE, C. I.: *Journal of a Visit to South Africa in 1815 and 1816*. 1818.
- LE VA. — LE VAILLANT, FRANCOIS: *Histoire Naturelle des Oiseaux d'Afrique*. 1799-1808. [1780-1785.]
- *Reizen in de Binnenlanden van Afrika*. 1791-1798. [1780-1785.]
- LICHTENSTEIN, H.: *Reisen in südlichen Afrika*. 1811-1812. [1803-1806.]

- MASSON, F.: *An Account of Three Journeys from the Cape Town into the Southern Parts of Africa*. 1776. [1772-1774.]
- MELTON, E.: *Zeldzaame en Gedenkwaardige Zee- en Land-Reizen*. 1681.
- MENT. — MENTZEL, O. F.: *Vollständige . . . Beschreibung des . . . Vorgebirges der Guten Hoffnung*. 1785, 1787. [1733-1740.]
- METHUEN, H. H.: *Life in the Wilderness; or Wanderings in South Africa*. 1846. [1843-1845.]
- MEYER, E. F. H.: *Commentariorum de Plantis Africae Australioris*, ens. 1835-1837.
- Misc. Orn. Papers* — sien Smith, Sir A.
- MOODIE, J. W. D.: *Ten Years in South Africa*. 1835. [1819-1829.]
- NIEUHOFF, J.: *Gedenkwaardige Zee- en Land-Reize*, ens. 1682. [1672.]
- PATERSON, W.: *A Narrative of Four Journeys into the country of the Hottentots and Kaffraria*. 1789. [1777-1779.]
- PETTMAN, C.: *South African Place Names*. 1931.
- PHILLIPS, T.: *Scenes and Occurrences in Albany and Cafferland*. 1827.
- ROSE, COWPER: *Four Years in Southern Africa*. 1829.
- SCHREYER, J.: *Reise nach dem Kaplande*. Nijhoff. 1931. [1669-1677.]
- SMITH, SIR A.: *Illustrations of the Zoology of South Africa*. 1849. — *Miscellaneous Ornithological Papers*. The Willoughby Society, 1880. (Ex S.A. Quar. Jour., 1833.)
- S.A.Q. Jour. — *South African Quarterly Journal* (2de reeks), dl. I (Ao. 1833).
- SMUTS, J.: *Dissertatio Zoologica inauguralis, exhibens enumerationem Mammalium Capensium*. 1832.
- SPAR. — SPARMAN, A.: *Reize naar de Kaap de Goede Hoop*. 1787. [1772, 1775-1776.]
- SPIILBERGEN, JORIS VAN: *De Reis van Joris van Spilbergen naar Ceylon, Atjeh en Bantam, 1601-1604*. Linschoten-Vereeniging XXXVIII.
- STEED. — STEEDMAN, A.: *Wanderings and Adventures in the Interior of Southern Africa*. 1835. [1822 vlgg.]
- TACHARD, LE PÈRE GUY: *Voyage de Siam*, ens. 1686.
- TEENSTRA, M. D.: *De Vruchten mijner Werkzaamheden gedurende mijne Reize over de Kaap de Goede Hoop*, ens. 1830. [1825.]
- TEN RHYNE, W.: *Schediasma de Promontorio Bonae Spei*. 1686. V.R.V. XIV.
- THEAL, GEO. MCCALL: *Belangrijke Historische Dokumenten*. 1896-1911.
- THOMPSON, GEORGE: *Travels and Adventures in Southern Africa*. 1827. [1821-1824.]
- THUN. — THUNBERG, C. P.: *Travels in Europe, Africa and Asia*. 1795. [1772-1775.]
- THUNBERG, C. P.: *Flora Capensis*, ens. 1823. [1772-1775.]

- VALENTIJN, FRANCOIS: *Beschryving van Oud en Nieuw Oost Indien*.
 Dl. V, 2de stuk. 1726. [1685, 1695, 1705, 1714.]
- VAN RIEBEECK, JAN: *Dagverhaal*. Utrechtsche Historische Genootschap, 1884-1893. [1652-1662.]
- VAN LINSCHOTEN, J. H.: *Itinerario*. Linschoten-Vereeniging, 1910.
 [1579-1592.]
- V.R.V. — Uitgaves van die Van Riebeeck-Vereniging.
- WATERHOUSE, GILBERT: *Simon van der Stel's Journal of his Expedition to Namaqualand, 1685-6*.
- WIKAR — „Berigt” van Wikar in Godée Molsbergen se Reizen in Zuid-Afrika in de *Hollandse Tijd*, dl. II, pp. 78-138.
- Z.A.T. — *Zuid-Afrikaansch Tijdschrift*.

REGISTER VAN PLANT- EN DIERNAME

(Met enkele uitsonderinge is alleen die volksname wat in die ou bronne gevind is, in die Register opgeneem; daarom sal geen name uit die „Besluit” hier aangetref word nie.)

Diername

- | | |
|---|---|
| <p style="text-align: center;">A</p> <p>Aardwolf, 51.
aasvoël, 55.</p> <p style="text-align: center;">B</p> <p>Baar, 23.
bager, 23.
bamboesvis, 23.
basjan, 4.
bastereland, 80.
bastergemsbok, 80.
basterhartebees, 80.
bastermakou, 85.
bastersilwervis, 83.
basterspringbok, 80.
basterwildebees, 80.
bergadder, 82.
bergeend, 10.
berghaan, 56.
berghaas, 51.
bergsalamander, 82.
bergslang, 82.
bergspreu, 59.
bergswawel, 85.
bergvark, 51.
bergwolf, 36.
biskop, 22.
blaasop, 18.
blaasop (<i>insek</i>), 53.
bleekbok, 50, 51.
bleeksteenbok, 51.
blesbok, 79.
blesmol, 52.
blindemol, 52.</p> | <p>blindevlieg, 38.
bloubok, 35.
bloubokkie, 43, 79.
bloukorhaan, 84.
blouvalk, 84.
blouwildebees, 79.
boesmankorhaan, 85.
bokmakierie, 61.
bonita, 6.
bontbok, 35.
bontkanariebyter, 61.
bontkraai, 59.
bontmuishond, 19.
boomdassie, 81.
boomsingertjie, 3.
bosbok, 50.
bosdassie, 81.
boskat, 17.
bosluis, 53.
bospou, 84.
bosvark, 51.
bromvoël, 85.
bruinkapel, 82.
brulpadda, 82.
byevanger, 63.
byevreter, 63.</p> <p style="text-align: center;">D</p> <p>Daeraad, 6.
dakslang, 82.
dasadder, 82.
das(sie), 12.
dassievanger, 84.
diederik, 60.
doodskop, 53.</p> |
|---|---|

dood(s)voël, 57.
 doringbesie, 3.
 drilvis, 8, 37.
 druiwevreter, 60.
 dubbelde-lewerk, 59.
 duiker, 11.
 duiker(bok), 35.
 duinmol, 52.
 duinrot, 81.
 duiwelsvoël, 63.

E

Eiervreter, 82.
 eland, 13.
 elandvoël, 61.
 elf, 10.
 elsie, 64.
 enkelede-lewerk, 59.
 erdslang, 82.
 erdvark, 36.
 erdwolf, 51, 80.
 eselsperd, 35.

F

Fisant, 11.
 fisikaal, 61.
 flamink, 4.

G

Galjoen, 26.
 geelbek(eend), 36.
 geelgat, 62.
 geelkanariebyter, 61.
 geelkapel, 82.
 geelslang, 52.
 geelvis, 83.
 geitjie, 44.
 gemsbok, 13.
 ghaaibout, 4.
 ghnoe, 43, 44, 48.
 gla(a)sogie, 62.
 graatjie, 44, 45.
 groenspreu, 59.
 groot(heuning)by, 83.
 groot-visvanger, 56.

grysbok, 35.
 grysjakkals, 51.
 grysmuishond, 19.

H

Haantjie, 63.
 haddadas, 55.
 hagedas, 55.
 halfkoord, 6.
 hamerkop, 85.
 harder, 10.
 hardloper(besie), 53.
 hardloper, 51.
 hartebees, 13.
 heuningvoëltjie, 62.
 heuningwyser, 62.
 hiëna, 12.
 hondevlieg, 83.
 horingsmannetjie, 52.
 hottentotsgot, 35, 53.
 hottentotsvis, 35.
 houtkapper, 85.
 huig, 8.

I

Impala, 78.

J

Jakkals, 2, 12.
 jakkalsvoël, 56.
 jakopewer, 7.
 janbruin, 24.
 janfrederik, 62.
 jan-van-gent, 7.
 jentjieberbie, 61.
 josef, 53.

K

Kaalkop, 84.
 kabeljou, 10.
 kaffervink, 85.
 kalkoentjie, 63.
 kameel(perd), 36.
 kanarie, 60.

kanariebyter, 60.
 kapokvoël, 62.
 karookorhaan, 62.
 kikvorsvanger, 56.
 klapklappertjie, 59.
 klapperl(i)ewerk, 59.
 kleinbokkie, 43, 79.
 klipdas, 13.
 klipkont, 37.
 klipkous, 37.
 kliploper, 35.
 kliproos, 37.
 klipsalamander, 82.
 klipspringer, 35.
 klipvis, 17, 27.
 kneutje, 42.
 knorhaan, 10.
 koedoe, 43, 48.
 kokkewiet, 61.
 kolhaas, 81.
 kommetjie(gat)muishond, 81.
 koningklipvis, 83.
 koningsuikervoël, 17.
 koperkapel, 24.
 korhaan, 11.
 koringboer, 83.
 koringlandkraai, 59.
 koringvreter, 86.
 kousbandjie, 52.
 kraai, 2, 11.
 kraakvis, 8.
 krombek, 62.
 kroggans, 11.
 kuifkoppou, 84.
 kuifkopvalk, 84.
 kuifpou, 84.
 kuikendief, 41.
 kwagga, 34, 44.
 kwartel, 11.

L

Lammervanger, 84.
 landmol, 52.
 langasem(voël), 64.
 langstertjie, 17, 20.
 leervis, 27.
 l(i)ewerkvanger, 56.

loerie, 58.
 lugspringer, 50.
 luihaai, 83.
 luiperd, 12.

M

Maanhaarjakkals, 80.
 mahem, 78.
 makriel, 10.
 makswawel, 60.
 malbaartjie, 63.
 malgas, 4.
 malmok, 7.
 mamba, 78.
 marsbanker, 10.
 moggel, 53.
 mokkelkop, 53.
 molenaar, 42.
 mossie, 11.
 muggie, 25.
 muilesele, 35.
 muishond, 19.
 muisvoël, 60.
 muskeljaatkat, 26.
 muskiet, 25.

N

Nadroejakkals, 78, 81.
 nagadder, 82.
 nagmuis, 81.
 nagslang, 52.
 nagtegaal, 41.
 naguiltjie, 41.
 nagvalk, 56.
 namakwadui, 58.
 namakwapatrys, 58.
 noemetjie, 43.
 noor(d)kapper, 7.
 nuwejaarsvoël, 60.

O

Oeroer, 26.
 olifantsvoël, 86.
 olyfduif, 58.

ontong, 26.
 oorbietjie, 43.
 opblaser, 18.

P

Paddavanger, 56.
 padloper, 82.
 panga, 26.
 parrie, 26.
 patrys, 11.
 perdevis, 24.
 piet-my-vrou, 62.
 piet-tjou-tjou, 63.
 pikkewyn, 4.
 platkop, 83.
 poelsnip, 10.
 poenskop, 53.
 poeskop, 21, 49, 53.
 pofadder, 52.
 pronkbok, 50.
 pylstert, 17.

R

Ratel, 36.
 reebok, 13.
 reebokhaas, 81.
 reënpadda, 82.
 reier, 11.
 renostervoël, 86.
 rietbok, 50.
 rietreebok, 50.
 rinhalskraai, 58.
 roman, 37.
 rooibekkie, 36.
 roobok, 78.
 rooifisant, 58.
 rooigathaas, 51.
 rooiakat, 36.
 rooimuishond, 81.
 rooireebok, 79.
 rooitortelduif, 58.
 rooiwalk, 56.
 rooivlerkkarper, 83.
 rooivlerkspreu, 59.
 rottevanger, 56.

S

Sandkruiper, 17.
 sandmol, 52.
 sebra, 44.
 seeduif, 4.
 seekoei, 14.
 seemonnik, 8.
 seesnoek, 10.
 sekretaris(voël), 36, 57.
 sierlie, 59.
 silwerwis, 19.
 skaapstekker, 81.
 skaapwagtertjie, 63.
 skeer(bek)muis, 81.
 skoorsteenveër, 54.
 slanghalsvoël, 42.
 slangvreter, 36, 57.
 smie-eend, 85.
 snip, 10.
 snoek, 10.
 sonbesie, 3.
 spekvretertjie, 62.
 spierinkie, 10.
 spreu, 2, 11.
 springadder, 52.
 springbok, 50.
 springer, 20.
 springhaas, 51.
 sprinkaanvoël, 85.
 spuugslang, 52.
 steenbok, 13.
 steenvalk, 41.
 stinkdassie, 42.
 stompneus, 26.
 stranddubbeltjie, 54.
 strandjut, 80.
 strandloptertjie, 18.
 strandwolf, 51.
 streepesel, 44.
 streepmuis, 81.
 strontjaer, 37, 55.
 strontvis, 27.
 strontvoël, 37, 55.
 suier, 38.
 suikerbekkie, 20.
 swartaasvoël, 55.
 swartkanariebyter, 61.

swartkop, 82.
 swartkorhaan, 85.
 swartkraai, 85.
 swartslang, 82.

T

Tambryn, 24.
 tarentaal, 57.
 tier, 12.
 tierboskat, 36.
 tierwolf, 36.
 tjêr-tjêr, 62.
 tjietrek, 61.
 tjokka, 26.
 tjok(ker), 84.
 traagvis, 8.
 trapsoetjies, 82.
 trekbok, 50.
 treksprinkaan, 53.
 trilvis, 53.

U

Untjiesjakkals, 51.

V

Vaalaasvoël, 84.
 vaaljakkals, 81.
 vaalreebok, 50, 51.
 varswaterbager, 23, 54.
 vetvretertjie, 62.
 vink, 11.
 vlaktebok, 51.
 vlaktehaas, 81.
 vlaktemuis, 81.

vlaktesteenbok, 50, 51.
 vlaktevark, 81.
 vlakvark, 81.
 vleimuis, 81.

W

Waterbok, 79.
 waterfiskaal, 61.
 waterhoender, 10.
 waterpadda, 82.
 wildebees, 44.
 wilde-esel, 34, 35, 41.
 wildehoender, 58.
 wildehond, 12.
 wildekalkoen, 55.
 wildekalkoentjie, 63.
 wildeperd, 34, 35, 41.
 wildepou, 84.
 wildeswawel, 60.
 witaasvoël, 84.
 witgatspreeu, 59.
 withalskraai, 85.
 witkraai, 55.
 witmol, 52.
 witogie, 62.
 witoog, 37.
 witsperwel, 84.
 witvalk, 56.
 witvis, 54.
 wit-visvanger, 56.
 witvlerkspreeu, 59.
 wolf, 2, 12.

Y

Ystervark, 13.

Plantname

A

Aandblom, 41.
 aardeboontjie, 90.
 aardroos, 41.
 abiekwasgeelhout, 92.
 afrikaner, 20, 22, 75.
 anyswortel, 66.

assegaaihout, 31.

B

Bakkersbos, 86.
 bamboes, 26.
 baro(e), 46, 48.
 bellis, 42, 43.

bels, 42, 43.
 bergsipres, 32.
 bergtree, 86.
 berguintjie, 67.
 besemgoed, 67.
 besemriet, 67.
 bietou, 78.
 bitterappel, 88.
 bitterwaterlemoen, 88.
 bitterwortel, 67.
 bobbejaankers, 31, 32.
 bobbejaantjie, 68.
 bobbejaantou, 69.
 boegoe, 29.
 boekenhout, 16.
 boesmangras, 66.
 boesmanseep, 91.
 boesmantee, 86.
 boesmanuintjie, 87.
 booghout, 86.
 bosboerboontjie(boom), 87.
 bospeper, 42, 72.
 bostou, 89.
 bostouboom, 89.
 botterboom, 91.
 brakbossie, 91.
 brandblaar, 67.
 brandewynbos, 87.
 brandhoutboom, 67.
 broodboom, 66.
 buffeldoring, 70.
 buffelhoring, 70.

D

Dagga, 29.
 dawee, 48.
 dawidjie, 91.
 dawid(jie)swortel, 90.
 doringboom, 31, 32.
 dorrevye, 72.
 dieldoring, 90.
 dubbeltjie(doring), 33.
 duikershoring, 70.
 duinbessie, 88.
 duinhout, 73.

E

Elandsboontjie, 87.
 esseboom, 16.

F

Fluitjiesriet, 67.
 fluweelblom, 41.
 fluweeltjie, 91.
 fonteinbossie, 92.
 froetang, 88.

G

Ga(gras), 48.
 ganna(bos), 47.
 gatgaai, 47.
 geelhout, 17.
 ghaap, 78.
 ghoena(vy), 46.
 ghwarrie(bos), 47, 48.
 gifappel, 88.
 gifbol, 68.
 gifboom, 68.
 gifdoring, 81.
 gifmelkbos, 68.
 glasewaaiers, 89.
 glie(wortel), 47.
 goree, 47.
 goudboom, 73.

H

Haakdoring, 70.
 haarwortel, 34.
 hardematjiesgoed, 91.
 hardepeer, 91.
 harpuißbossie, 86.
 hartslaggies, 75.
 heuningtee, 86.
 hoenderspoor, 90.
 hoit-zin, 94.
 hondewortel, 90.
 hottentotkappie, 89.
 hottentotsblare, 31.
 hottentotsboerboontjie, 87.
 hottentotsbrood, 30, 87.

hottentotskos, 87.
 hottentotspruim, 87.
 hottentotsuintjie, 30.
 hottentotsvy, 30.
 hottentotswaterlemoen, 66.

J

Jakkalsbos, 93.
 jakkalskos, 69.
 jamboes, 26.
 jeukbol, 73.
 jongdoring, 90.

K

Kaapse vy, 30.
 kafferboom, 92.
 kafferboonboom, 87.
 kafferbroodboom, 87.
 kafferkoffie, 88.
 kafferkoring, 66.
 kafferpruim, 87.
 kafferskuil, 19.
 kafferwaterlemoen, 88.
 kalkoentjie, 92.
 kamassiehout, 48.
 kambro, 46.
 kamdebo-stinkhout, 92.
 kameeldoring(boom), 69.
 kamko, 46.
 kaneelblom, 41.
 kannabos, 47.
 kanna(wortel), 29, 46.
 kapokbos, 73.
 kareeboom, 48.
 karee(bossie), 48.
 kareehout, 48.
 karie(wortel), 47.
 karoobossie, 92.
 karoodoring, 92.
 karoohout, 92.
 katjiepiering, 26.
 katstert, 41.
 kersbos, 72, 86.
 kershout, 72.
 keurboom, 20.
 kieriehout, 86.

klawersuring, 15.
 kliphout, 73.
 knolle, 90.
 knophout, 90.
 knoppiebossie, 90.
 knoppiehout, 90.
 ko, 46.
 koek(e)makranka, 45.
 kokerboom, 68.
 komaro, 46.
 komassie(hout), 48.
 kombro, 46.
 kouboom, 48.
 kraaibos, 68.
 kraalbos, 67.
 krekelwortel, 33, 34.
 kreupelboom, 33.
 kreupelhout, 33.
 krotjie, 94.
 kruisbessie, 88.

L

Lepelboom, 33.
 lepelhout, 33.

M

Maartblom, 93.
 maerman(netjie), 89.
 malgif, 68.
 massaniehout, 79.
 matjiesgoed, 67.
 melkbos, 72.
 melkhout(boom), 72.
 moederhartslag, 74.
 moerbossie, 87.
 moerwortel, 66.
 muskuskruid, 40.

N

Na-boom, 79.
 nagskade, 40.
 namakwaskoring, 66.
 nenta(bossie), 48.

nieshout, 73.
 noem-noem, 47.
 nokka, 47.
 nooiensboom, 88.
 noordse-kul, 71.
 noorsdoring, 71.
 norra, 47.
 norretjie, 47.
 nuwejaarsafrikaner, 93.

O

Oliewenhout, 15.
 olifantsdoring, 90.
 olifantsgras, 70.
 olifantsvoet, 70.
 outeniekwasgeelhout, 92.

P

Palmiet, 25.
 papierblom, 41.
 papkuil, 19.
 pendoring, 90.
 penwortel, 72.
 peperbossie, 72.
 perdekopok, 73.
 pisgoed, 68.
 pisgras, 68.
 platdoring, 90.
 platkroonboom, 89.
 postelein, 40.
 pylhout, 31.
 pypie, 89.

R

Raapuntjie, 66.
 rabassie, 94.
 renosterbos, 31, 32.
 rivierdoring, 73.
 rooibas, 41.
 rooiblaar, 92.
 rooidoring, 41.
 rooi-els, 16.
 rooihout(boom), 41.
 rooipeer, 73.
 rosyntjehout, 72.

S

Saffraanhout, 42.
 sagtematjiesgoed, 91.
 saliehout, 89.
 sambreelboom, 88.
 sampioen, 40.
 sandkoekmakranka, 73.
 sandolien(hout), 73.
 seebamboes, 6.
 seeboontjie, 87.
 seekraal, 40.
 seetrompet, 5.
 sewejaartjie, 20.
 silwerboom, 19.
 skaapdrolletjie, 88.
 skilpadbessie, 88.
 slangbos, 69.
 slanghout, 33.
 slangwortel, 86, 90.
 smalblaar, 33.
 soetmaling, 26.
 soetgras, 91.
 soethoutbossie, 91.
 spekboom, 32, 72.
 spekbos(sie), 72.
 spekhout, 32.
 spurrie, 40.
 sterretjie, 41.
 stertpeper, 42.
 stinkgras, 91.
 stinkhout, 18.
 stinkkruid, 91.
 suikerbos, 67.
 suikerkan, 75.
 suring, 15.
 suurbessie, 88.
 swartbas(boom), 33.
 swarthout, 73.
 swartysterhout, 18, 73.
 sybas, 91.
 syblom, 73.
 sytjie, 91.

T

Taaibos, 91.
 tamboekiegras, 92.

tandpynbessie, 86.
 tap-aalwyn, 86.
 tatgaai, 47.
 tjiengerientjee, 73.
 tontelblom, 67.
 trompet, 5.
 tulpboom, 66.

U

Uintjie, 15.

V

Vaalblaar, 92.
 vaderlandsriet, 31, 32.
 vaderlandswilger, 89.
 varkblaar, 93.
 varkblom, 93.
 vel(d)skoen, 70.
 vieruurtjie, 42.
 vingerpól, 89.
 vinkelwortel, 66.
 vlakdoring, 90.
 vlieëbos, 67.
 voëlent, 69.
 voëlstront, 69.
 vrouehaar, 40.
 vyebossie, 75.
 vygie, 75.

W

Waboom(hout), 33.
 wag-'n-bietjie, 70.
 wasbesboom, 86.
 waterlelie, 66.
 wateruintjie, 66.
 watervyg, 34.
 weerhaakdoring, 70.
 wildeals, 74.
 wildeamandel, 16.
 wildeappelkoos, 74.
 wildeaspersie, 15.
 wildedadel, 93.
 wildedagga, 74.

wildedruive, 74.
 wildegars, 74.
 wildegranaat, 93.
 wildekalbas, 93.
 wildekapok, 74.
 wikdekarmonk, 74.
 wildekastaiing, 16.
 wildekatjeepering, 74.
 wildekeur, 74.
 wildeklapperneut, 93.
 wildeknoffok, 15.
 wildekoffie, 93.
 wildekomkommerr, 74.
 wildelook, 15.
 wildemoerbeii, 74.
 wildemosterd, 15.
 wildenaelboom, 34
 wildeolyf, 15.
 wildepeer, 16.
 wildepeper, 42.
 wildepiesang, 93.
 wildepruim, 93.
 wikderabas, 94.
 wilderog, 73.
 wilderoosmaryn, 74
 wilderottang, 93.
 wildespinasie, 15.
 wildesuring, 15.
 wildetabak, 93.
 wildevlier, 16.
 wildevy, 30.
 wildevyebroom, 74.
 wilgenhout, 15.
 wit(te)broom, 73.
 wtdoring, 90.
 wit-els, 16.
 witgatbroom, 92.
 witgras, 73.
 without, 91.
 witpeer, 91.
 witysterhout, 18, 91.
 wolwegif, 67.
 wolwegifboontjie, 87.

Y

Ysterhout, 17.
 ystervarkwortel, 69.

